# DIE VERHOUDING
# GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES EN DIE DIENSWERK VAN DIE DIAKENS: 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE STUDIE. MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE *"SEWE"* (HANDELINGE 6)

Ockert Jacobus Struwig
BSc.; B.Sc. Honns.; Honns. B.Th.; M.Div.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Theologiae in Pastoraal aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof.Dr. B.J. de Klerk

Potchefstroom

2004

# VOORWOORD

Al my dank en eer aan ons hemelse Vader onder wie se leiding hierdie studie onderneem en voltooi is. My bede is dat elkeen wat deel is van die *gemeenskap van gelowiges* hoe langer hoe meer as ware dissipels in die voetspore van die grootste *Diakonos* ooit mag wandel.

'n Woord van opregte dank aan Prof. Ben de Klerk wat met groot geduld my studie verryk het met sy praktiese raad en leiding. Ons gesprekke was altyd stimulerend en u vriendelike optrede was 'n bron van motivering. Ek erken hiermee u aandeel in my studie en veral die wyse waarop u my werk vinnig en deeglik hanteer het.

Met dieselfde deeglikheid, in 'n beperkte tyd, het Willie Cloete my taalversorging gedoen. Sy naam moet met groot dankbaarheid hierin vermeld word.

Sonder al die gebede van my ouers en skoonouers, ander familie en vriende sou hierdie werk nie voltooi kon word nie. God het elkeen van julle gebede gehoor en hierdie is die vrug daarvan. Baie dankie.

In die besonder wil ek my vrou, Sanette en my twee seuns Ockert en Düter bedank vir hulle ondersteuning en geduld met my die afgelope 5 jaar, maar veral in die druktyd met my skripsie. Julle is my grootste gawe van God. Sonder julle liefde en aanvaarding sou hierdie werk kleurloos n geurloos gewees het. Ek dra met groot dank, teenoor ons hemelse Vader, hierdie werk aan julle op.

Ockie Struwig
Potchefstroom
2004

***vir Sanette, Ockert en Düter***

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1: INLEIDING


| | | |
|---|---|---|
| **1.1** | **TITEL** | 1 |
| **1.2** | **ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING** | 1 |
| **1.2.1** | **Oriëntering** | 1 |
| 1.2.1.1 | *Dalende lidmaatgetalle maak die studie noodsaaklik* | 1 |
| 1.2.1.2 | *Die onderlinge verbondenheid binne die gemeenskap van gelowiges is 'n brandende Prakties Teologiese ondersoekveld* | 3 |
| 1.2.1.3 | *Resente navorsing op hierdie terrein* | 4 |
| **1.2.2** | **Probleemstelling** | 6 |
| **1.2.3** | **Doelstelling** | 7 |
| **1.3** | **SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT** | 7 |
| **1.4** | **METODOLOGIE** | 8 |
| **1.5** | **VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING** | 8 |
| **1.6** | **SKEMATIESE VOORSTELLING OM DIE VERHOUDING TE LAAT BLYK** | 9 |


## HOOFSTUK 2 : BASISTEORETIESE BEGINSELS


| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **INLEIDING** | 10 |
| **2.2** | **DEFINISIEBEPALING VAN TERME** | 11 |
| **2.2.1** | **Woordontledings** | 11 |
| 2.2.1.1 | *Koinonia* | 11 |
| 2.2.1.1.1 | Samevatting van die definisiebepaling van die term *koinonia* | 13 |
| 2.2.1.2 | *Diakonia* | 13 |
| 2.2.1.2.1 | Samevatting van die definisiebepaling van die term *diakonia* | 15 |
| 2.2.1.3 | *Diakonos* | 16 |
| 2.2.1.3.1 | Samevatting van die definisiebepaling van die term *diakonos* | 18 |

| | | |
|---|---|---|
| **2.2.2** | **Oorsigtelike eksegetiese perspektiewe uit die Skrif** | 18 |
| **2.2.2.1** | **Oorsigtelike eksegetiese perspektiewe uit die Ou Testament** | 18 |
| 2.2.2.1.1 | Gemeenskap van die heiliges (*koinonia*) | 18 |
| 2.2.2.1.1.1 | Samevatting van die openbaring oor die terme *koinonia* uit die Ou Testament | 19 |
| 2.2.2.1.2 | Diens of diensbaarheid (*diakonia*) | 19 |
| 2.2.2.1.2.1 | Samevatting van die openbaring oor die terme diens of diensbaarheid (*diakonia*) uit die Ou Testament | 20 |
| 2.2.2.1.3 | Dienskneg (*diakonos*) | 20 |
| 2.2.2.1.3.1 | Samevatting van die openbaring oor die terme *diakonos* uit die Ou Testament | 21 |
| 2.2.2.1.4 | Samevattende gevolgtrekking van die openbaring van die terme *koinonia*, *diakonia* en *diakonos* uit die Ou Testament | 21 |
| **2.2.2.2** | **Oorsigtelike eksegetiese perspektiewe uit die Nuwe Testament** | 22 |
| 2.2.2.2.1 | Gemeenskap van die heiliges (*koinonia*) | 22 |
| 2.2.2.2.1.1 | Samevatting van die openbaring oor die terme *koinonia* uit die Nuwe Testament | 24 |
| 2.2.2.2.2 | *Diakonia* | 24 |
| 2.2.2.2.2.1 | Samevatting van die openbaring oor die terme *diakonia* uit die Nuwe Testament | 25 |
| 2.2.2.2.3 | *Diakonos* | 25 |
| 2.2.2.2.4 | Samevatting van die openbaring oor die terme *diakonos* uit die Nuwe Testament | 26 |
| 2.2.2.2.5 | Samevatting van die openbaring oor die terme *koinonia*, *diakonia* en *diakonos* in die Nuwe Testament | 26 |
| 2.2.2.2.6 | Omvattende samevatting van die openbaring van die terme *koinonia*, *diakonia* en *diakonos* uit die Ou- en Nuwe Testamente | 27 |
| **2.3** | **HANDELINGE 6 EN DIE INSTELLING VAN DIE DIAKENAMP** | 27 |
| 2.3.1 | Verkiesing van sewe Griekse manne | 29 |
| 2.3.2 | Die gebruik van die getal "Sewe" in Handelinge 6 en die res van die Nuwe Testament | 29 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.3 | Samevatting van Handelinge 6 en die gebruik van die getal "sewe" in die res van die Nuwe Testament | 31 |
| **2.4** | **GEBRUIK VAN DIE TERME IN DIE KERKGESKIEDENIS EN KERKLIKE TRADISIE** | 31 |
| **2.4.1** | **Middeleeuse verval voor die Reformasie** | 31 |
| 2.4.1.1 | *Die diakonaat in Rome* | 31 |
| 2.4.1.2 | *Die diakonaat in Klein-Asië en Noord-Afrika* | 35 |
| 2.4.1.3 | *Die diakonaat in die Middeleeue* | 36 |
| 2.4.1.4 | Samevatting van die Middeleeuse verval van die diakonaat tot voor die Reformasie | 37 |
| **2.4.2** | **Die Reformasie** | 38 |
| 2.4.2.1 | *Luther* | 38 |
| 2.4.2.2 | *Calvyn en andere* | 39 |
| 2.4.2.3 | Samevatting van die Reformasie | 41 |
| **2.4.3** | **Ontwikkelinge in die tydperk na Calvyn tot vandag** | 42 |
| 2.4.3.1 | *Die diakonie in die negentiende eeu* | 42 |
| 2.4.3.2 | *Die diakonie in die twintigste eeu* | 42 |
| 2.4.3.3 | *Die GKSA* | 42 |
| 2.4.3.4 | Oorsigtelike samevatting oor die tydperk na Calvyn tot vandag | 45 |
| **2.5** | **FINALE SAMEVATTING** | 46 |
| **2.6** | **BASISTEORETIESE BEGINSELS** | 48 |


**HOOFSTUK 3 : METATEORETIESE PERSPEKTIEWE**


| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **INLEIDING** | 49 |
| **3.2** | **LITERATUURSTUDIE OOR DIE RAAKVLAKKE TUSSEN DIE SOSIOLOGIE EN DIE GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES** | 50 |
| 3.2.1 | *Individualisme* | 52 |
| 3.2.2 | *Kommunalisme* | 54 |
| 3.2.3 | Samevatting oor die raakvlakke tussen die sosiologie en die | 55 |

| | | |
|---|---|---|
| | gemeenskap van die gelowiges | |
| **3.3** | **LITERATUURSTUDIE OOR DIE RAAKVLAKKE TUSSEN MAATSKAPLIKE WERK EN DIE AMPSWERK VAN DIE DIAKEN** | 57 |
| 3.3.1 | Samevatting oor die raakvlakke tussen maatskaplike werk en die ampswerk van die diaken | 59 |
| **3.4** | **LITERATUURSTUDIE OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERHOUDING GEMEENSKAP VAN GELOWIGES EN DIE DIENSWERK VAN DIE DIAKENS IN DIE GKSA VAN 1927-1979.** | 60 |
| 3.4.1 | *Sinodebesluite* | 61 |
| 3.4.2 | Samevatting oor die ontwikkeling van die verhouding gemeenskap van gelowiges en die dienswerk van die diakens in die GKSA van 1927-1979 | 66 |
| **3.5** | **PERSPEKTIEWE OP DIE HEDENDAAGSE TOEPASSING VAN DIE TERME** | 67 |
| 3.5.1 | Samevatting oor die hedendaagse toepassing van die terme | 68 |
| **3.6** | **FINALE SAMEVATTING OOR DIE LITERATUURSTUDIE** | 69 |
| **3.7** | **EMPIRIESE STUDIE OOR DIE VERBAND WAT DAAR BESTAAN TUSSEN DIE GEMEENSKAP VAN GELOWIGES (*KOINONIA*) EN DIE DIAKONIE MET 'N TOESPITSING OP DIE DIENSWERK VAN DIE DIAKENS** | 70 |
| **3.7.1** | **Inleiding** | 70 |
| **3.7.2** | **Teorie vir empiriese navorsing** | 71 |
| **3.7.3** | **Metodiek** | 72 |
| 3.7.3.1 | *Vrae oor: Die gemeente as gemeenskap van gelowiges* | 73 |
| 3.7.3.2 | *Vrae oor: Die dienswerk van die diakens* | 74 |
| 3.7.3.3 | *Vrae aan: Die diakens* | 74 |
| **3.7.4** | **Terugvoer** | 75 |
| 3.7.4.1 | *Verwerking van terugvoer* | 75 |
| 3.7.4.1.1 | *Die gemeente as gemeenskap van gelowiges* | 75 |
| 3.7.4.1.2 | *Die dienswerk van die diakens* | 85 |
| 3.7.4.1.3 | *Die diakens* | 89 |

| | | |
|---|---|---|
| **3.7.5** | **Samevattende gevolgtrekking na aanleiding van die empiriese studie** | 91 |
| **3.8** | **SAMEVATTENDE METATEORETIESE PERSPEKTIEWE** | 93 |


**HOOFSTUK 4 : PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE**


| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | **INLEIDING** | 96 |
| **4.2** | **RIGLYNE OM DIE VERBAND TUSSEN DIE TERME *KOINONIA* EN *DIAKONIA* IN DIE DIENSWERK VAN DIE DIAKEN TE KONKRETISEER** | 97 |
| **4.2.1** | **'n Beter verstaan van die begrip *koinonia*** | 97 |
| 4.2.1.1 | Basisteoretiese vertrekpunt | 97 |
| 4.2.1.2 | Metateoretiese perspektiewe | 98 |
| 4.2.1.3 | Praktykteoretiese riglyne om die verstaan van die term *koinonia* te konkretiseer | 99 |
| 4.2.1.3.1 | *Algemene riglyne* | 99 |
| 4.2.1.3.2 | *Besondere riglyne* | 101 |
| **4.2.2** | **'n Beter verstaan van die term *diakonia*** | 104 |
| 4.2.2.1 | Basisteoretiese vertrekpunt | 104 |
| 4.2.2.2 | Metateoretiese perspektiewe | 105 |
| 4.2.2.3 | Praktykteoretiese riglyne om die verstaan van die term *diakonia* te konkretiseer | 106 |
| 4.2.2.3.1 | *Algemene riglyne* | 106 |
| 4.2.2.3.2 | *Besondere riglyne* | 107 |
| **4.2.3** | **'n Beter verstaan van die term *diakonos*** | 108 |
| 4.2.3.1 | Basisteoretiese vertrekpunt | 108 |
| 4.2.3.2 | Metateoretiese perspektiewe | 109 |
| 4.2.3.3 | Praktykteoretiese riglyne om die verstaan van die term *diakonos* te konkretiseer | 110 |
| 4.2.3.3.1 | *Algemene riglyne* | 110 |

4.2.3.3.2 *Besondere riglyne* 110

**4.2.4 'n Beter verstaan van Handelinge 6 en die instelling van die diakenamp** 112

4.2.4.1 Basisteoretiese vertrekpunt 112

4.2.4.2 Praktykteoretiese riglyne om die rol van Handelinge 6 en die instelling van die diakenamp te konkretiseer 113

**4.3 SAMEVATTENDE RIGLYNE** 115

**HOOFSTUK 5 : SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING**

**5.1 INLEIDING** 118

**5.2 FINALE GEVOLGTREKKING** 124

**5.3 TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK** 127

**UITTREKSEL** 128

**ABSTRACT** 129

**SLEUTELTERME / KEY WORDS** 130

**BIBLIOGRAFIE** 131

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## 1.1 TITEL

Die verhouding gemeenskap van die gelowiges en die dienswerk van die diakens: 'n prakties-teologiese studie.
Met spesifieke verwysing na die *"sewe"* (Handelinge 6)

[Sleutelterme: *Gemeenskap van die gelowiges, koinonia, diakonia, "sewe" en Handelinge 6*]

## 1.2 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Oriëntering

1.2.1.1 Dalende lidmaatgetalle maak die studie noodsaaklik

'n Siek liggaam kan nie normaal funksioneer nie. Eerstens is daar geen ontwikkeling en groei nie, en tweedens kwyn so 'n liggaam totdat die dood uiteindelik intree.

'n Kerk wat krimp, is soos 'n siek liggaam.

Die gemeente wat in Handelinge (2:42-47) beskryf word, toon tipiese kenmerke van 'n kerngesonde liggaam. 'n *Liggaam van Christus* waarin daar ontwikkeling en groei plaasvind *omdat die Here elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg het*. 'n Groeiende kerk.

Volgens Handelinge 2:42 is daar vier kenmerke teenwoordig wat verantwoordelik was vir die kerngesonde toestand van die eerste gemeente. Volharding in:

a. die leer van die apostels,
b. die onderlinge verbondenheid,

c. die gemeenskaplike maaltyd,
d. die gebede (Venter, 1996:51).

Teenoor die groeiende kerk wat in Handelinge 2 beskryf word, is lidmaatgetalle in die tradisionele kerke (*mainline churches*) besig om af te neem (Van Heyningen, 1999:1). Hierdie dalende tendens van 3% per jaar is reeds deur Buchanan en Hendriks (1995:24) aangetoon in die tydperk 1980-1991. Volgens Van Schaik (2004:18) duur die tendens voort en neem die lidmaatgetalle in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die afgelope paar jaar met gemiddeld 1% tot 3 % per jaar af. Die afgelope jaar (2003/2004) het die getalle met 2265 verminder (Almanak, 2004:267) – wat 'n 2,4%-daling verteenwoordig.

In die lig hiervan vra Van Schaik (2004:18) die volgende kritieke vrae:

- Wat is fout?
- Is die probleem net in Suid-Afrika of is dit 'n wêreldwye tendens?
- Leef die Christelike kerk nog sy roeping uit? Meer nog: is die Gereformeerde Kerke nog roepingsgetrou?
- Is die Skrifopdrag van evangelisering nog belangrik?
- Wanneer is 'n kerk nog lewensvatbaar? Wanneer moet 'n kerk sy deure sluit en ontbind?
- Die grootste vraag: wanneer is 'n kerk nog Kerk? (Van Schaik, 2004:18).

Die vraag kan gevra word of bogenoemde vier kenmerke (Hand. 2:42) almal nog aktief en volgehoue in die hoofstroomkerke teenwoordig is. Hierdie studie is dus aktueel vir alle krimpende kerke omdat die bewaring en vermeerdering as opdrag van God deur 'n dalende tendens ondermyn word. Vir die doeleindes van hierdie studie word gefokus op die middelste twee kenmerke, nl. die onderlinge verbondenheid en die gemeenskaplike maaltye.

### 1.2.1.2 Die onderlinge verbondenheid binne die gemeenskap van gelowiges is 'n brandende prakties-teologiese ondersoekveld

Volgens Floor (1976:38) was die gemeente van Handelinge 6 se diepste nood geleë in die bedreiging van die onderlinge gemeenskap *(koinonia)* en die geestelike band tussen die lidmate. Stoflike verwaarlosing sowel as moontlike geestelike verwaarlosing stel die *koinonia* in gevaar deurdat uitsluiting uit die gemeente plaasgevind het. Verbrokkeling van die gemeenskap van die gelowiges het dus die jong gemeente in die gesig gestaar. Die gevolg hiervan is dat 'n *diakonia* (bediening van die tafels) ingestel word.

Tog wys Coetzee (1969:31) daarop dat daar 'n nouer saamhang tussen die terme *arm* (behoeftig, ens.) en *koinonia* (gemeenskap) is as tussen die terme *arm* en *diakonia*. Primêr is *koinonia* (gemeenskap) geestelik van aard: gemeenskap met Jesus Christus, sy dood, sy opstanding, sy Gees – deur die geloof. Hierdie geestelike gemeenskap lei volgens die apostoliese getuienis noodwendig tot 'n openbaring van *koinonia* tussen die gelowiges. Die gelowiges het gemeenskap met mekaar deur hulle gemeenskaplike gemeenskap met Christus. *Koinonia* het dus in sy grondbetekenis 'n sterk aktief-konkrete konnotasie – dit is gemeenskap in die sin van:

- met iemand deel hê aan iets;
- 'n aandeel neem aan iets;
- iemand deelname gee aan iets.

Van Wyk (1982:50) sluit hierby aan en meen dat die gemeente 'n verlossings-, versoenings- en liefdesgemeenskap moet wees. Met ander woorde: waar daar *koinonia* is, is daar gemeenskap in die geloof en ook gemeenskap in die onderlinge saamleef en saambestaan.

Die briewe van Paulus maak ook die verbinding van die kernbegrip *koinonia* met armoede en armversorging (2 Kor. 8 en 9; Rom. 15:25-31; Gal. 2:9-10. 6:6; Fil. 4:10-20).

Die wese van kerkwees hou dus ten nouste verband met die voorsiening in behoeftes van die geloofsgenote, wat aanleiding gee tot die konkrete belewing en uitlewing van die gemeenskap van die geloof deur een Gees. Wanneer gelowiges die behoefte het om deur stoflike skenkings (liefdegawe of guns – charis) konkrete geloofsgemeenskap met geloofsgenote te beoefen (*koinonia*), is daar sprake van 'n *diakonia* – 'n bediening (2 Kor. 8:1-5) (Coetzee, 1969:34).

Die aktualiteit van die studie vir die praktiese teologie is geleë in die vraag: watter invloed het die amp wat in Handelinge 6 ingestel word op die *koinonia*, en hoe raak dit die amp van die diaken? Die omvang van die *prototipe* amp (Venter, 1996:56) in Handelinge 6 moet dus geherinterpreteer word. In die lig hiervan moet die amp van die diaken dus ook opnuut omskryf word en, indien nodig, in die praktyk gewysig word.

1.2.1.3 Resente navorsing op hierdie terrein

Oor die begrip *koinonia* is min beskikbaar. Die mees resente navorsing rondom die terme handel oor die *amp van die diaken.* Hieroor is daar 'n paar Kerkbladartikels geskryf, waaronder: *Vakleerling of diaken?* (Van Nieuwenhuizen, 2002:15), *Moet 'n diaken huisbesoek doen? Hoe?* (Van Wyk, 1995:18), *Huisbesoek: riller of vreugde: Is huisbesoek noodsaaklik?* (Van Wyk, 1994:16). Die artikel wat die naaste aan die onderwerp kom, is die een van Heystek (2002:15), nl. *Die diakens lei die gemeente in sy aksies*. Bitter min werklik wetenskaplike navorsing is egter in hierdie verband gedoen. Wat wel duidelik blyk, is dat daar steeds 'n onverklaarde vaagheid oor die amp van die diaken en die inhoud daarvan bestaan.

Die resente navorsingswerk wat enigsins lig op die onderwerp gee, is dié van Venter (1996:46) wat vanuit die basisteoretiese agtergrond ondersoek instel na die amp van die diaken in noue verband met *koinonia* – die onderlinge liefdesgemeenskap van die gemeente. Hy bring die verhouding tussen *koinonia* en *diakonia* aan die lig en gebruik die term *diakonale gemeente* hiervoor. Tog meen hy dat die basisteoretiese perspektief op die diakonale gemeente roep om nadere praktykteoretiese besinning en vormgewing met die

oog op meerdere toerusting van die gemeente (Venter, 1996:53). Hierdie skripsie het dit ook ten doel.

Artikels van skrywers uit die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk dui ook op die aktualiteit in die ondersoek na die amp van die diaken, alhoewel daar weinig wetenskaplike navorsing in die verband gedoen is.

In sy boek *Gemeentes in transito* maak Burger (1995:40) die stelling dat as die ou struktuur (*societas*) verbrokkel, mense na substitute begin soek. Indien hulle hierdie substitute buite die geloofsgemeenskap vind, kan daar maklik 'n gevoel van onbetrokkenheid en selfs roekeloosheid ontstaan. Hy pleit daarom vir 'n nuwe *sorgsisteem binne die gemeente* – wat 'n groot rol in die voortbestaan van 'n gemeente gaan speel (Burger, 1995:57).

Schwarz (1996:36) sluit in 'n mate by Burger aan wanneer hy sê dat die mens in die nuwe era nie net die kerk wil hoor praat oor die liefde nie, maar dit ook wil ervaar. Mack (1996:viii) sê ook dat daar genoeg onderrig is oor die verhouding van die gelowiges met God. Wat te kort skiet, is die nodige toerusting oor hoe gelowiges onderling in die gemeente moet optree. Burger (1991:110) meen dat die groot struikelblok in egte Christelike *koinonia* 'n tekort aan sterk, kundige en toegewyde leierskap is. Hy meen verder dat die herstel van *koinonia* baie sterk gaan afhang van leiers wat oor die geestelike energie en die nodige kundigheid beskik. Burger (1991:127) sê daarom dat daar 'n hoë mate van konsensus in die Christelike kerk van ons tyd bestaan dat 'n herdefiniëring van die ampte aan die hand van Christus se dienskneggestalte tot groot heil van die Kerk kan wees. Burger (1991:117) meen dat 'n diepgaande studie oor die *"koinonia-skeppende vaardighede"* nodig is om die ongelooflike dinamiek wat in 'n groep bestaan beter te verstaan. Dit is onder andere hierdie punt wat die aktualiteit van hierdie studie bevestig.

In 'n artikel in *Die Hervormer* (Anon., 1998:5) stel die skrywer dat die primêre uitgangspunt, wanneer daar oor die diakens gepraat word, moet wees dat die diaken allereers 'n gelowige lidmaat van die gemeente is. Die klem lê dus daarin dat hy eerstens 'n dienskneg van God, 'n geroepe verteenwoordiger van Jesus Christus is. Die opdrag aan die diaken

kom nie van die diakenvergadering nie, hier behoort hy slegs vas te stel hoe hy sy dienswerk ordelik moet verrig. Ook Smit (2002:1) verwoord die mening van die Nederduitsch Hervormde Kerk dat hulle algaande tot die besef kom dat daar iets van die diakonaat teruggevind moet word in die verstaan van die kerk en van sy taak in hierdie wêreld. Hulle beplan hierdeur ook nuwe toerustingsmateriaal vir die diakens in die kerk. Swanepoel (1996:105) sluit hierby aan deur sy pleidooi vir 'n gedifferensieerde ampsbediening binne die diakonie. Miskien som Oosthuizen (1995:51) die probleem die beste op met sy stelling dat die kerklike diens so goed georganiseerd geraak het dat die ampswerk van die diakonieë in die gemeentes verval het tot 'n blote kollekteeramp.

Aangesien die fokus van hierdie skripsie ook die term *koinonia* insluit, was dit belangrik om te let op Oosthuizen (1995:51) se siening rondom die koinoniale gemeentediakonaat. Volgens hom is dit die handeling van die Drie-enige God in hierdie wêreld waardeur Hy homself aan mense in nood openbaar. Die sondeval het hierdie handeling van God nie net noodsaaklik gemaak nie, maar ook die praktiese toepassing daarvan deur die kerk as instrument aangetas (Rom. 8:19-23). Gevolglik moes die kerk voortdurend waak teen 'n "verwronge" vorm van diakonale diens.

Daar bestaan dus 'n leemte in die resente navorsing wat gedoen is oor die verhouding tussen *koinonia* en *diakonia,* asook die verhouding tussen die gemeenskap van die gelowiges en die amp van die diaken.

### 1.2.2 Probleemstelling

Die sentrale probleemstelling van die studie is:
Wat is die verhouding tussen die gemeenskap van die gelowiges en die dienswerk van die diakens gesien vanuit die perspektief van praktiese teologie?

Die individuele probleme wat in die oplossing hiervan ondersoek word, is die volgende:

- Wat leer die Skrif (gefokus vanuit Handelinge 6) oor die verhouding gemeenskap van die gelowiges en die dienswerk van die diakens?
- Hoe lyk die huidige praktyk in die gereformeerde kerke (gefokus op die GKSA): die verhouding gemeenskap van gelowiges en die dienswerk van die diakens?
- Watter riglyne kan vanuit die Skrif gebied word om die huidige praktyk te verstel en te reformeer?

### 1.2.3 Doelstelling

Die doel van die studie is om riglyne vanuit die Skrif te bied om die verhouding gemeenskap van gelowiges en dienswerk van die diakens in die praktyk te verbeter.

Om hierdie doel te bereik, word die volgende navorsingsdoelwitte gestel:

- Om die sleutelterme (*gemeenskap van die gelowiges, koinonia, diakonia, "sewe" en Handelinge 6*) vanuit die Skrif te definieer en die onderlinge verband met mekaar aan te toon.
- Om die huidige verstaan en gebruik van die terme in die teorie en praktyk te bepaal deur middel van 'n empiriese studie.
- Om vanuit die studie praktiese riglyne saam te stel wat hierdie verhouding moontlik kan verbeter.

## 1.3 SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT

'n Gewysigde siening oor die verhouding gemeenskap van die gelowiges en die diens van die diaken kan lei tot aktiewe *koinonia* in die gemeente en tot 'n vernuwende aksent op die diens van die diakens.

## 1.4 METODOLOGIE

In die metode van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die praktiese teologie ontwerp het. 'n Basisteorie word gevorm uit die teologiese "tradisie". 'n Empiriese studie, gerugsteun deur 'n literatuurondersoek, word gedoen op die huidige stand van sake om 'n blik op die situasie te kry. Hieruit volg 'n poging om praktykteoretiese perspektiewe uit te lig om uiteindelik 'n nuwe of verstelde teorie daar te stel. Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp (Venter, 1992:42-44; 1996:198-200; Heyns & Pieterse, 1990:38-39).

- Basisteoreties gaan 'n analise en interpretasie van die Skrif (gefokus op Handelinge 6) en belydenisskrifte gedoen word. Eksegese gaan volgens die grammatikaal-historiese benadering gedoen word. 'n Kritiese evaluering van literatuur oor die gekose terme se ontwikkeling in die geskiedenis gaan by wyse van 'n literatuurstudie gedoen word.
- Metateoreties gaan die huidige situasie in die gemeentes vasgestel word (by wyse van 'n kwalitatiewe, empiriese ondersoek deur onderhoude aan die hand van 'n vraelys). In elke gemeente gaan persoonlike onderhoude gevoer word met die predikant, 'n ouderling, 'n vroulike lidmaat en vier diakens.
- Praktykteoreties gaan deur die hermeneutiese wisselwerking gepoog word om riglyne vir gemeentes te bied.

## 1.5 VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING

1. Inleiding
2. Basisteorie

2.1 Basisteoretiese perspektiewe op die sleutelterme uit die Skrif

2.2 Basisteoretiese perspektiewe op die sleutelterme vanuit die kerklike tradisie en kerkgeskiedenis

3. Metateoretiese perspektiewe op die sleutelterme soos bepaal deur die empiriese ondersoek

4. Praktykteoretiese perspektiewe op die sleutelterme soos afgelei uit die hermeneutiese wisselwerking tussen teorie en praktyk
5. Samevatting
6. Bibliografie

## 1.6 SKEMATIESE VOORSTELLING OM DIE VERHOUDING TE LAAT BLYK

| Probleemstelling | Doelstellings | Metodologie |
|---|---|---|
| Wat leer die Skrif (gefokus vanuit Handelinge 6) oor die verhouding gemeenskap van die gelowiges en die dienswerk van die diakens? | Basisteoreties gaan 'n analise en interpretasie van die Skrif (gefokus op Handelinge 6) en belydenisskrifte gedoen word. Eksegese gaan volgens die grammatikaal-historiese benadering gedoen word. 'n Kritiese evaluering van literatuur oor die gekose terme se ontwikkeling in die geskiedenis gaan by wyse van 'n literatuurstudie gedoen word. | Basisteoreties gaan 'n analise en interpretasie van die Skrif (gefokus op Handelinge 6) en belydenisskrifte gedoen word. Eksegese gaan volgens die grammatikaal-historiese benadering gedoen word. 'n Kritiese evaluering van literatuur oor die gekose terme se ontwikkeling in die geskiedenis gaan by wyse van 'n literatuurstudie gedoen word. |
| Hoe lyk die huidige praktyk in die gereformeerde kerke (gefokus op die GKSA): die verhouding gemeenskap van gelowiges en die dienswerk van die diakens? | Om die huidige verstaan en gebruik van die terme in die teorie en praktyk te bepaal deur middel van 'n empiriese studie. | Metateoreties gaan, by wyse van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek deur onderhoude aan die hand van 'n vraelys, die huidige situasie in die gemeentes vasgestel word. |
| Watter riglyne kan vanuit die Skrif gebied word om die huidige praktyk te verstel en te reformeer? | Om vanuit die studie praktiese riglyne saam te stel wat hierdie verhouding moontlik kan verbeter. | Praktykteoreties gaan deur die hermeneutiese wisselwerking gepoog word om riglyne vir gemeentes te bied. |

# HOOFSTUK 2
# BASISTEORETIESE BEGINSELS

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan die basisteoretiese beginsels op die sleutelterme daargestel word.

Eerstens gaan die terme afsonderlik ontleed word deur elke term binne konteks te ontleed en 'n woordstudie daarvan te doen. Daar gaan van woordeboeke en leksikons gebruik gemaak word om 'n sinvolle betekeniswaarde aan die terme te koppel.

In die tweede plek gaan die gebruik van die terme in die Ou en Nuwe Testament eksegeties oorsigtelik ondersoek word. Die gebruik van die terme gaan deur middel van konkordansies en kommentare nagespeur word – telkens met inagname van konteks.

In die derde plek gaan die gebruik en toepassing van die terme in die kerkgeskiedenis aan die hand van 'n literatuurstudie ondersoek word. Dit is noodsaaklik aangesien die kerkgeskiedenis grootliks beïnvloed is deur die verval in die Middeleeue en die Reformasie wat daarop gevolg het. Die studie is toegespits op die gebruik en toepassing van die terme in die huidige omstandighede en stel die ontwikkeling vanaf die Reformasie – met Calvyn as hooffiguur – tot vandag aan die orde.

Dit is nodig om die sleutelterme sodanig te ontleed en te evalueer ten einde sinvolle basisteoretiese riglyne te formuleer.

## 2.2 DEFINISIEBEPALING VAN TERME

### 2.2.1 Woordontledings


#### 2.2.1.1 *Koinonia* (κοινωνία)

Eksegese Handelinge 2:42

| | |
|---|---|
| 42 Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die *onderlinge verbondenheid*, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede | 42 ἦσαν δὲ προσκαρτεροῦντες τῇ διδαχῇ τῶν ἀποστό λων καὶ τῇ *κοινωνίᾳ*, τῇ κλάσει τοῦ ἄρτου καὶ ταῖς προ σευχαῖς. |

Ontleding

| | | | |
|---|---|---|---|
| 42 ἦσαν | Impf.ind.akt.3.mv. | εἰμί | Hulle het |
| δὲ | Voegwoord | | |
| προσκαρτεροῦντες | Praes.Part.akt.Nom.ml.mv. | προσκαρτερέω | Hulle heelhartig toegelê |
| τῇ διδαχῇ | Dat.vr.enkl. | διδαχῇ | op die leer |
| τῶν ἀποστόλων | Gen.ml.mv. | ἀπόστολος | van die apostels |
| καὶ | Voegwoord | | en |
| τῇ κοινωνίᾳ, | Dat.vr.enkl. | κοινωνία | die verbondenheid |
| τῇ κλάσει | Dat.vr.enkl. | κλάσις | die breking |
| τοῦ ἄρτου | Gen.ml.enkl. | ἄρτος | van die brood |
| καὶ | Voegwoord | | en |
| ταῖς προσευχαῖς. | Dat.vr.mv | προσευχή | die gebede |




[1] Kommentaar: In die Grieks word die onderlinge verbondenheid (κοινωνία) en die gebede (προσευχαῖς.) slegs deur een voegwoord (καὶ) geskei. Die breking van die brood (τῇ κλάσει τοῦ ἄρτου) sou dus as uitbreiding van

Swanson (1997:3126) beskryf (κοινωνία)(s.nw. vroulik) in die lig van die volgende tekste soos volg:

- 1 Johannes 1:3, 1 Kor. 1:9 – gemeenskap (naby gemeenskaplike assosiasie)
- 2 Korintiërs 8:4 – deel (deelneming)
- Romeine 15:26 – vrywillige bydrae (geskenk)

Louw en Nida (1996) brei hierop beskrywend uit:
Domein 34 - **"Association"**
Subdomein 34.1–34.21 – "Associate"

- (34.5) 'n assosiasie bestaande uit 'n gemeenskaplike verhouding en betrokkenheid.

Domein 57 - **"Possess, Transfer, Exchange"**
Subdomein 57.1 – 57.21 "Have, Possess, Property, Owner"

- (57.9) om besittings met mekaar te deel deur gesamentlike deelname,

Subdomein 57.71 – 57.124 "Give"

- (57.101) die vrywillige gawe deur bydrae.

Strong (1996:2842) meen die beginsels van *"fellowship, communion, communication, distribution* en *contribution"* word in die begrip vervat. Els (2001) vertaal dit met *gemeenskap, deel, mededeelsaamheid, bydrae, medewerker, saamwerk, verbondenheid en verenig.*

Volgens De Klerk (1986:7) is *koinonia* 'n Nuwe-Testamentiese term wat ten diepste wys op die deelgenootskap of die mededeelsaamheid as wesenstrek van die gemeente as gemeenskap van die heiliges.

Coetzee (1969:31) reken dat *koinonia* na sy grondbetekenis 'n sterk aktief-konkrete konnotasie het: Dit is gemeenskap in die sin van:

---

die *koinonia* kon dien en nie afsonderlik staan soos wat dikwels aanvaar word nie. Na my mening plaas dit meer klem op die term *koinonia* in hierdie chiastiese struktuur.

- met iemand deel hê aan iets,
- 'n aandeel neem aan iets,
- iemand deelname gee aan iets.

2.2.1.1.1 Samevatting van die definisiebepaling van die term *koinonia*

Dit is duidelik dat die begrip *koinonia* dui op 'n interaksie tussen mense in terme van geestelike (nie-fisiese) en/of stoflike (fisiese) goedere. Om werklik hierdie interaksie te beleef, behoort *gegee* én *geneem* te word. Daar is dus nie net diegene wat gee en ander wat ontvang nie. Dit is 'n wederkerige *gee* en *neem*. Wat gegee en wat geneem word, behoort nie altyd dieselfde "iets" te wees nie.

2.2.1.2 *Diakonia* (διακονία)


Eksegese Handelinge 6:1

| | |
|---|---|
| 1 In daardie tyd, toe die gelowiges nog steeds meer geword het, het daar teen die Hebreeussprekendes klagtes gekom van die Grieksprekendes dat hulle weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep word. | 1 Ἐν δὲ ταῖς ἡμέραις ταύταις πληθυνόντων τῶν μαθητῶν ἐγένετο γογγυσμὸς τῶν Ἑλληνιστῶν πρὸς τοὺς Ἑβραίους, ὅτι παρεθεωροῦντο ἐν τῇ διακονίᾳ τῇ καθημερινῇ αἱ χῆραι αὐτῶν. |

Ontleding

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 Ἐν | Voorsetsel.dat. | | in |
| δὲ | Voegwoord | | en |
| ταῖς ἡμέραις | Dat.vr.mv. | | die dae |
| ταύταις | Dat.vr.mv. | | daardie |
| πληθυνόντων | Praes.part.akt.Gen.ml.mv. | πληθύνω | terwyl hulle vermeerder |
| τῶν μαθητῶν | Gen.ml.mv. | | die dissipels |
| ἐγένετο | Aor.ind.mid.3.enkl. | γίνομαι | was daar |
| γογγυσμὸς | Nom.ml.enkl. | | klagtes |
| τῶν Ἑλληνιστῶν | Gen.ml.mv. | | van die Helleniste |
| πρὸς | Akk. | | teen |

| | | | |
|---|---|---|---|
| τοὺς Ἑβραίους, | Akk.ml.mv. | | die Hebreërs |
| ὅτι | Voegwoord | | omdat |
| παρεθεωροῦντο | Impf.ind.pass.3.mv. | παραθεωρέω | hulle afgeskeep is |
| ἐν τῇ διακονίᾳ | Dat.vr.enkl. | | in die bediening |
| τῇ καθημερινῇ | Dat.vr.enkl. | | die daaglikse |
| αἱ χῆραι | Nom.vr.mv. | | die weduwees |
| αὐτῶν. | Gen.ml.mv. | | van hulle |




Swanson (1996) beskryf διακονία (s.nw. vroulik) in die lig van die volgende tekste soos volg:

- Openbaring 2:19 – diens,
- Handelinge 20:24 – bediening,
- Handelinge 6:1 – voorsiening, bydrae,
- Lukas 10:40 – bediening van tafels.

Louw en Nida (1996) brei soos volg uit op hierdie term:

Domein 35 – **"Help, Care For"**

Subdomein 35.19-35.30 "Serve" en brei hierop beskrywend uit en verklaar *diakonia* as:

- (35.19) om hulp te verleen deur sekere take te verrig, om te bedien, om te help,
- (35.21) om 'n posisie te beklee met die oog op 'n bediening (ministry, task).

Subdomein 35.36-35.46 "Care For, Take Care Of" word beskryf as:

- (35.38) 'n proses om voorsiening te maak vir die behoeftes van ander of om ondersteuning te organiseer.

Domein 46 - **"Household Activities"**
Subdomein 46.1-46.19 "Household Activities"

- (46.13) om kos te bedien aan diegene wat aan tafel sit en eet, (*kelner, waiter*).

Domein 57 - **"Possess, Transfer, Exchange"**
Subdomein 57.71–57.124 "Give"

- (57.119) 'n diens, geld gegee om iemand in nood te help.

Die Grieks-Afrikaanse Woordeboek van Els (2001) gee die volgende vertalingsmoontlikhede: bediening, dien, diens, diensbetoning, versorging, bedien, dienswerk, maak, hulpverlening, werk, diensvaardigheid, hulp, hulpfonds, opdrag, taak.

2.2.1.2.1 Samevatting van die definisiebepaling van die term *diakonia*

Dit is duidelik dat die betekenis van *diakonia* 'n hulp- of dienskarakter het. 'n Diens in die sin van iets gee om ander te laat deel (bv. kelner) of iets opoffer om ander te help (bv. versorg). Daar is dus gewillige gewers of helpers en daar is ontvangers. *Diakonia* vereis inspanning en opoffering. In 'n huisgesin kan *diakonia* tipies verwys na tafelbediening.


2.2.1.3 *Diakonos* (διάκονος)

Eksegese 1 Timoteus 3:12

| | |
|---|---|
| 12 'n Diaken moet aan sy vrou getrou wees en sy kinders en sy eie huisgesin goed beheer. | 12 διάκονοι ἐστωσαν μιᾶς γυναικὸς ἄνδρες, τέκνων καλῶς προϊστάμενοι καὶ τῶν ἰδίων οἴκων. |

Ontleding

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12 διάκονοι | Nom.ml.mv. | | diakens |
| ἐστωσαν | Preas.impt.akt.3.mv | εἰμί | hulle moet wees |
| μιᾶς | B.nw. gen.vr.enkl. | | van een |
| γυναικὸς | Gen.vr.enkl. | | vrou |
| ἄνδρες, | Nom.ml.mv. | | mans |
| τέκνων | Gen.ons.mv. | | van kinders |
| καλῶς | Bywoord | | 'n goeie |
| προϊστάμενοι | Preas.part.mid.Nom.ml.mv. | προΐστημι | regeerders |
| καὶ | Voegwoord | | en |
| τῶν | Gen.ml.mv. | | die |
| ἰδίων | B.nw. Gen.ml.mv. | | goeie |
| οἴκων. | Gen.ml.mv. | | huise |




Strong (1996) beskryf διάκονος in die lig van die volgende tekste soos volg:

- Matteus 20:26; Romeine16:1; Efesiërs 6:21; 1 Tessalonisense 3:2 – dienskneg (een wat dien sonder om in die amp van diaken te wees)
- Filippense 1:1; Romeine 16:1; Efesiërs 6:21; 1 Timoteus 3:8,12 – diaken (een wat tot diens moet wees vir die behoefte van gelowiges)

Louw en Nida (1996) brei hierop beskrywend uit en verklaar *diakonos* soos volg:

Domein 35 – **"Help, Care For"**

Subdomein 35.19 – 35.30 "Serve"

- (35.20) 'n persoon , man of vrou, wat 'n diens verrig, 'n dienskneg.

Domein 53 – **"Religious Activities"**

Subdomein 53.66-53.95 - "Roles and Functions"

- (53.67) 'n persoon, man of vrou, wat dien as 'n diaken, met die verantwoordelikheid om te sorg vir die behoeftes van gelowiges.

Die Grieks-Afrikaanse Woordeboek van Els (2001) gee die volgende vertalingsmoontlikhede: dienaar(s), dienares, diaken(s), dien(s), kelners, bedienaars, doen.

2.2.1.3.1 Samevatting van die definisiebepaling van die term *diakonos*

'n Diaken of dienskneg kan 'n persoon, man of vrou, wees wat 'n (geloofs)handeling verrig om iemand te help of te bedien. Hierdie rol kan die persoon se verantwoordelikheid wees uit hoofde van sy of haar aanwysing of nieamptelik as uitvloeisel van sy of haar gesindheid.

**2.2.2 Oorsigtelike eksegetiese perspektiewe uit die Skrif**

**2.2.2.1 Oorsigtelike eksegetiese perspektiewe uit die Ou Testament**

2.2.2.1.1 Gemeenskap van die heiliges (*koinonia*)

Die begrip wat in die Nuwe Testament met *koinonia* aangedui word, kom nie algemeen in die Ou Testament voor nie. In Levitikus 6:2 verwys dit na 'n bydrae (*"deposit"*) en in Jesaja 44:11 verwys dit na *"die byeenkoms om die afgode te aanbid"*. In Spreuke 8:18 (Septuagint) word die woord *koinonia* gebruik om na die deelname in materiële dinge te verwys (Kittel,1995).

Die Hebreeuse begrip *ḥbr* verwys na die samekoms van mense om verskeie redes. Dit dui byna nooit op gemeenskap met God nie.

Hierdie skynbare afwesigheid van God in die gebruik van die term *koinonia* in die Ou Testament dui volgens Kittel (1995) op die onderskeid tussen die Ou-Testamentiese en die Griekse wêreld. Die regverdige in die Ou Testament vertrou op God en glo in Hom, maar beskou Hom nie as 'n kameraad of vennoot (fellow) nie. Dit is miskien waarom die erediens in die Ou Testament eerder dui op 'n afstand as intieme gemeenskap (Deut. 12).

Volgens Strong (1996) verwys die term *koinonia* in die Ou Testament tog na die deelname van 'n Jood (*partner, associate, sharer*) in die offers by die altaar in Jerusalem en hieruit kan deelname aan die erediens afgelei word.

2.2.2.1.1.1 Samevatting van die openbaring oor die begrip *koinonia* uit die Ou Testament

Die openbaring oor die term *koinonia* in die Ou Testament is nie baie duidelik nie. Wat belangrik is, is die feit dat die term wel verwys na die samekoms van mense om verskeie redes. Waar mense saamkom, is daar interaksie. Al was hierdie interaksie moontlik meer geestelik van aard, word daar tog in Spreuke die verbintenis gemaak met die fisiese of stoflike deelname. Die verbondsvolk se absolute eenheid was geleë in hulle aanbiddingsgeleenthede rondom die offerdiens (die erediens omdat God geëer is met hulle offers).

Na my mening gaan die beste beskrywing van die term *koinonia* (soos dit vergestalt word in die gemeenskap van die heiliges) gevind word in wat die Nuwe Testament daaroor openbaar. In 1 Petrus 2:10 word na die gelowiges verwys as "die volk van God". Dit is 'n direkte toespeling op die eiendomsvolk van God in die Ou Testament (Van Wyk, 1982:47).

2.2.2.1.2 Diens of diensbaarheid (*diakonia*)

Die Joodse verstaan van diens of diensbaarheid is een van waardigheid. Vgl. die beloning wat Mordegai van Ahasveros ontvang in Ester 6[2]. Die Septuagint maak voorsiening vir die dieper betekenis van die term en gebruik die sinonieme *leitourgeín, latreúein*, en selfs *douleúein* (Kittel, 1995). Hierdie diensbaarheid is aanvanklik in die Joodse kultus uitgedruk deur die werk van die hoëpriester. Die priesterdiens van die hoëpriester sowel as dié van die ander priesters was, deur God se genade, van groot betekenis vir die verbondslewe van die volk. Die kultiese instellings en voorskrifte is in noue verband geplaas met die verbond. (Helberg, 1976:240). Deur die diens of diensbaarheid van die priester het God

[2] Vir die Grieke was diens of diensbaarheid vernederend omdat hulle geglo het hulle is geskep om te regeer.

versoening met die volk bewerk. Deur die *diakonia* van die priester herstel God die *koinonia* met sy volk.

#### 2.2.2.1.2.1 Samevatting van die openbaring oor die begrip diens of diensbaarheid (*diakonia*) uit die Ou Testament

Die hoëpriester en die ander priesters was die primêre diensknegte van God – met die taak om die *koinonia* tussen God en die volk te herstel. Deur hulle dienswerk (*diakonia*) met die offerdiens het God tot die volk genader en vergifnis verleen aan die sondige verbondsvolk.

#### 2.2.2.1.3 Dienskneg (*diakonos*)

Die woord עֶבֶד (*ebed*) [*Slave, servant*] kom 799 keer in die Ou Testament voor. Alhoewel die mees basiese gedagte rondom die woord verwys na 'n slaaf, was slawerny nie so 'n skrikwekkende begrip in Israel nie. Dit het heel dikwels met regte en vertrouensposisies gepaard gegaan. Daar is na al die onderdane van 'n koning as sy slawe verwys. Dit sluit bediendes, offisiere, amptenare en ambassadeurs in (Gen. 40:20; I Sam. 19:1; II Kon. 22:12; Num. 22:18). Soms het die Israeliete na hulself as slawe verwys en daarmee hul nederige gesindheid en posisie aangedui (Gen. 33:5). Die uitdrukking *"U dienaar / dienskneg"* is veral in die gebed tot God gebruik (Eks. 4:10; Ps. 19:12, 14; 109:28).

Volgens Harris (1990) het die gebruik van die begrip dienskneg meestal 'n Messiaanse inhoud. Die mees prominente gebruik van die begrip word gevind in die laaste sewe-en-twintig hoofstukke van Jesaja. Die begrip word hier twintig keer in die enkelvoud en elf keer in die meervoud gebruik. Twaalf van die twintig kere in die enkelvoud en al elf kere in die meervoud verwys die begrip na die volk Israel. Harris (1990) meen hier moet onderskei word tussen die etniese volk Israel en die geestelike Israel wat deur die verbond met Abraham en Dawid deel geword het van die volk van God. Tog is daar ook duidelike verwysings na die dienskneg wat na Israel toe gestuur word.

Die dienskneg in Jesaja kan daarom beskou word as die volk Israel (wat misluk het as kneg), maar ook as die herstellende Messias.

Tog word die term in die res van die Ou Testament ook op ander persone van toepassing gemaak. Dit word toegepas op Dawid, die Messias van die belofte (Jer. 33:21-22,26; Eseg. 34:23-24; 37:24-25) en Dawid se opvolger, Serubbabel (Hag. 2:23).

Die term word ook gebruik om:

- na al die dienaars van God te verwys, teenoor die dienaars van Baäl en ander afgode,
- enige tempeldiensknegte,
- mense wat God op 'n spesiale manier gedien het, bv. Abraham, Isak, Jakob, Moses, Josua, Kaleb, Dawid, Hiskia, Eliakim en Serubbabel,
- na die profete van God te verwys (my dienaars, sy dienaars, julle dienaars).

2.2.2.1.3.1 Samevatting van die openbaring oor die begrip *diakonos* uit die Ou Testament

Daar is verskeie verwysings na die term *diakonos*. Die term word meestal gebruik om die verhouding van 'n onderdaan teenoor 'n koning aan te toon. In die konteks van die verbondsvolk is God die Koning en elke lid van die volk sy *diakonos*. Tog word hierdie term soms gebruik om meer spesifiek na sekere mense te verwys.

2.2.2.1.4 Samevattende gevolgtrekking van die openbaring van die terme *koinonia*, *diakonia* en *diakonos* uit die Ou Testament

*Koinonia* is in die eerste plek *koinonia* met God. God skep hierdie *koinonia* met die mens deur die mens op te soek en die verhouding met die mens te herstel deur die *diakonia* van die priesteramp. Die priester kan daarom as die *diakonos*, en in hierdie verband as die bedienaar van die *diakonia* en bewerker van die *koinonia*, gesien word. Hy word deur God geroep om as middelaar tussen God en sy volk op te tree. Hierdie term word later in die Ou

Testament spesifiek betrek op die Kneg van die Here. Hy deur Wie God onder sy volk kom woon en sodoende ware *koinonia* bewerk.

### 2.2.2.2 Oorsigtelike eksegetiese perspektiewe uit die Nuwe Testament

2.2.2.2.1 Gemeenskap van die heiliges (*koinonia*)

Die betekeniswaarde wat in die Nuwe Testament aan die term *koinonia* gekoppel word, kan soos volg nader verklaar word:

- Om met iemand deel te hê aan iets (*to share in something*):

  a. Die gemene deler is in:
     - Lukas 5:10 – werk,
     - Hebreërs 2:14 – menslike natuur,
     - 2 Petrus1:4 – Goddelike natuur,
     - Romeine 11:17 – gemeenskaplike samekomste,
     - 2 Korintiërs 6:14 – dieselfde juk (vennootskap),
     - Efesiërs 5:11 – vrugtelose praktyke van die duisternis

  b. Paulus gee aan die term 'n godsdienstige karakter en gebruik die term om die volgende aan te dui:
     - 1 Korintiërs 1:9 – vereniging met Jesus Christus deur die geloof,
     - 1 Korintiërs 9:23 – ter wille van die Evangelie om te deel aan die vrug,
     - Filippense 6 – gemeenskap deur die geloof,

  c. Gemeenskap tydens die Nagmaal is 'n belangrike uitdrukking van die gemeenskap met Christus (1 Kor. 10:16). Volgens Paulus dui die offerfeeste veral op geestelike gemeenskap (vv. 18,20). Die tafelgenote van Christus is ook kamerade van Christus en hulle het deel aan die innerlike gemeenskap deurdat hulle saam eet van die brood en drink van die wyn.

d. Gemeenskap met Christus beteken egter ook dat daar gedeel word in sy vernedering (lewe, lyding en sterwe) en ook sy verhoging (opstanding, hemelvaart en regering) (Rom. 6:8; 8:17; 2 Tim. 2:12).
e. Gemeenskap deur die Gees (2 Kor. 13:13) maak ook deel uit van die gemeenskap van die heiliges met Christus.
f. Gemeenskap met Christus beteken ook gemeenskap met ander gelowiges in 'n geloofsverhouding (Filem. 1:17) en in 'n dienende verhouding (2 Kor. 8:23). Om in die geloof gemeenskap te hê beteken dat daar gedeel word in die swaarkry en die genade (Fil. 1:7; 4:14). Selfs al kry sommige nie swaar nie, deel hulle in die swaarkry van ander (Heb. 10:33).
g. Gemeenskap van die heiliges (*koinonia*) is 'n term wat Johannes in sy eerste brief gebruik om die lewende band wat daar onder Christene bestaan mee te beskryf. Dit begin by gemeenskap tussen die Vader en die Seun (1 Joh. 1:3,6) wat op aarde gehandhaaf word, maar wat volledig sal wees in die hiernamaals (1 Joh. 3:2,24; 4:13). Dit is sigbaar in die gemeenskap van die heiliges hier op aarde (1 Joh. 1:3,7).

- Wanneer iemand 'n aandeel neem of gee aan iets:

Hierdie uitdrukking van die term word gevind in die wederkerige uitdeel van middele (Fil. 4:15; Gal. 6:6). Paulus verwys ook na hierdie uitdrukking van die gemeenskap van die heiliges as hy die Korintiërs bedank vir hulle kollekte vir die gemeente in Jerusalem (2 Kor. 8:4; 2 Kor. 9:13). Dieselfde beginsel van aktiewe deelname (uitdeel) is ook ter sprake in Hebreërs 13:16.

- Kameraadskap:

Galasiërs 2:9 dui op die absolute uitdrukking van die gemeenskap van die heiliges deur hulle gemeenskaplike geloof in Jesus Christus. Die gee van die regterhand is die teken hiervan. Hierdie kameraadskap is ook die kenteken van die eerste Christelike gemeente soos beskryf in Handelinge 2:42. Die term *koinonia* dui hier nie net op die gemeenskap van gelowiges of die gemeenskaplike besit van eiendom

nie, maar ook op die werklike kameraadskap wat daar tussen die gemeenskap van die heiliges bestaan het.

2.2.2.2.1.1 Samevatting van die openbaring oor die begrip *koinonia* uit die Nuwe Testament

Uit bogenoemde is dit baie duidelik dat die betekeniswaarde wat in die Nuwe Testament aan die term *koinonia* gekoppel word in die meeste gevalle geestelik van aard is. Dit gaan oor 'n geestelike eenheid met Jesus Christus en onderling met medegelowiges. In enkele gevalle verwys die term ook na stoflike eenheid. Tog kan die geestelike en stoflike eenheid nie van mekaar geskei word nie. Die antwoord op die vraag watter een eerste kom, blyk duidelik uit die feit dat God eerstens geestelike eenheid met hom vra (gehoorsaamheid), waaruit dan stoflike eenheid (versorging) voortvloei.

2.2.2.2.2 *Diakonia*

Volgens Kittel (1964) is die volgende betekeniswaarde in die Nuwe Testament aan hierdie woord gekoppel:

a. *Diakonia* is om 'n tafel te bedien of, in 'n wyer sin, om liggaamlik na iemand om te sien (Luk. 10:40). So is die toesig by die gemeenskaplike maaltye in die vroeë kerk dan ook 'n *diakonia* genoem (Hand. 6:1).
b. *Diakonia* is enige diens wat in liefde gedoen word tot voordeel van medegelowiges. Byvoorbeeld Stefanus wat sy huis beskikbaar stel vir die gelowiges (1 Kor. 16:15). In Openbaring 2:19 word hierdie diens verryk met die begrippe werke, liefde, geloof en geduld. In Efesiërs 4:11-12 word die apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars genoem wat die gemeente moet toerus vir hulle dienswerk. In 1 Kor. 12:4 word daar na verskeie genadegawes verwys (1 Kor. 12:28). Tog is die prediking (na aanleiding van Handelinge 6:4) ook 'n *diakonia*.
c. *Diakonia* is die uitvoer van sekere pligte of meer spesifieke dienste binne die gemeenskap.

d. Die apostoliese diens (Rom. 11:13; 2 Kor. 4:1; 6:3; 11:8; Hand. 1:17, 25; 20:24).
e. Die evangeliste diens (2 Tim. 4:5).
f. Die aktiwiteite van Markus wat persoonlike diens kombineer met sendingwerk (2 Tim. 4:11).
g. Die aktiwiteite van ampsdraers soos Argippus (Kol. 4:17) (daar is onsekerheid of hy 'n diaken was).
h. *Diakonia* is die insameling van liefdegawes (Rom. 15:31; 2 Kor. 8:1; Hand. 11:29-30) en 'n uitdrukking van ware Christelike liefde.

2.2.2.2.2.1 Samevatting van die openbaring oor die begrip *diakonia* uit die Nuwe Testament

In die term *diakonia* kom die praktiese voortvloeisel van die term *koinonia* na vore. Omdat mense in gemeenskap met mekaar leef, kan daar interaksie wees. Hierdie interaksie word omskryf deur die term *diakonia. Diakonia* kan dus beteken dat medegelowiges na mekaar omsien of dat daar sekere mense aangewys word om toe te sien dat medegelowiges na mekaar omsien. Daar kan in hierdie proses van die aangewysde persone verwag word om hierin voor te gaan of om koördinerend op te tree.

2.2.2.2.3 *Diakonos*

Volgens Kittel (1964) is die volgende betekeniswaardes in die Nuwe Testament aan hierdie woord gekoppel:

1. Die kelner by 'n maaltyd (Joh. 2:5,9).
2. Die dienskneg van 'n meester (Matt. 22:13):
   - 'n Christen is 'n dienskneg van Christus (Joh. 12:26),
   - 'n Christen is een wat dien terwyl hy volg (Mark. 9:35; 10:34; Matt. 20:26; 23:11).
3. Figuurlik – die dienaar van 'n geestelik krag (goed of sleg) (2 Kor. 11:14-15; Ef. 3:6-7; Gal. 2:17). Die aksie van die dienskneg moet tot voordeel van die een wees wat gedien word.

4. Dienaar van die Evangelie. Die apostel is 'n dienaar van Christus. (2 Kor. 11:23) of dienaar van God op 'n besondere manier en met spesiale verantwoordelikhede (2 Kor. 6:3). Paulus gebruik dikwels die woord doulos om na hierdie verhouding te verwys (Rom. 1:1; Tit. 1:1).
5. Deur hulle besondere dienswerk is:
   - Timoteus 'n dienaar van God (1 Tess. 3:1) en Christus (1 Tim. 4:6),
   - Epafras 'n mededienaar (Kol. 1:7) en
   - Tigikus 'n dienaar van God (Ef. 6:1).
6. Selfs heidense regerings is dienaars van God (Rom. 13:1).
7. Paulus noem homself 'n dienaar van die kerk (Kol 1:25) op grond van sy goddelike opdrag. Hy en Apollos is dienaars van God en die kerk (1 Kor. 3:5).

2.2.2.2.4 Samevatting van die openbaring oor die begrip *diakonos* uit die Nuwe Testament

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die term *diakonos* baie wyd in die Nuwe Testament gebruik word. Om vanuit die enkele Skrifgegewens die term te gebruik om bloot na armversorging of 'n barmhartigheidsdiens te verwys, sou neerkom op 'n absolute verskraling van die term. Na my mening behoort die term in die ruimer sin gebruik te word – vanuit die verbintenis wat dit met die woord *diakonia* het.

2.2.2.2.5 Samevatting van die openbaring oor die terme *koinonia*, *diakonia* en *diakonos* in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament word die terme *koinonia*, *diakonia* en *diakonos* veral gebruik om die verhoudinge in die *ekklesia* (die kerk van Christus) te tipeer. Dit handel primêr oor 'n geestelike verbintenis wat in stand gehou word deur die dienswerk van verskeie mense. Hierdie mense kan bloot medegelowiges wees wat deur hul liefde vir Christus gedryf word om mekaar te bedien (geestelik en stoflik) of dit kan mense in spesifieke ampte wees wat self bedien of toesien dat die gelowiges mekaar onderling bedien.

2.2.2.2.6 Omvattende samevatting van die openbaring van die terme *koinonia*, *diakonia* en *diakonos* uit die Ou en Nuwe Testamente

God is die bewerker van *koinonia*. Hy soek die sondeverlore mens op en tree in 'n nuwe verhouding met hom. Vanuit hierdie verhouding met God kyk die mens ook met nuwe oë na die wêreld rondom hom. Die eerste wat hierdie mens raaksien is diegene wat saam met hom in dieselfde verhouding met God is: die volk van God of – meer spesifiek – die kerk van God.

In liefde en uit dankbaarheid teenoor God moet hierdie mens daarom onderling meeleef met diegene rondom hom. Hy moet leef tot diens van die mense rondom hom. So 'n lewe moet wees in navolging van die Een *Diakonos* van God – Jesus Christus.

## 2.3 HANDELINGE 6 EN DIE INSTELLING VAN DIE DIAKENAMP

Volgens Venter (1996:50) is daar feitlik eenstemmigheid onder geleerdes dat die instelling van die diens van die diaken herlei moet word na Handelinge 6. Floor (1976:35) beaam dit en sê dat baie geleerdes Handelinge 6 sien as die *locus classicus* vir die instelling van die diakenamp.

Beide Venter en Floor erken egter ook dat die menings oor Handelinge 6 en die instelling van die amp van die diaken uiteenloop. Coetzee (1969:27) meen dat 'n ondersoek van Handelinge 6 weinig konkreets oor die diakenamp oplewer en Floor (1976:35) verwys na K. Dijk wat stel dat daar nie te veel uit Handelinge 6 met betrekking tot die diaken afgelei kan word nie. Daar is dus nie klinkklare sekerheid oor die kwessie nie.

Die redes hiervoor kom op die volgende neer:

- Stefanus en Filippus doen evangelisasiewerk (Floor, 1976:35) en daar word meer oor hul getuieniswerk geskryf (Venter, 1996:50).

- Handelinge 6 praat nie van armversorging nie (Floor, 1976:35), maar wys daarop dat die Grieksprekende weduwees die gevaar geloop het om uit die warm *koinonia*, die liefdesgemeenskap in die gemeente, uit te val (Venter, 1996:51).
- In die boek Handelinge word nie van diakens gepraat nie en Floor (1976:36) meen dat hier nog 'n *ongedifferensieerde amp* ter sprake is. Spoelstra (1977:39) noem dit 'n *bepaalde diens* en Venter (1996:52) gebruik en verwys na Coetzee (1967:50) se term, nl. die *prototipe amp*.
- Op die vergadering (Hand. 15) is nie diakens teenwoordig nie.
- Die Sewe manne wat in Handelinge 6 verkies word, word nie diakens genoem nie. Coetzee (1967:45) meen die gebruik van die term "die Sewe" in Handelinge 21:5 is na analogie van "die Twaalf" as benaming vir die Apostels.

Ten spyte van hierdie uiteenlopende menings stel Coetzee (1967:44) dit dat daar eksegeties genoegsame rede bestaan om Handelinge 6 as die instelling van 'n besondere amp te sien. Daar is treffende ooreenkomste met ander ampsbevestigings in die Nuwe Testament (Hand. 1; 13; 14).

- Die gemeente word "amptelik" byeengeroep (vs. 2),
- Hulle word gekies deur die gemeente (vs. 5),
- Hulle word behoorlik voor die apostels gestel (vs. 6),
- Deur gebed en handoplegging (vs. 6),
- Hulle word *oor* hierdie nodige saak aangestel (vs. 3),

Floor (1976:38) meen dat uit Filippense 1:1 afgelei kan word dat daar in die beginperiode van die kerk in die Nuwe Testament reeds twee ampte was (wat nou aan mekaar verbonde was). In 1 Timoteus 3:8-15 word die vereistes vir 'n diaken genoem, en dit is opvallend dat die vereistes vir diakens en ouderlinge nie veel van mekaar verskil nie. Daarom meen hy verder dat hierdie ongedifferensieerde amp sterk diakonale aspekte het.

### 2.3.1 Verkiesing van sewe Griekse manne

Wat die amp ook al was het sekerlik ook te doen met wie gekies is. Tog bly dit vreemd dat daar nêrens gelees word waar die manne in die gemeenskap optree nie. Daar word sewe Griekse manne gekies. Dit val vreemd op aangesien die gemeente uit Grieke sowel as Jode bestaan het. G. Stählin, soos aangehaal deur Floor (1976:36), noem hulle *"Führungsgruppe des hellenistischen Gemendeteils"*.

Dui dit nie moontlik op die spesifiekheid van die amp nie? Moontlik ook daarop dat die amp eintlik bedoel is om reg te stel wat verkeerd geloop het.

### 2.3.2 Die gebruik van die getal "sewe" in Handelinge 6 en die res van die Nuwe Testament

Die gebruik van die getal sewe word volgens Orr (1999:elektr.) gevind in meer as 600 Bybelse tekste, talle apokriewe tekste, pseudepigrafiese geskrifte, asook verskeie Joodse geskrifte. Die getal sewe word afwisselend vir sy numeriese waarde asook sy simboliese waarde gebruik. Die Babiloniërs het die getal sewe beskou as die getal van volheid of afgerondheid. 'n Uitdrukking van die hoogste gesag. Hulle het dit waarskynlik afgelei van die vier sewedagfases van die maan. Die Sumeriërs het die getal sewe vertaal met "alles". Dit is hierdie gedagte van "volheid" wat ook in die Joodse godsdiens gebruik is (Kittel, 1985:249).

Die Ou-Testamentiese gebruik van die getal sewe beïnvloed die Nuwe Testament op verskeie plekke (Rom. 11:4) waar Paulus verwys na die 7000 – die volheid van die ware Israel. Sewe dae van die week (Hand. 20:6; 21:4,27; 28:14), die sewende dag as die verwysing na die Sabbat (Heb. 4:4). Sewe is ook die afgeronde getal by die voeding van die vierduisend (Matt. 15:22; Mark. 8:1).

Wanneer die Sadduseërs verwys na die sewe broers wat met dieselfde vrou trou, dan het hulle 'n oneindige/grenslose getal in gedagte. Wanneer daar verwys word na die sewe

geeste wat terugkeer na die mens (Matt. 12:45) of die sewe geeste wat uit Maria Magdalena verdryf is (Luk. 8:2), dan verwys dit hier na 'n absolute of totale verlorenheid. Wanneer Jesus self sê jy moet jou naaste sewentig maal sewe keer vergewe (Matt. 18:22), dan bedoel Hy daarmee dat die vergifnis onbegrens moet wees – daar moet totale vergifnis wees (Kittel, 1985:250).

Die simboliese waarde van die getal sewe word by uitstek gevind in die boek Openbaring. Sewe gemeentes en sewe engele (1:4), sewe lampe (1:13), sewe sterre (1:16), sewe geeste (1:4; 4:5), sewe seëls (5:1), sewe horings en sewe oë (5:6), sewe engele met sewe trompette (8:2), sewe donderslae (10:3-4), sewe koppe met sewe krone (12:3), sewe plae (15:1) (Orr, 1999:elektr.). Alhoewel ons nie die getalle simbool sewe (7) as beginsel vir die boek Openbaring kan beskou nie, is dit beslis die getal wat volheid aandui. Volgens Kittel (1985:250) kan dit óf dui op die volheid van God se werk óf op die ontwikkeling en ontplooiing van God se krag. Telkens lê by gebruik van die getal sewe die klem op 'n totaliteit van volledigheid, selfs oorvloedigheid (Verwysingsbybel, 2000).

Kittel (1985:251) meen dat daar in Handelinge 6 sewe manne gekies is omdat daar gewoonlik sewe leiers in die Joodse gemeenskap was. Die feit dat daar net sewe gekies is, dui daarop dat hierdie sewe beslis nie net assistente van die twaalf apostels was nie. Indien dit die geval was sou daar eerder twaalf manne gekies word. Hierdie sewe in Handelinge 6 word dan ook volgens Kittel (1985:251) die eerste amptenare in die kerk.

Op grond van die getal sewe het Rome besluit om by die getal sewe te hou. In die tyd van biskop Fabian (250 n.C.) is Rome in sewe wyke verdeel, met 'n diaken aan die hoof van elk. Hierdie "geheiligte Siebenzahl" is tot en met die vyfde eeu gehandhaaf (Spoelstra, 1969:8).

2.3.3 Samevatting van Handelinge 6 en die gebruik van die getal "sewe" in die res van die Nuwe Testament.

Die getal sewe het 'n baie duidelike numeriese en simboliese waarde in die Nuwe Testament. Sewe is die getal van volheid. Soms is die getal sewe ook gebruik om 'n oneindige of grenslose getal mee aan te dui. Ander kere verwys die getal sewe weer na die absolute. Jesus self gebruik die getal sewe om die volledige onbegrensde (vergifnis) aan te dui. In die boek Openbaring word die getal sewe beslis as die volheidsgetal gebruik.

Sommige meen die getal sewe in Handelinge 6 dui op die selfstandigheid van die amp, en daarom is daar nie twaalf (soos die apostels) gekies nie. Ander meen weer daar is besluit op sewe na analogie van die sewe Joodse leiers wat in die samelewing van destyds opgetree het.

## 2.4 GEBRUIK VAN DIE TERME IN DIE KERKGESKIEDENIS EN KERKLIKE TRADISIE

Die fokus in hierdie afdeling word geplaas op die Middeleeue en die Reformasie – met 'n oorsig van die ontwikkeling tot vandag in die GKSA.

### 2.4.1 Middeleeuse verval voor die Reformasie

2.4.1.1 *Die diakonaat in Rome*

Die diakonaat in die Middeleeue was aanmerklik onder die ideaal van die vroeë Christelike kerk (Van't Spijker, 1991:81). Coetzee (1969:29) meen dat die gee van aalmoese in die Joodse godsdiens van die Nuwe-Testamentiese tyd gelykgestel is met die gebodsvervulling (hoofgebodsvervulling). Die gee van aalmoese deur die individu is besonder hoog aangeslaan. Armversorging binne die gemeente is uit die tempelbelasting bekostig, waartoe die gemeente verplig was om by te dra. Naas hierdie bydrae tot gebodsvervulling kon daar ook vrywillige individuele gawes aan die armes gegee word.

Coetzee (1969:29) meen dat ons iets van hierdie barmhartigheids- of aalmoesbegrip vind in die Evangelie. Jesus beklemtoon dikwels die regte wyse en gesindheid by die gee van aalmoese (Matt. 6:2-4; Luk. 11:41; Luk. 12:33). Tog wys Coetzee (1969:29) daarop dat die versorging van behoeftiges in die gemeente, die aalmoesbegrip wat so baie gewig gedra het in die Joodse godsdiens, nie prominent figureer in die Nuwe-Testamentiese gemeentelike lewe nie.

Die Nuwe-Testamentiese term van *koinonia* (gemeenskap) is geestelik van aard (Coetzee, 1969:31). De Klerk (1986:9) sluit hierby aan en sê dat dit God self is wat *koinonia* skep. Alle ware vorme van gemeenskap, die onderlinge deelgenootskap in die gemeente en die *koinonia*-binding is gefundeer in die barmhartigheid van God. Agter die gemeente as 'n besondere gemeenskap staan die belydenis van die geloof in God die Vader, God die Seun, en God die Heilige Gees. Die ou volk is as 'n besondere broedergemeenskap saamgebind aan God en aan mekaar deur die verbond van versoening soos afgebeeld in die offers. Met Christus het hierdie verbondsgemeenskap 'n ryker en voller veelkleurige inhoud gekry. In die nuwe bedeling is gemeenskap van die heiliges God se werk in Christus. Christus het die *koinonia* tussen God en mens geword.

In die Joodse Sinagoge-gemeentes het die Raad van Oudstes of Owerstes gesag gevoer oor die leer, lewe en finansies. Hulle was die versamelaars van aalmoese in die erediens en het ook opgetree as kollektante van middels wat in die weeklikse versorging gebruik is. Die oudstes het *helpers* gehad wat hulle in hul taak bygestaan het. Soms het hierdie helpers ook in liturgiese handelinge in die gemeentes opgetree. Spoelstra (1969:1) dui daarop dat die opsienersamp uit die Sinagoge na die kerk oorgedra is. Verder wys hy op Ritschl se beskouing dat die diakens as helpende plaasvervangers van die presbiter of biskop opgetree het. Hulle was helpers by die kultus en is vanweë die verband tussen die eucharistie en liefdesmaaltye by die armsorg betrek. Daarna het die amp tot selfstandigheid ontwikkel. Vanuit hierdie ampsbegrip sien latere Roomse geleerdes die diakens slegs as hulpdiens vir die predikamp.

Alhoewel daar reeds vroeg in die na-apostoliese tyd waarskuwings was teen die verval van die ampte, is dit opmerklik dat die kerke in Rome en Korinte teen die einde van die eerste eeu steeds opsieners en diakens geken het. In die *Pastor Hermae* (ongeveer 100-150 n.C.) word daar na vier ampte verwys: apostels, opsieners, leraars en diakens. Onder invloed van die Ou Testament en Judaïsme het die amptelike ontwikkeling skynbaar vroeg op die Ou-Testamentiese spoor geneig na Biskop (hoëpriester, presbiters (priesters) en diakens (leviete)) (Spoelstra, 1969:8).

Rome het ook op grond van Handelinge 6:5 by die *geheiligte Siebenzahl* gehou. In die tyd van biskop Fabian (250 n.C.) is Rome in sewe wyke verdeel, met 'n diaken aan die hoof van elk. Vir elk van die sewe diakens is daar sewe adjudante benoem. Hierdie kollege van sewe is by die biskop betrek om hom te ondersteun. In die *Canones Hypolyti* aan die begin van die derde eeu word die diakendiens reeds die hulpdiens vir die biskop in die kultus. Met die verdwyning van die Skrif as grondslag vir die kerkregering word die kerkregering gevolglik oorheers deur die biskop en sy kardinaaldiakens (Spoelstra, 1969:13). Tog was die gedagte van armsorg nog sterk verbonde aan die diakendiens – met Stefanus as voorbeeld. Die verskrompelde diakenamp word dus steeds met Handelinge 6 en 1 Timoteus 3 in verband gebring.

Die verval in die *koinonia*-gedagte het reeds by die dood van Cyprianus van Kartago (250 n.C.) sigbaar geword toe die monargistiese episkopaat die eenheidsopenbaring van die kerk geword het. Cyprianus meen dat die apostels self na die hemelvaart die diakens aangestel het as hulp vir die opsienersamp (Spoelstra, 1969:9).

In 325 bevestig die Konsilie van Nicea die posisie van die diaken as dienaar van die biskop.

In 350 n.C. subordineer die *Constitutions Apostolicae*, 'n kerklike wetboek, die diaken volkome aan die biskop. Die diaken moes die gawes en tiendes aan die biskop bring, maar hy word steeds in die armsorg betrek.

Teen die einde van die vierde eeu kom die aartsdiaken na vore. In 420 n.C. herinner Hieronimus die diakens dat hulle dienaars van die *tafels en* weduwees is en nie net gesante van die priester nie ('n teruggrype na Handelinge 6). Tog is dit Hieronimus wat aan die aartsdiaken 'n seniorposisie toeken. In die Ooste word selfs presbiters tot die pos van aartsdiakens benoem, terwyl die aartsdiaken in die Weste die rol van senior presbiter, die oog van die biskop, vervul ("deputed to relieve the bishop of some of his minor functions").

Met die dood van Gregorius die Grote (604 n.C.) is Rome steeds in 7 en later 14 wyke ingedeel. Geboue is opgerig (wat hulle *diaconia* noem) waarin die diakens barmhartigheidswerk verrig. Alhoewel die aantal ampsdraers in die verskillende ampte vermeerder het, het Rome in die vyfde eeu steeds net sewe diakens gehad.

Die sigbare uitdrukking van die gemeenskap van die heiliges, wat bewerk is deur die onderlinge versorging, het in die Middeleeue groot skade gely. Alhoewel die gemeente verplig was om tiendes te gee, het die grootste deel hiervan in die sakke van die biskoppe en ander geestelikes beland. 'n Groot deel is bestee aan die eiendom van die kerk en slegs sowat 'n kwart van die geld is vir die armes aangewend. Dit is in hierdie tydperk dat grootskaalse bedelary ontstaan het. Dit was 'n tipiese kenmerk van die Middeleeuse armoede (Van't Spijker, 1991:81).

Binne die struktuur van die kerk het daar in hierdie tyd genootskappe ontwikkel om die armes te versorg. Die insameling en uitdeel van middele wat 'n wesenskenmerk van die vroegste kerk was, is nou deur hierdie genootskappe behartig. Dit op sigself het tot losstaande groothede binne die sosiale struktuur ontwikkel (Van't Spijker, 1991:82).

Die tydperk van die kruistogte het 'n bydrae gelewer tot die ontstaan van geestelike ridderordes wat op die uitoefening van barmhartigheid gerig was. Die stigting van stede met hul tipies moderne mens het die kruistogte se einde beteken, en die verpligting om die armes te versorg het op die landsburgers afgekom. Dit is in hierdie tyd dat die taak van die geestelike diakonie na die sosiale sorg oorgegaan het. Teen die einde van die Middeleeue ontstaan die diens van die maatskaplike werkers wat los van die kerk hulle taak vervul. Ten

spyte daarvan dat die kerk ryk aan goedere (middele) was, was daar weinig sprake van geestelike versorging (Van't Spyker, 1991:82).

2.4.1.2 *Die diakonaat in Klein-Asië en Noord-Afrika*

Die Didache wat teen die laaste helfte van die eerste eeu in Egipte, Palestina of Sirië ontstaan het, maak melding daarvan dat die gemeentelike bediening deur die opsieners en diakens behartig is. Ignatius van Antiogië neem die Roomse ampsbeskouing oor en meen die biskop verteenwoordig Christus. Gevolglik word die presbiters die helpende apostels van die biskop en die diakens word die dienaars van die biskop.

Polikarpus (dood 166 n.C.), leerling van die apostel Johannes, meld van 'n geval waar die diaken geld gesteel het wat vir die armes bedoel was en meen dat die diaken dus selfstandige toesig daaroor gehad het. Polikarpus sê ook dat die presbiters oor siekes, armes en weduwees toesig moes hou en hulle nie verwaarloos nie. Sommige lei hieruit af dat die presbiters die armsorg behartig het.

Die *Apostolorum Canones* (ontstaan einde van die tweede eeu) lê nadruk op die plig van die diakens om goeie werke te doen, die armes nie verby te gaan nie en die rykes tot liefdadigheid aan te spoor. Na die armsorg moet die diakens die gelowiges ook vermaan. Hieruit is die selfstandigheid van hulle diens afgelei. Wanneer die biskop of presbiter die seëning by die eucharistie gedoen het, bedien die diaken as hulp van die priester die mense. Hy is *"the almoner of the church. In some authorities the bishop and presbiters exercise the dicipline of the laity through the deacons"* (Spoelstra, 1969:11). Daar was 'n indeling van verskillende persone in die orde van biskop, presbiters, diakens, weduwees en leke. Hierdie meerhoofdige presbiteriale regering is in Antiogië en Klein-Asië oorgedra aan die biskop.

Die Bilion Cementos, wat uit die Siriese Kerk van die eerste helfte van die derde eeu dateer, wys die diaken op die vereistes van 1 Timoteus 3 en benadruk die vereistes in leer

en lewe. Die diaken se lewensonderhoud is uit die kerkgeld voorsien (Spoelstra, 1969:10). Sy taak is soos volg beskryf:

- Voer die opdragte van die biskop uit,
- Raadgewer van "geestelikheid",
- Verteenwoordig die kerk,
- Versorg siekes, vreemdelinge, weduwees, wese, behoeftiges, katugemene.
- Sorg vir orde in die kerkgebou,
- Sorg vir begrafnis van onbegraafde lyke,
- Vertroos treurendes,
- Doen verslag aan die gemeente,

'n Mate van selfstandigheid skemer deur omdat hulle die biskop nie vir alles hoef lastig te val nie.

#### 2.4.1.3 *Die diakonaat in die Middeleeue*

Die diakonaat en diakonale sorg het in die Middeleeue heeltemal verval. Die kardinaaldiaken was in Rome gesetel en was hoofsaaklik betrokke by die bestuur van sekere kerklike sake. Die hulp wat die diaken aan die biskop verleen het, was hoofsaaklik gekoppel aan die praktyke van die kultus. Armversorging en die diakonale amp het byna niks meer met mekaar te make gehad nie. Die gedagte dat die kerk middele aan die armes moet gee, het verdwyn. Karel die Grote moes die kerk herinner aan haar verantwoordelikheid teenoor die armes. Kloosters en kloosterordes het hulle bemoei met hospitalisasie en liefdadigheid en gaandeweg het die taak van armversorging oorgegaan na die staat. Konstantyn die Grote verleen aan die kerk verskeie voorregte. Staatsfondse word tot beskikking van de kerk gestel en besittings van heidense heiligdomme word aan die kerk geskenk. Antiogië versorg hiermee 3000 weduwees en Aleksandrië 7500 armes. Die gevolg hiervan is dat die gemeente nie meer hulle gawes vir die versorging gee nie, en daardeur raak hulle betrokkenheid al hoe minder. Die diakenamp het die laaste amp voor die priesteramp geword. Die partikuliere liefdadigheid het eerder die stempel van diens en

verdienste gedra, wat ingehou het dat die aalmoese aangewend kon word om verlossing vir die siel te koop.

Van't Spijker (1991:81) meen dat die betrokkenheid van die gemeente in hierdie tydperk merkbaar afgeneem het.

2.4.1.4 Samevatting van die Middeleeuse verval van die diakonaat tot voor die Reformasie

- Die verval begin met die siening dat diakens eerstens helpers van die Oudstes en later ook van die priesters en die biskoppe is.
- Diakens moes dus help met die insameling van die aalmoese vir die barmhartigheidswerk van die presbiters.
- Diakens is ook as helpers by die kultus beskou nl. eucharistie, liefdesmaaltye en armsorg.
- Die verval van die term *koinonia* het gekom met die siening dat die eenheidsopenbaring van die kerk geleë is in die monargiese episkopaat.
- Diakens word nou beskou as dienaars van die biskop.
- Diakens moet sorg vir die tafelbediening en bediening van die weduwees.
- Die diakonaat verval verder toe die aalmoese in die sakke van die biskoppe beland en groot somme geld spandeer word aan die kerkgoedere (geboue ens.).
- Die kruistogte bring geestelike ridderordes mee en die latere gevolg hiervan is die ontwikkeling van maatskaplike dienste wat die rol van die kerk oorneem.
- Die diakonaat en diakendiens verval dus heeltemal tydens die Middeleeue.
- Die gemeentebetrokkenheid in terme van barmhartigheidsdiens neem af omdat die staat die versorging van armes behartig.

## 2.4.2 Die Reformasie

### *2.4.2.1 Luther*

Luther se bekende reformatoriese uitgangspunt is die regverdiging deur die geloof alleen. Die gelowige word sodoende vrygemaak ten opsigte van sy geestelikheid (kultiese bedrywighede en kultiese verantwoordelikhede). Uit hierdie vryheid vloei die priesterskap van elke gelowige en Luther gee die betekenis hiervan in sy kort en kragtige geskrif in 1520, nl. *De vrijheid van een Christenmens*. Die Christen staan deur die geloof vry van enigiemand anders, en is aan niemand onderdanig nie, maar tegelykertyd is elke Christen deur die liefde gebind aan mekaar as knegte of dienaars (Van't Spijker, 1991:82).

Luther meen die geheim van die lewe is om te leef tot diensbaarheid van die naaste. Deur die vernuwing wat Christus in ons bewerk dien ons die naaste, uit liefde, vanuit die liefde van Christus in ons. Hiermee beklemtoon Luther die vanselfsprekendheid van die Christelike liefde, omdat dit spruit uit 'n verhouding met Christus self. Die vrug van die goeie boom (Van't Spijker, 1991:83).

Luther wou vanuit hierdie denke opnuut die diakonaat in die gemeente orden. Hy meen die taak van die diaken is meer as net *"Evangelie- en epistellezing tijdens de eredienst"*. Die diaken moet ook sorg vir die verdeling van die skatte van die kerk aan die armes. Die sosiale motief was gegrond op die dankbaarheid vir die verlossing deur Jesus Christus. In 1523 doen hy 'n beroep op die magistraat van Leisnig om die *geestelike goedere van die kerke en kloosters* tot 'n fonds, ten behoewe van die armes, beskikbaar te maak. Sodoende kon die diakens die goedere wat deel uitgemaak het van die gemeentekas aan die armes uitdeel as sigbare daad van barmhartigheid. Venter (1996:54) meen Luther het 'n onbegrensde vertroue in die goedheid van die staat gehad. Die owerheid is in sy verhouding tot God 'n dienaar van God.

Luther besef egter dat die Christelike liefde nie te veel gereguleer moet word nie en meen *"met wetten en artikelen kan men weinig tot stand brengen"*. Tog word hy oortuig van die

feit dat die kerk op maatskaplike vlak nie veel invloed in die wêreld kan uitoefen nie en laat hy die versorging van die armes aan die regering oor. Alhoewel die owerheid met verantwoordelikheid teenoor die armes en die bedelaars optree, word die medewerking van die dienaars in die kerk gevra. Diakonale sorg word dus beskou as 'n taak van die Christelike owerheid waarby die kerklike gemeente ingeskakel word. Die karakter van die diakonaat as uitdrukking van die Christelike geloof word gesekulariseer en dit ontaard in 'n sosiale hulpverlening (Van't Spijker, 1991:84).

*2.4.2.2 Calvyn en andere*

Calvyn het die gedagtes rondom die ampte van Bucer oorgeneem. Hy onderskei tussen die herders, die leraars, die ouderlinge en diakens. In sy Institusie (IV,3,9) verwoord hy die onderskeid van Bucer ten opsigte van die diakenamp (Van't Spijker, 1991:87).

- Bucer se kerkbegrip speel hier 'n belangrike rol. *"De kerk is voor hem een goddelijke, en daarom ook een volkomen, vriendschaplijke en getrouwe broederschap, gemeenschap en eenheid. Zij leeft uit de Geest. Zij is een actieve gemeenschap waarin iedereen een lid van Christus en een werktuig van de Heilige Geest is met een opdracht voor het bijzondere en heilzame werk aan het lichaam van Christus en daartoe ook werkelijk met deugdelijke vermogens begiftgd. Niemand is uitgezonderd, wanneer het gaat om een taak in deze gemeenschap. Daarbij hebben we niet alleen te denken aan geestelijke zaken. De christenen zijn, wanneer het om tijdelike noden gaat, eveneens op elkaar aangewezen".*
- Bucer wou graag die diaken sien as helpers van die predikante met "zielzorg". Hy sien die gemeente as *"een charismatish lichaam, waarin ieder lid een taak heeft".* Hierdeur regeer en versorg Christus sy kerk dat niemand geestelike of tydelike nood het nie.
- Bucer onderskei tussen twee soorte dienste:
    - Eerstens is daar die blywende dienste, herders en leraars ("Zielsorg") en
    - Tweedens is daar die dienaars wat die versorging van die armes reguleer (diakonaat).

- Bucer meen dat die deformasie in die diakonaat aanleiding gegee het tot kerkroof omdat die kerkgoedere deur die kerkvors net vir eie gewin aangewend is. In aansluiting by die vroeg Christelike tradisie pleit Bucer vir 'n selfstandige diakonaat wat verantwoordelik is vir sielsorg en versorging van die armes. Sy pleitgrond is die gedagte dat elke lidmaat moet dien deur diens tot opbou van die liggaam van Christus.
- Bucer pleit vir die gelykheid van die dienaars om aan die diakens in die gemeente hoër aansien te verleen. Hy noem die diakens *"presbiters van de derde soort, naast de opzieners en de ouderlingen"*. Alhoewel Bucer se hoofargument was dat Christelike diakonie 'n teken van *"het werk van de Geest"* is, was hy sterk praktykgerig en baie prakties en sosiaal van aard (Van't Spijker, 1991:86).

Calvyn meen dat Romeine 12 vers 8 dui op twee soorte diakens. In aansluiting by Bucer beskryf hy die eerste as die diakens wat die aalmoese beheer en die tweede as die diakens wat die armes, siekes en weduwees bedien in eenvoudigheid, barmhartigheid en blymoedigheid. Die een bestuur en die ander is by die praktiese versorging self betrokke (IV, 3,9).

Calvyn wys ook daarop dat die diaken wettig tot die amp geroep moet word (IV,3,10). Van't Spijker (1991:87) meen Calvyn was by uitstek 'n kenner van die vroeë Christelike kerk en was op hoogte van die ontwikkeling wat die diakonaat in die kerk deurgemaak het, asook die praktyk waar die vroeë kerk gebruik gemaak het van die dienste van vroue.

Die owerheid wou egter nie die funksionarisse van die kerk in die openbare erediens erken nie. Dit was eers vier jaar na die dood van Calvyn dat die dienaars geld vir die armes in die openbare erediens in Genève kon kollekteer.

Van't Spijker (1991:88) wys daarop dat dit vir Calvyn voldoende was dat die versorging van die siekes in die hospitaal deur 'n enkele diakones behartig is. Die gedagte van 'n tweevoudige diakonaat word dus ondersteun deur Calvyn. Hierin is die beleid gegrond op die siening dat daadwerklike hulp verleen moet word op die plek waar dit nodig is.

Van't Spijker (1991:94) brei ook kortliks uit op die menings van Voetius op die diakonaat.

- Voetius se antwoord op die vraag waar die diakens hulle fondse moet kry, was dat die kollekte onder die preek kan geskied en so word niemand oorgeslaan nie. Hierdie gebruik was sedert die begin van die Reformasie in die Nederlandse kerke in gebruik. Hiermee saam kon vrywillige bydraes van welgesteldes ook gevorder word.
- Voetius meen die versorging moet allereers binne die gemeente plaasvind sodat die wêreld die onderlinge liefde kan sien.
- Voetius meen die *"diens ter tafel"* het armsorg in gedagte. Volgens hom het die uitdrukking niks te doen met die eucharistie, soos Rome leer nie.
- Voetius meen die diaken kan in kleinere kerkrade deelneem aan kerkraadsake onder kerklike reg, maar nie onder goddelike reg nie.
- Voetius reken die volgende as blywende hulpdienste in die kerk: proponente, sieketroosters, kategete, voorlesers, voorsangers en diakonesse. Hy meen egter dat hierdie diakonesse nie tot die amp behoort nie, maar eerder helpers van die diakens is. Hulle is van hulp veral in spesiale gevalle, bv. kraambesoek of bediening van 'n weduwee.

2.4.2.3 Samevatting van die Reformasie

- Luther se siening van die regverdiging en die vryheid van die mens bring nuwe hoop vir die diakenamp. Hy meen egter die mens se vryheid is slegs binne perke en dat hierdie perk die onderlinge band tussen gelowiges is – wat almal saam knegte en dienaars is. Die lewe vind dus sin binne onderlinge diensbaarheid.
- Luther beskou ook die owerheid as dienskneg van God en hy plaas die bydraes vir die armes onder die sorg van die diakens. Hierdie aanvanklike samewerking tussen staat en diakonie word later gesekulariseer en ook dit ontaard in 'n sosiale hulpverlening.
- Calvyn neem die meeste van sy sienings oor die diakenamp van Bucer oor. Daar word sterk klem gelê op die geestelike bediening van die diakonaat asook die stoflike bediening. Calvyn onderskei dus eintlik tussen twee groepe diakens. Daar sou dus tussen "administratiewe" en "geestelike" diakens onderskei kon word.
- Voetius onderskei 'n paar "diakonaatampte", waarvan die diaken (diakonesse) een is.

### 2.4.3 Ontwikkelinge in die tydperk na Calvyn tot vandag

#### 2.4.3.1 *Die diakonie in die negentiende eeu*

Volgens Starreveld (1991:97) was die beeld van die diaken in die begin van die negentiende eeu steeds baie negatief. Daar was byna geen skeiding tussen kerk en staat nie. Die beeld is een van 'n amptenaar voor wie die armes moes kruip om enige hulp te ontvang. Thorbeck se sterk siening, soos Velema (1991:149) dit vertolk, is dat nie die owerheid nie, maar die kerk die primaat van die sorg is. Hierin was Thorbeck sy tyd vooruit. Die gedagterigting het dus terugbeweeg na die Skriftuurlike gronde.

Die tydperk van die Verligting beklemtoon egter individualisme en humanisme en bring skeiding tussen die gelowige en die "gewone" burgers in die samelewing. Dit het ook die skeiding tussen kerk en staat tot gevolg. 'n Kenmerkende gevolg van die skeiding is dat die regering die kwaad en kwaal van die armoede wou uitroei, maar dat daar vir die diaken in hierdie beleid nie 'n regmatige plek is nie. Die selfstandigheid van die diakonieë, weg van die staat, word in hierdie tyd gevestig (Starreveld, 1991:97).

#### 2.4.3.2 *Die diakonie in die twintigste eeu*

Die twintigste eeu word gekenmerk deur 'n radikale herstrukturering van die kerk – maatskappy en staat gedryf deur sekularisasie. Wat die diakonie betref, word die tydperk geken deur *Centrale diaconale conferenties* waarin die kerk sy diakonale plig deur onderlinge samewerking uitleef. Hierdie konferensies bied die stimulus om algemene diakonale en maatskaplike sake te hanteer en kenmerkend hiervan is die oprigting van kinder- en weeshuise en jeugtuistes.

#### 2.4.3.3 *Die GKSA*

Volgens Spoelstra (1987:49) is ds. Postma met die stigting van die GKSA op 11 Februarie 1859 te Rustenburg van 'n diaken vergesel. Dit was die tipiese taak van die diaken om

predikante en ouderlinge met kar-en-perde te vervoer. Hy moes die perde versorg en het ook by die huisbesoek ingesit, sonder om werklik daaraan deel te neem.

Spoelstra (1987:48) beskryf hierdie "dienskneggestalte" as heel moontlik 'n gevolg van die rolmodel van die eerste diakens aan die Kaap in die middel van die 17de eeu. Hierdie diakens moes onder meer die dominee van geld voorsien wat hy op sy beurt mildelik aan die armes kon uitdeel. Die VOC het belang by die werk van die diakens gehad omdat die diaken ook verantwoordelik was vir welsynsdiens, onderwysadministrasie en sommige openbare werke. Hulle moes die skool vir arm kinders en slawe versorg. Weeskinders moes onder sorg van gesinne geplaas word terwyl die diakens steeds die skoolvordering moes kontroleer. Een van die diakens was skriba en akteversorger van die kerkraad. 'n Ander was 'n diaken-kassier wat alle inkomste geadministreer het. Nog een was die onderkerkmeester wat die onderhoud aan kerk- en skoolgeboue moes bestuur en kerkhuise aan behoeftiges verhuur. Diakens moes ook behoeftige mense versorg en behulpsaam wees met klere, lewensmiddele, doodskiste en begrafnisse. Hulle het die begraafplaas beheer en was selfs verantwoordelik vir die 'brandspuit' (brandweer) in Kaapstad.

Hieruit is dit duidelik dat die diaken eintlik 'n staatsamptenaar was.

Tydens die erediens het die diakens weerskante van die preekstoel stelling ingeneem, elkeen met 'n lang stok en 'n fluweelsakkie aan die punt om die liefdegawes op te neem. (onderaan die sakkie was 'n tossel en 'n klokkie – moontlik om seker te maak daar word iets in die sakkie gegooi). Tydens Nagmaal het die diakens diens gedoen aan die tafel. Met verloop van tyd het die staat weer beheer oorgeneem oor die skole, begraafplase, ens. en is die diens van die diakens weer teruggedruk in die gemeente.

Binne die gemeentes self was die diakens steeds opvallend bedrywig as "helpers". Alhoewel hulle as deel van die kerkraad gereken is, is die besluite oor armversorging deur die ouderlinge geneem en die diakens moes uitgaan en die besluite uitvoer. So byvoorbeeld is die beloofde bydraes van die gemeente vir die traktement van die predikant

(wat dikwels uit kontant, perdevoer, vuurmaakhout, broodkoring, vleis, ens. bestaan het) beurtelings deur die diakens ingesamel. Spoelstra (1987:49) meen dat hierdie praktyk die diaken as 'n soort vakleerling teken wat die ouderling moes opvolg.

Sosiologiese verandering in die 19de eeu het die staat al hoe meer verantwoordelik gemaak vir noodlenigingswerk. Oorloë en die gevolglike resessies en depressies (1899-1945) het die gereformeerde mense toenemend laat verstedelik. Die stede het nuwe sosiale strukture, euwels, node en behoeftes opgelewer (Spoelstra, 1987:49). Die geborge samelewing van vroeër het plek gemaak vir onpersoonlike, gejaagde, geldgierige, gemaksugtige samelewing.

Al hierdie veranderinge het in die gereformeerde kringe 'n teologiese besinning oor die ampte gestimuleer. Op die Algemene Sinode van 1927 word rapporte in die verband ontvang wat volgens Spoelstra (1981:50) positiewe en negatiewe vrugte oplewer.

- Positiewe ontwikkeling vanaf 1927

'n Klem op die beginsels van die diakenamp het die eie en gedifferensieerde taak van die diaken uitgewys en hulle kon afsonderlik vergader (art. 40 KO), en die diakens het beskikkingsreg oor "diakonale fondse" (art. 25 KO) verkry. Voortspruitend hieruit was die oprigting van huise vir weeskinders en oues van dae. Diakens van verskillende kerke kon saamwerk en het baie roepingsvervulling hieruit geput.

- Negatiewe ontwikkeling vanaf 1927

Spoelstra (1987:50) meen hierdie ontwikkeling van die diakenamp het negatief op die kerk ingewerk. Al die aandag is op die diakens gevestig en hulle het eintlik 'n onafhanklike kerklike kategorie geword wat soos 'n satelliet rondom die gemeente gewentel het en wat net sporadies "plaaslik" hulp verleen het. Dit was die diakens wat diakonale inrigtings deur middel van diakonale konferensies met diakonale fondse met of o.l.v. sinodale diakonale deputate beheer en gemonopoliseer het. Die gevolg was dat dit nie die gelowiges, die mense wat die kerk, is wat barmhartigheidswerk deur middel van die Godgegewe diakens gedoen het nie.

Hiermee saam het die Departement Volkswelsyn versorging van bejaardes en ongeskiktes oorgeneem. Die grootskaalse armoede in die kerke het met die industriële revolusie na die Tweede Wêreldoorlog feitlik uit die kerke verdwyn, en so aktief soos die diakens in die 17de eeu aan die Kaap was, so leeg en hol het sy plek in die plaaslike kerk geword. Die gedagte dat die diakonale diens slegs armversorging is, het die diakens byna oorbodig gemaak.

Spoelstra (1987:51) spreek sy kommer uit omdat die prentjie sedert die middel 20ste eeu nie veel verander het nie. Die gemeente is slegs die finansiële bron vir die diakonie en sodoende is die werk van die diakens nie die werk van die kerk nie. Mense weet nie waaroor hulle moet gee nie en offer nie meer nie. Die diakendiens is meganies en 'n gewoontediens.

2.4.3.4 Oorsigtelike samevatting oor die tydperk na Calvyn tot vandag

- Die beeld van die diaken as amptenaar voor wie die armes moes kruip, was steeds prominent teen die begin van die negentiende eeu.
- Tydens die tydperk van die Verligting en die gepaardgaande humanisme, poog die staat om armoede uit te roei. 'n Nuwe klem op die owerheidsverantwoordelikheid polariseer die staat en kerk, en die diakonie begin uiteindelik onafhanklik van die staat ontwikkel.
- Die tydperk wat daarop volg sien die onderlinge samewerking tussen diakonieë en daar vind veral oprigting van diakonale inrigtings soos tehuise vir bejaardes en weeshuise plaas.
- Die GKSA handhaaf na sy totstandkoming tot 'n groot mate die "helper-" of "dienskneggestalte" van die diaken.
- Die diaken se rol was meer fisies van aard en op geestelike vlak was die diaken eintlik maar net 'n toeskouer.
- Tydens die Algemene Sinode van 1927 is die onafhanklikheid van die diaken erken.

- Die selfstandige ontwikkeling van die diakenamp sedert 1927 in die GKSA was nie altyd positief nie, omdat die diakens tot 'n groot mate die onderlinge liefdesbetoon uit die hand van die gewone lidmaat geneem het.

## 2.5 FINALE SAMEVATTING

- Die term *koinonia* dui op die interaksie tussen mense waar hulle onderling stoflike en geestelik gawes uitruil tot voordeel van mekaar. Hierdie interaksie kan spontaan wees, m.a.w. vrywillige deelname, of gereguleerd, m.a.w. op grond van die verhouding waarin die betrokkenes geplaas is. Om iets op te offer om hierdie deelname te stimuleer, verg inspanning en het 'n hulp- of dienskarakter wat bekend staan as *diakonia*. Indien dit 'n geloofshandeling vanuit 'n positiewe gesindheid is, dan word daar na die persoon wat *diakonia* beoefen, verwys as *diakonos*.

- In die Ou Testament is die samekoms van die gemeente geestelik van aard, hoewel daar soms melding gemaak word van die fisiese of stoflike deelname. Die volk se absolute eenheid was geleë in hulle aanbiddingsgeleenthede rondom die offerdiens. Die primêre doelwit was die gemeenskap tussen God en volk (*koinonia*). God nader tot sy volk en Hy is die inisieerder van die gemeenskap (*koinonia*). Die hoëpriester en ander priesters moes die gemeenskap (*koinonia*) tussen God en sy volk herstel deur hulle dienswerk (*diakonia*). In hulle dienswerk tydens die offerdiens was hulle in diens van God en dus knegte (helpers) van die God (diakonoi). Ook die Kneg van die Here sou homself later *diakonos* (Dienskneg van God) noem.

- Die Nuwe-Testamentiese gebruik van die term *koinonia* is geestelik van aard. Eerstens geestelike gemeenskap met Jesus Christus en tweedens geestelike gemeenskap met medegelowiges. In enkele gevalle word die term gebruik om na stoflike gemeenskap te verwys, maar altyd in verbintenis/samehang met *koinonia* (geestelike eenheid). *Diakonia* in die Nuwe Testament vloei voort uit die begrip *koinonia*. Waar gelowiges *koinonia* (geestelike gemeenskap) beleef, vind *diakonia* spontaan plaas. Waar *diakonia* plaasvind, word *koinonia* beleef.

- In Handelinge 6 word die terme *koinonia* en *diakonia* afwisselend gebruik. Die *koinonia* in die gemeente was onder druk as gevolg van die *diakonia* wat agterweë gebly het. (Hier is geen sprake van armes nie, wel van Griekse weduwees.) Om hierdie probleem met die *diakonia* aan te spreek, word sewe Griekse manne gekies. Dit sou dan hopelik ook tot die herstel van die *koinonia* lei. Griekse manne moes met die Griekse weduwees kommunikeer. Uit die feit dat hierdie manne ook evangeliste en apostels was, kan afgelei word dat die *diakonia* veral 'n geestelike kommunikatiewe komponent gehad het. Grieke wat mekaar bedien, sou uiteraard ook mekaar se kultuur en agtergrond ken. Sewe manne moes 'n gemeente van 3000 of 5000 lidmate bedien. Sou die getal sewe eerder in simboliese terme verklaar word, kan afgelei word dat die *diakonia* wat hulle verrig het voldoende of volledig was. Dit sou ook daarop kon dui dat diegene wat verantwoordelik is om die *diakonia* in stand te hou altyd voldoende of volledig moet wees.

- In die Middeleeue word die monargistiese episkopaat gesien as die openbaring van die eenheid van die kerk. Van *koinonia* op geestelike vlak is daar geen sprake tussen die adelstand en die leke nie. In die Roomse Kerk, word die diakens beskou as helpers van die priesters en biskoppe tydens die kultus (eucharistie, liefdesmaaltye en armsorg) en die insameling van liefdegawes wat deur die priesters versprei is. Diakens word tafelbediendes en bediendes van die weduwees. Offergawes beland dikwels in die sakke van die biskoppe en groot somme geld word aan kerkgoedere spandeer. Tydens die kruistogte ontstaan geestelike ridderordes en later maatskaplike dienste wat die rol van die kerk oorneem – met die gevolg dat die onderlinge meelewing in die gemeentes heeltemal uitsterf.

- Luther meen die vryheid van die mens is beperk tot die onderlinge band tussen gelowiges en dat gelowiges almal saam knegte en dienaars is. Die sin van die lewe is geleë in hierdie onderlinge diensbaarheid. Luther se siening dat die owerheid ook kneg van God is, word later gesekulariseer en die samewerking tussen staat en kerk ontaard in 'n sosiale hulpverlening. Calvyn neem sy siening van Bucer oor, met 'n sterk klem op die geestelike bediening. Hy maak dus onderskeid tussen geestelike en

administratiewe diakens. Voetius sluit hierby aan en onderskei 'n paar diakonaatampte, waarvan die diaken een is.

- Die tydperk van die Verligting en die gepaardgaande humanisme kon nog nie werklik die beeld van die diaken, as amptenaar voor wie die armes moes kruip, afskud nie. Tog loop die kerk en staat se aksies om armoede te bekamp uiteen. Die staat kom tot 'n nuwe besef van die verantwoordelikheid teenoor die armes. Die kerk sien in hierdie tydperk grootskaalse samewerking tussen diakonieë en diakonale inrigtings wat lei tot die oprigting van tehuise en kinderhuise. Die GKSA sien sedert sy totstandkoming die diaken as helper of dienskneg van die ander ampte. Alhoewel die diakenamp sedert 1927 onafhanklik ontwikkel, was die ontwikkeling nie altyd positief nie.

## 2.6 BASISTEORETIESE BEGINSELS

A. *Koinonia* is 'n term wat die assosiasie tussen mense beskryf wanneer God hulle in verhouding met mekaar plaas. *Koinonia* word sigbaar wanneer gelowiges as 'n unieke gemeenskap geestelik en stoflik mededeelsaam is. Gemeenskap met God lei tot 'n spontane gemeenskap tussen gelowiges. Verbreking van die spontane gemeenskap tussen gelowiges (soos in die Middeleeue) lei tot 'n verwarring in die verstaan van die terme.

B. *Diakonia* is 'n doelbewuste deelname en bewerking van die geloofsaktiwiteite met die doel om by te dra of hulp te verleen om *koinonia* (gemeenskap) te bewerk. *Diakonia* verg inspanning. *Diakonia* kan spontaan of gereguleerd wees.

C. *Diakonos* is 'n beskrywing van 'n gelowige wat in gemeenskap met God, in diens van God tot diens en hulp van medegelowiges optree. 'n *Diakonos* kan amptelik of nieamptelik optree tot geestelike en stoflike voordeel van ander gelowiges (en niegelowiges).

D. Handelinge 6 kan nie sonder twyfel beskou word as die *locus classicus* vir die instelling van die diakenamp nie. Hier is wel 'n *prototipe* amp wat daarop gerig is om deur *diakonia* die *koinonia* te herstel. Die "sewe" in Handelinge 6 kan moontlik ook 'n simboliese waarde hê. Sewe Grieke dui moontlik daarop dat die rede vir hulle aanstelling baie spesifiek was.

# HOOFSTUK 3
# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

## 3.1 INLEIDING

Die prakties-teologiese *"handlungswissenchaftliches Model der Korrektur Christliches Praxis"* van Zerfass (1974:164-177) dien as agtergrond vir hierdie studie. Zerfass neem basies die kommunikatiewe handelinge van die kerklike praxis as studieterrein wat hy die praktiese teologie noem. Hy fokus dus op die kommunikasie en kommunikasiehandelinge in die kerk. Zerfass bied in sy siening van die studie van die praktiese teologie 'n plek vir refleksie vanuit die kerklike tradisie oor die ontstaan van bepaalde kommunikatiewe handelinge in die kerk (Venter, 1995:181).

In hierdie hoofstuk word gepoog om die huidige interpretasie van die terme soos wat dit ontwikkel het uit die onlangse geskiedenis binne die GKSA daar te stel. Met 'n kwalitatiewe empiriese studie gaan gepoog word om die basisteoretiese en metateoretiese riglyne in die praktyk te toets. Volgens die model van Zerfass is die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese riglyne (Hoofstuk 2) en die situasie-werklikheid krities vir die ontwerp van 'n nuwe praktykteorie (vgl. Dreyer, 2002:82). Alvorens die praktykteoretiese riglyne daargestel word, moet die metateoretiese perspektiewe op die terme eers deur middel van 'n empiriese studie getoets word.

Volgens Heyns en Pieterse (1990:37) moet die metateorie verstaan word as 'n teorie waarin wetenskaplike raakvlakke met ander wetenskappe bestaan. So kan vakke wat dieselfde werklikheidsvlak het, ondersoek word. Heystek (2000:127) meen dat kennis van ander wetenskappe ingespan kan word om 'n ware beeld van die werklikheid te verkry.

Die gemeenskap van gelowiges is 'n vorm van godsdienstige sosialisering en daarom moet die sosiale wetenskappe (sosiologie) ook betrek word in die gevolgtrekking van die metateoretiese perspektiewe.

- Eerstens gaan (deur middel van 'n literatuurondersoek) die raakvlakke tussen die sosiologie en die begrip *gemeenskap van gelowiges* nagespeur word.
- Tweedens gaan (deur middel van 'n literatuurondersoek) die raakvlakke tussen maatskaplike werk en die term *diaken* (amp van diaken) nagespeur word.
- Derdens gaan die besluite van die Nasionale Sinode van 1927 tot en met 2003 bestudeer word ten einde 'n algemene tendens te identifiseer aan die hand waarvan die verloop van die veranderinge in die sosiologie met die veranderinge in die kerk vergelyk kan word. Dus: het die kerk die sosiologiese veranderinge in sy besluite gereflekteer of het die kerk dalk 'n rigting ingeslaan wat nie die konteks van die mens in gedagte gehou het nie?
- Vierdens gaan deur middel van 'n empiriese ondersoek eerstehandse inligting vanuit drie gemeentes verkry word ten einde vas te stel of daar 'n spanning is tussen die sinodebesluite en die praktyk soos wat dit tot in die gemeentelewe deurgevoer is.
- Ten slotte word daar tot 'n gevolgtrekking gekom oor verhouding gemeenskap van gelowiges en die dienswerk van die diakens vanuit die huidige praktyk in die GKSA.

## 3.2 LITERATUURSTUDIE OOR DIE RAAKVLAKKE TUSSEN DIE SOSIOLOGIE EN DIE GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES

Volgens Curran (1977:71) is 'n sosiale groep 'n aantal mense wat hulleself as 'n groep beskou, wat deur ander as 'n groep beskou word, en wat onderling van mekaar sekere optrede verwag wat nie geld vir mense wat nie aan die groep behoort nie. Hy onderskei ook tussen meganiese en organiese eenheid.

- Meganiese eenheid word ondervind in klein en stabiele groepe waar die vertroue gebou word op die gemeenskaplike agtergronde, geloof en ervarings. Die verbintenis is gebou op persoonlike vlak.
- Organiese eenheid, daarenteen, is gebaseer op die funksies wat mense vir mekaar verrig. Persoonlike verhoudings is irrelevant en mense word gesien as uitvoerders van sekere take eerder as persoonlikhede.

Die gemeente as liggaam van Christus kan beskou word as 'n kombinasie van bogenoemde sosiale eenhede. Die verhouding tussen lidmate behoort altyd persoonlik te wees, gebou op gemeenskaplike agtergronde en ervarings, maar in die lig van die Skrif moet hierdie eenheid ook funksioneel wees in die sin dat die een se handelinge tot voordeel van die ander moet strek. Hierin speel die beginsel van groepsdinamika 'n belangrike rol.

Groepsdinamika is die studie van die verhouding tussen die lede van 'n groep asook die invloed wat 'n groep op die individuele lede van die groep het. Die individu en die gemeenskap kan nie van mekaar geskei word nie. Die gevoel om aan 'n spesifieke groep te behoort het 'n besliste uitwerking op die gedrag van die individue (Curran, 1977:74). Om individu te wees, is om mens te wees en om mens te wees, is om individu te wees (Van der Walt, 1999:26). Volledige en gesonde menswees veronderstel dat sowel die individuele as kommunale (groeps-) aspekte van menswees ontwikkel moet word. Volgens Van der Walt (1999:27) erken die Bybel die unieke individualiteit sowel as die sosiale verbondenheid van die mens, sonder om spanning daaroor te skep en sonder om voorkeur aan een bo die ander te gee. God handel in die Skrif met individue én met gemeenskappe en eis gevolglik individuele sowel as gemeenskaplike verantwoording. Albei het slegs beperkte regte en gesag. Daar is dus 'n noue band tussen geloof en die sosiologie, omdat die geloof gedrag beïnvloed en gedrag weer een van die boustene van 'n sosiale groep is. *"The church is a transforming community"* (Richards, 1981:160).

Curran (1977:95) beweer die volgende:

> *"The manifest function of the Protestant Reformation was religious reform. One of its latent functions was to provide set beliefs consistent with capitalism. The Protestant ethic instilled attitudes appropriate to a capitalist economy – individualism, independence, competition, diligence and thrift.*

As hierdie stelling van Curran waar is, verplig dit die Gereformeerdes om dringend ondersoek in te stel na die gevolge en formulerings van die huidige belydenisskrifte,

kerkorde en formuliere. Het die Calvinistiese gereserveerdheid nie dalk meegehelp dat die individualisme ook binne die gereformeerde tradisie kon posvat nie?

### 3.2.1 *Individualisme*

Van der Walt (1999:27) som die eienskappe van die individualisme soos volg op:

- Die individu is die mees reële werklikheid, die fundamentele bousteen van die samelewing en die setel van gesag.
- Sosiale instellings of samelewingsverbande is bloot kolleksies van selfbepalende individue wat saamgekom het om 'n gemeenskaplike doel te bereik.
- Samelewingsverbande dra 'n kontraktuele karakter en bestaan alleen solank die individuele lede dit goedvind en hulle individuele regte nie geskend word nie.
- Samelewingsverbande is dus menslike uitvindings, het geen transendente (goddelike) oorsprong nie en word ook volgens menslike goeddunke ingerig, omdat daar ook nie van goddelike norme sprake kan wees nie.

Hierdie dominerende Westerse visie van individualisme het sedert die Verligting die kerk algaande meer gekonfronteer met 'n gees van sekularisasie (Pannenberg, 1989:1). Die kerklike omgewing het koud en afsydig geword teenoor godsdiens en spiritualiteit in die algemeen. Hiermee saam het 'n radikale humanisme opgebloei wat die mens die maatstaf van alle dinge gemaak het, met 'n anti-kerk en antichristelike houding. Hieruit het verskeie belangrike geesteshoudinge voortgevloei soos die twintigste-eeuse pragmatisme en hedonisme (Vorster, 1996:112). Alhoewel individualisme 'n waarheidsmoment bevat – omdat die individu wel belangrik is – word die individu met sy absolute regte oorbeklemtoon. Heel dikwels word die mens sy eie wetgewer (outonoom) en word die sosiale aard van die mens misken.

Volgens Vorster (1996:113) het hierdie lewenshouding ook die kerk binnegedring. Hy verwys na Wutnow se studie wat aantoon dat die meerderheid kerkgangers beweer dat hulle eerste na hul eie behoeftes moet omsien en dan die behoeftes van ander mense kan aanspreek. Wutnow noem hulle die *"me-generation"* en die *"mine-generation"*.

Vorster (1996:113) meen dat individualisme steeds 'n groot struikelblok in die weg van ware gemeenskapsbelewing is – ten spyte van die groeiende behoefte aan gemeenskapsbelewing as gevolg van die postmodernistiese paradigma. Die mens kan nie in 'n kokon bestaan nie en het sosiale instellings nodig om in sy basiese behoeftes te voorsien. Die tyd het moontlik ook vir die Christelike gemeenskappe aangebreek om te besef dat volle menswees en Christenwees alleen ervaar kan word as ware menslike gemeenskap weer ontdek word.

In 'n studie van Hendriks en Ludick (1993:814) het hulle bevind dat individualisme die mens in Suid-Afrika so erg beïnvloed het dat hy nie in diepgaande verhoudings betrokke wil raak nie. Die moderne mens wil homself nie meer *"commit"* nie (Vorster, 1996:113). In die sekulêre wêreld het die geloof, geloofshandelinge en institusies hulle waarde en waardigheid verloor. Die mens kan nou op grond van sy humanitêre ingesteldheid bepaal wie aandag op mediese of sosiale vlak nodig het sonder om 'n geloofsperspektief daaroor te hê (O'Donnel, 2002:234).

O'Donnel (2002:326) meen dat sosiale kontrole, erkenning van gesag en sosiale verandering drie hooffunksies van geloof is. Hiermee saam noem hy egter ook die volgende addisionele funksies:

- Sosiale kohesie, m.a.w. geloof is die sement wat die boustene van die gemeenskap saambind en wat dit 'n betekenisvolle geheel maak,
- "Rites of passage", m.a.w. geloofshandelinge wat simbolies sekere lewensfases van die individu beklemtoon binne die konteks van die gemeenskap waaraan die individu behoort (bv. doop, huwelik, begrafnis, ens.),
- Integrasie, geloof skep 'n gevoel van *"om te behoort aan..."*,
- Ondersteuningsraamwerk, m.a.w. geloof bied 'n emosionele ondersteuningsbasis in tye van nood,
- Moreel rigtinggewend, m.a.w. geloof voorsien duidelike riglyne vir gepaste optrede,
- Verklarend, m.a.w. geloof gee sin en betekenis aan die lewe,
- Heropname in die gemeenskap, m.a.w. geloof skep 'n basis waardeur uitgeworpenes weer in die gemeenskap opgeneem kan word.

Hieruit is dit baie duidelik dat die sosiale samelewingsverbande ten nouste gekoppel kan word aan die geloofsbande. Die kerk mag dus nie maar die sosiale invloed op die hedendaagse mens misken nie. Die mens wat as individu 'n behoefte het "om te behoort aan", is die gelowige wat deel van die gemeente is. As die gemeente nie werklik as 'n gemeenskap van gelowiges leef nie, kweek dit steeds die vrugte van die Verligting – individualisme.

Die teenoorgestelde van individualisme is kommunalisme en net so teenproduktief vir die gemeenskap van gelowiges.

3.2.2 *Kommunalisme*

Van der Walt (1999:25) beskryf die eienskappe van die kommunalisme soos volg:

- Die kollektiwiteit (stam, politieke party, volk of staat) is die primêre werklikheid en die setel van gesag.
- Die individu vind sy betekenis alleen binne hierdie geheel, wat ook meer is as die som van die lede.
- Alle menslike aktiwiteite is bloot die middele om die doel van die groter geheel te bereik.
- Die regte, is besit van die groter geheel, en nie van die lede nie.
- Die samelewing gee aan die mens 'n gestalte.

Die waarheidsmoment in kommunalisme is dat die gemeenskappe inderdaad belangrik is, maar kritiek moet ingebring word teen die siening dat samelewingsverbande megastrukture is – en boonop die standaard vir die res van die samelewing. Daar word dus 'n soteriologiese (verlossende) waarde aan die samelewing geheg wat verabsoluteer en vergoddelik word. Dit bring gehoorsaamheid aan die *"people"* mee en alle aktiwiteite word ingerig om die breë gemeenskap te dien.

God self tree in 'n persoonlike verhouding met elke mens in en deur Jesus Christus. Dit gaan dus nie maar net in die kerk van Christus om "een van die geheel" te wees nie. Elke

mens staan in 'n primêre, vertikale verhouding met God en sekondêr in 'n horisontale verhouding met sy geloofsgenote. Elkeen van hierdie verhoudinge is 'n Goddelike instelling. Die mens as individu, deel van die geheel, moet dit daarom ook so respekteer.

### 3.2.3 Samevatting oor die raakvlakke tussen die sosiologie en die gemeenskap van die gelowiges.

Die gemeenskap van gelowiges kan in 'n sekere sin vergelyk word met 'n *sosiaal meganiese eenheid.*

- Daar word onderling 'n sekere optrede van die gelowiges verwag gegrond op gemeenskaplike (Bybelse) lewensbeginsels.
- Geloof en ervarings kan moontlik gedeel word en die onderlinge verbintenis tussen die gelowiges is op persoonlike vlak.
- Wat egter verskil, is die feit dat 'n gemeenskap van gelowiges nie noodwendig gemeenskaplike agtergrond hoef te hê nie (ras, velkleur, taal, ens.).

Die gemeenskap van gelowiges kan egter ook in 'n sekere sin met 'n *sosiaal organiese eenheid* vergelyk word.

- Die verhoudinge is in 'n sekere sin gebaseer op die funksies wat mense vir mekaar verrig.
- Wat egter verskil, is dat persoonlike verhoudinge wel 'n prominente plek binne die gemeenskap van gelowiges het.

Ander ooreenkomste tussen die sosiologie en die gemeenskap van die gelowiges kan opsommend soos volg gelys word:

- Die individu en sy (geloofs)gemeenskap kan nie van mekaar geskei word nie.
- "Om te behoort" aan 'n groep het 'n uitwerking op die gedrag van die individu (bv. meelewing en deelname aan gesamentlike geloofsaktiwiteite – eredienste, Bybelstudies, ordelike gesinslewe).
- Die Bybel erken die unieke individualiteit asook die sosiale verband waarin mense leef. God handel met albei entiteite.

- Die individu is die kleinste fundamentele bousteen van die samelewing en dit is ook waar vir die gemeenskap van gelowiges.
- 'n Gemeenskap van gelowiges hoef nie noodwendig 'n skare mense te wees nie (kan twee of drie ook wees).
- Daar bestaan 'n sekere "kontrak" tussen individuele in 'n sosiale eenheid en ook tussen gelowiges (o.a. die Woord van God). Hierdie verbintenis word deur God geskep.

Dit mag wees dat Calvinisme 'n rol gespeel in die vestiging van individualisme, onafhanklikheid, kompetisie, werkywer en spaarsamigheid. Waar die "kontraktuele" verbintenis tussen gelowiges nie duidelik is nie, dreig sekularisasie om oor te neem. Sekularisasie plaas die individu in die middelpunt en is daarom teenproduktief vir die vorming van gemeenskappe van gelowiges – waar God sentraal staan. In 'n gemeenskap van gelowiges is die Woord van God die absolute norm en nie die reg van die individu nie. Individualisme is steeds 'n struikelblok in die weg van ware gemeenskapsbelewing.

Die moderne mens wil homself nie meer verbind (commit) nie. Onverbondenheid is 'n negatiewe faktor vir ware gemeenskapsbelewing. In enige verhouding word daar 'n verbintenis van alle partye gevra. Die uitlewing van hierdie verbintenis staan as sosiale kohesie bekend. In die gemeenskap van gelowiges sou hierdie verbintenis getipeer kon word as onderlinge liefde en meelewing.

Die gemeenskap van gelowiges behoort, soos enige sosiale verbintenis, 'n ondersteuningsraamwerk te wees wat moreel rigtinggewend is.

Dit is dus baie duidelik dat die gemeenskap van gelowiges duidelike ooreenkomste toon met die sosiale samelewingsverbande.

Die kommunale aspek van die gemeenskap van gelowiges is ewe belangrik. Tog moet daarteen gewaak word dat die gemeenskap verabsoluteer word ten koste van die individu. So 'n miskenning van die individu sou ook aan die gemeenskap 'n soteriologiese karakter gee en die fokus van die één Soter aftrek.

## 3.3 LITERATUURSTUDIE OOR DIE RAAKVLAKKE TUSSEN MAATSKAPLIKE WERK EN DIE AMPSWERK VAN DIE DIAKEN

Federico (1990:25) sê: *"Fundamental to the idea of social welfare is the concept of helping".* Maatskaplike werkers sien hulself dikwels as professionele "helpers". "Professioneel" in die sin dat hulle die nodige kennis en vaardighede bekom het om die waardes en etiek van die beroep te eerbiedig (Du Bois, 2002:5). Een van die sienings oor die diakenamp aan die begin van die twintigste eeu was Christelike armversorging (Floor, 1976:34). Daar is dus 'n duidelike verband tussen die omskrywing van die twee begrippe. Vanuit hierdie siening het die gedagte van die "barmhartigheidsdiens" (byna as "professionele" aksie) ontwikkel.

Morris (1986:17) beskryf weer maatskaplike dienste as die somtotaal van al die pogings van regerings en organisasies om armoede te verlig en hulpeloses te ondersteun om hulle mees basiese behoeftes te bevredig. Volgens Thompson (2000:3) is maatskaplike werk beslis een van die "caring professions", met die klem dat dit ook belangrike elemente van sosiale kontrole bevat (om een te beheer, beteken jy gee om [care] vir 'n ander een). Die oorlegpleging van diakens met liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen (K.O. art. 26) maak deel uit van hierdie somtotaal van die pogings van regerings of organisasies. Tog meld Thompson (2002:11) dat dit 'n baie gespesialiseerde veld is om met mense op maatskaplike vlak te werk. In die breë verband is daar dus beslis raakvlakke tussen maatskaplike werk en die dienswerk van die diakens.

Federico (1990:25) noem ook dat die hoofdoel van maatskaplike dienste is om mense te help sodat hulle effektief binne hulle sosiale omgewing kan funksioneer. Dit beteken dus nie net dat hulle voorsien word van die mees basiese oorlewingsmiddele soos voedsel, kleding, behuising en mediese behoeftes nie – hulle moet ook psigologies en sosiaal produktief wees. Maatskaplike werk kan dus gesien word as 'n "empowering profession" (Du Bois, 2002:25).

Die sosiale koste van 'n samelewing waar die maatskaplike dienste nie effektief funksioneer nie, kan baie hoog raak. Voorbeelde hiervan is die bou en instandhouding van tronke en rehabilitasiesentrums, 'n swak opgeleide werkersmag (wat lei tot oneffektiwiteit), werkloosheid, en mediese sorg aan 'n natuurlike swak nageslag omdat kinders met defekte gebore word.

Maatskaplike dienste is buiten die formele ook 'n informele en spontane hulpkragte in die vorm van sosiale instellings soos opvoedkundige inrigtings, politieke en ekonomiese sisteme, geloofsinstellings en die familie. Anders as die humanitêre ingesteldheid van die meeste maatskaplike of sosiale instellings, is die familie byvoorbeeld die institusie waardeur biologiese voortplanting plaasvind, versorging en geleentheid vir ontwikkeling gebied word en bevredigende intieme verhoudings tussen mense geskep word. Die familie as 'n sosiale instelling is die kring waarin waardes, norme en sosiale rolle geleer en gevestig word. Alle sosiale of maatskaplike instellings benodig mense om die take te vervul. Maatskaplike werkers, dokters, familielede, vriende, regslui, sielkundiges, huweliksberaders en baie ander vervul die rol van helpers (Federico, 1990:27).

Mense help mense omdat hulle 'n sin vir verantwoordelikheid teenoor mekaar het (op grond van hulle waardes). Federico (1990:28) verwys na die uitlewing van waardes as etiese gedrag. Vir die gelowiges behoort hierdie etiese gedrag voort te vloei uit God se opdrag om mekaar lief te hê.

Hierdie hulp as etiese gedrag kan as formele hulp of as informele hulp geklassifiseer word. Formele hulp beteken om 'n sekere bydrae te maak (bv. belastinggeld) waardeur die staat byvoorbeeld maatskaplike dienste in stand hou. Om 'n donasie aan 'n bedelaar te maak, is informele hulp. Beide hierdie manier van hulp kan as effektief beskou word.

Federico (1990:220-221) meen geloof (religion) is 'n maatskaplike instelling wat mense help om met die onbekende te assosieer. Geloof het te doen met die diepste lewensvraagstukke: Die betekenis van die lewe en die realiteite van die dood. Die mens se verantwoordelikheid as individu en as sosiale groep binne die samelewing. 'n

Georganiseerde godsdienstige lewe bied ook aan sy lede 'n gevoel van geborgenheid en gemeenskaplikheid en bied riglyne vir die gedrag in die daaglikse lewe.

Sedert die vroegste tye is godsdiens die grootste bondgenoot van die maatskaplike dienste. Die meeste hulp wat deur die gelowiges gebied was, is die informele hulp – in terme van versorging van die armes en haweloses, berading en ander hulpdienste. Die Christelike waardes van omgee en gemeenskaplike verantwoordelikheid is die fondament waarop die maatskaplike dienste gebou is (Federico, 1990:221).

3.3.1 Samevatting oor die raakvlakke tussen maatskaplike werk en die ampswerk van die diaken

Dit is baie duidelik dat daar duidelike raakvlakke tussen die terme bestaan.

Maatskaplike werk se hoofdoel is gegrond op die beginsel *om iemand van hulp te wees.* Dit sou dus geklassifiseer kon word as al die pogings van regerings en organisasies wat gefokus is op die basiese behoeftes van hulpbehoewendes. Hulpbehoewende mense moet gehelp word om effektief binne hul sosiale omgewing te funksioneer. Hierdie hulp is fisies sowel as geestelik van aard. Maatskaplike werk sien die samelewingsverbande soos byvoorbeeld *die familiekring* as informele hulpkrag in die bediening van hulpbehoewendes. Die familiekring sorg vir versorging, geleentheid vir ontwikkeling, intieme verhoudings en 'n kring waarin waardes, norme en sosiale rolle geleer en gevestig word. Die waardes van mense binne 'n maatskaplike groep, dryf hulle om versorgend teenoor mekaar op te tree. Hulp kan formeel wees (bv. belastinggeld) of informeel (bv. donasies). Godsdiens vorm die grootste bondgenoot van die maatskaplike wetenskappe. Daar is 'n gedeelde Christelike waardesisteem.

Die karakter *om iemand van hulp* te wees, kleef ook aan die dienswerk van die diakens. Die diakens word gesien as die helpers en die armes in die gemeentes as die hulpbehoewendes. Maar: soos wat die maatskaplike dienste 'n fisiese sowel as 'n geestelike sy het, behoort die dienswerk van die diakens ook beide te hê.

## 3.4 LITERATUURSTUDIE OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERHOUDING GEMEENSKAP VAN GELOWIGES EN DIE DIENSWERK VAN DIE DIAKENS IN DIE GKSA VAN 1927-1979.

Metateoretiese perspektiewe op die terme vanuit die GKSA se geskiedenis. Oor die term "gemeenskap van gelowiges" kan daar nie veel opgespoor word nie. Alhoewel dit 'n term is wat algemeen gebruik word, word dit selde verduidelik. Die begrippe "gemeenskap van die gelowiges (*koinonia*) en die gemeente (ekklesia) word by die aanvang van die Nuwe-Testamentiese kerk met mekaar verbind" (Hand. 2:42). Die *koinonia*-gedagte open 'n heerlike perspektief op die lewe van die gemeente wat deel het aan die Gees van Christus (Acta, 1970:342, art. 137).

Alhoewel *koinonia* in die eerste plek 'n geestelike werklikheid is, roep dit om amptelike leiding wanneer dit gaan oor die praktiese uitvoering van die dade van konkrete gemeenskapsbeoefening. Hierdie praktyk is met ander woorde 'n sterk aktief-konkrete beoefening van gemeenskap, waar *koinonia* in sy grondbetekenis verwys na: met iemand deel hê aan iets; 'n aandeel neem aan iets; iemand deelname gee aan iets.

In die Joodse godsdiens van die tyd van Jesus was die gebruik 'n gedwonge onpersoonlike armversorging deur die tempelbelasting. Hierby was daar ook die vrywillige vorm van armversorging waar een individu 'n geldstukkie aan 'n ander individu gegee het (die ontferming van 'n bevoorregte teenoor die arme in sy nederige staat). Met die instelling van die Nuwe-Testamentiese kerk verdwyn hierdie Joodse individualistiese aalmoes of barmhartigheidsmotief en die beginsel van gemeentelike versorging, met die gemeenskap van die heiliges as beheersende motief (binne die plaaslike gemeente en ook tussen gemeentes onderling).

Die rede hiervoor – en Paulus sien dit as 'n geloofsnoodwendigheid – is: waar geestelike geloofsgemeenskap is, moet daar ook stoflike gemeenskap wees. In Christus se kerk maak die gemeente dus as gemeente en vrywilliglik voorsiening vir die behoeftige geloofsgenote. En nie deur aalmoese nie, nie vanuit die motief van barmhartigheid,

neerbuigende ontferming tenoor ellendiges nie, maar om die geestelike gemeenskap konkreet uit te leef in die gemeenskap van stoflike goedere (Acta, 1970:343. art. 137).

Dit wil dus voorkom of die herlewing van die Joodse *aalmoes*-begrip gesien kan word in die besluite van die Algemene Sinode van 1927. Die term *koinonia* (met betrekking tot die amp van die diaken) is onderbeklemtoon in die formuliere van 1927 tot en met die tydperk 1964 (en verder).

### 3.4.1 Sinodebesluite

Volgens Acta (1964:a392, art. 154) kan die meeste probleme rondom die diakonale amp teruggelei word na die besluit van die Algemene Sinode van Reddersburg (gehou in 1927). Die minderheidsrapport wat op die tafel gedien het, en wat uiteindelik deur die sinode aanvaar is, se konklusies was soos volg:

*i. Die eintlike diakonale amp is armversorging (vgl. Hand. 6:3 en die bevestigingsformulier: "die eintlike werk...").*

*ii. Die diakens behoort tot die breë kerkraad.*

*iii. In die Gereformeerde Kerk is die diakenamp misbruik vir wat nie tot sy aard behoort nie (kollekteer van kerkgeld, hulp by die Nagmaalsbediening, kosterwerk). Dit het 'n foutiewe gewoonte geword. Gevolglik moet elke kerkraad geleidelik probeer om dit te verander.*

*iv. Om die diakenamp te ontwikkel word aanbeveel: diakonale verslae op meerdere vergadering en die hou van diakonale konferensies, mits dit nie 'n kerklike status verkry nie.*

Die eerste twee aanbevelings is deur die sinode by meerderheid van stemme aanvaar "in ooreenstemming met ons kerkorde en belydenisskrifte". Die ander punte is vir studie verwys. Met hierdie besluite is die diakonale amp in 1927 as *armversorging* gedefinieer en is instandhouding van die erediens daarvan losgemaak.

Die konklusies van die meerderheidsrapport van 1927, waarvan slegs punte v en vi aanvaar is, is soos volg:

*i. In die OT en NT maak armversorging deel uit van die openbare erediens.*

*ii. In die OT en NT was die armversorging deel van en verbind aan die onderhoud van die kerkdiens.*

*iii. Handelinge 6 kwalifiseer die diakenamp as nodig vir die stoflike onderhoud van die kerkdiens en kerkdienaars, maar ook vir die armes van die gemeente.*

*iv. Insameling, beheer en uitdeling van die kerklike goedere behoort by die amp van die diaken.*

*v. Al drie ampte behoort in die kerkraad verteenwoordig te wees.*

*vi. Die diakenamp moet in die meerdere vergaderings verteenwoordig word en medebeslissingsreg hê oor sake wat sy amp raak.*

Daar is opgemerk dat hierdie meerderheidsrapport sterker Skrif- en geskiedenisgebonde betoog gelewer het as die minderheidsrapport en dat hierdie besluite nie sonder meer tevredenheid en koers in die kerkverband kon gee nie. Dit was ook 'n duidelike breuk met die besluite wat in die periode 1859-1927 gehandhaaf is.

Op die volgende sinodesitting (Burgersdorp, 1930) was daar twee beswaarskrifte wat daartoe gelei het dat daar 'n duidelike tweespalt tussen teorie en praktyk ontwikkel het (Acta 1964:395, art.154). Aan die een kant is die diakens van die algemene stoflike onderhoud van die kerk onttrek en net by armversorging gevestig. Aan die ander kant is die diakonale diens betrek op die kerkgoed en armgoed. Die tradisionele beskouing na 1927 was die diakonale amp as "diens van barmhartigheid" (waaronder armversorging verstaan is). Die opdrag aan die diakens in die bevestigingsformulier het sedert 1936 soos volg gelui:

> *"En u, Diakens, wees vlytig in die versameling van die aalmoese, versigtig en blymoedig met die uitreiking daarvan. Kom die bedruktes te hulp; versorg die regte weduwees en wese; bewys weldadigheid aan alle mense, maar insonderheid aan die huisgenote van die geloof"* (SA Bybelvereniging, 1936:179).

Tydens die Algemene Sinode van 1958 dien 'n beskrywingspunt van die Part. Sinode OVS-Natal waarin die Algemene Sinode gevra word om die besluit van 1927 i.v.m. die plek

van kollekte vir die armes nader te omskryf en te verklaar. Hierdie kan as't ware as 'n heropening van die debat rondom die barmhartigheidsdiens beskou word. 'n Deputaatskap word benoem om spesifiek die liturgiese plek van die kollekte tydens die erediens te ondersoek. Hierdie ondersoek bring die ampswerk van die diaken ook weer op die tafel.

Die kostelike bydrae van die rapport wat dien voor die Algemene Sinode van 1964 is die stelling: "die weldadigheid en mededeelsaamheid: *Koinonias* 'n offer aan God deur Christus genoem word, wat die volk deur sy eie bloed gereinig het" (Agenda, 1964:218). Hieruit word onder andere afgelei a) dat die *diakonia*, as versorging van die behoeftige heiliges, nie alleen 'n spontane daad is nie, dog die plig van elke gemeente en elke gelowige en b) dat dit'n diens van die volk aan die volk (armes) tot seën vir die volk en tot eer van God, uit die genade in Christus, uit vernuwing, ter wille van Christus, as offer aan Hom is. Uit bogenoemde is dit baie duidelik , dat *diakonia* (diens implisiet in homself) 'n *leitourgia* (erediens) is. *Diakonia* het 'n baie sterk verband met die prediking, die breking van die brood, en dit moet gedoen word wat die gelowiges (gemeente) betref, op die eerste dag van die week (Agenda, 1964:219). Hierdeur word dit beklemtoon dat *diakonia* nie net hoort by enkelinge nie, maar by die hele gemeente. Hierdeur is besinning oor die term *koinonia* weer op die tafel geplaas.

In die eksegetiese oorsig (Acta, 1964:298. art. 154) word dit gestel dat die woord "*diakonos*" slegs op twee plekke in die NT duidelik na 'n ampsdraer in die kerk verwys (Fil. 1:1 en 1 Tim. 3). Selfs in Handelinge 6:1 en verder word diakonos nie gebruik in die sin van "ampsdraer" nie. Dit word eerder duidelik dat, waar die woord *dien* of *dienste* in die engere sin vir die versorging van armes gebruik word, die werk nêrens deur diaken*ampsdraers* gedoen word nie, maar deur andere soos Paulus en sy helpers. (Hand. 11:29; 12:25; Rom. 15:25; 1 Kor. 16:25; 2 Kor. 8:1-6; 2 Kor. 9:12). Hieruit word afgelei dat die woord *diakonein, diakonon* nie altyd dui op die ampswerk van die diakens nie. Daar moet dus gesoek word na 'n besondere soort *diakonia* (diens) wat die ampswerk van die diakens uitmaak (Acta, 1964:399).

Die oorheersende kenmerk van die lewe van die Nuwe-Testamentiese Kerk was die *koinonia* (gemeenskap) (vgl. Hand. 2:42,44; Hand. 4:32-37). Die eenheid was geleë in belydenis (2:42), een van hart en siel (4:32). Hierdie innerlike eenheid het ook sigbaar na vore getree toe die lidmate gewillig afstand gedoen het van besittings ten gunste van die gemeenskap, en aan elkeen is uitgedeel volgens sy behoefte (2:45).

Die gemeenskaplike tafels (saam eet) was 'n uitdrukking van "saam lewe". Daar is dus volgens Acta (1964:399, art. 154) geen rede om te dink dat dit slegs armes was wat aan hierdie tafels aangesit het. Daar is ook geen rede om te dink dat hierdie maaltye ter wille van die armes gereël is nie. Die hele gemeente het gesamentlik aan hierdie ete deelgeneem – so ook die apostels (Gal. 6:6) wat verantwoordelik was vir die reël van hierdie gemeenskapsbelewing. Die "*diakonein trapedzais*" (bediening van die tafels) was die sigbaarwording van die dieperliggende *koinonia* – die eenheid van die gemeente in Christus.

Die bevestigingsformulier vir diakens, wat die besluite van 1927 verwoord, stel dit dat die apostels in Handelinge 6 self die bediening van die armes waargeneem het (sou dit dan in Handelinge 6 gaan oor die versorging van armes). Acta (1964:400. art. 154) meen dat so 'n eksegese van Handelinge 6 moontlik sterk deur 'n tradisionele siening van die diakonale amp beïnvloed is. In Handelinge 4:34 staan daar juis dat niemand gebrek gely het nie. Daar was dus geen armes in die gemeente nie. Sou Handelinge 6 dus as Skrifgrond vir die instelling van die diakenamp as armversorging/barmhartigheidsdiens aanvaar word, word die diepe sin van die gemeenskapsbeoefening van die eerste kerk verbygekyk.

Die bevestigingsformulier haal ook Romeine 12:8 aan en maak dit direk van toepassing op die amp van die diaken. Die vraag bly of "wie uitdeel in opregtheid" juis op die amp van die diaken van toepassing is, en of hierdie woorde van Paulus nie eerder op die uitdeling vanuit die amp van gelowige dui nie.

Die bevestigingsformulier haal ook 2 Korintiërs 9:7 aan wat die uitdeling direk op die diakens van toepassing maak. Hierdie teks maak egter geen melding van die diakens wat

uitdeel nie; dit dui eerder daarop dat Paulus die gemeente in Korinte opwek om met die regte gesindheid te gee.

Vanuit hierdie siening was die woorde van die opdrag van die bevestigingsformulier vanaf 1970 soos volg:

> *"En u diakens, wees vlytig in die insameling van die gawes, versigtig en blymoedig by die uitreiking daarvan. Kom die bedruktes te hulp; versorg die regte weduwees en wese; bewys weldadigheid aan alle mense maar veral aan die huisgenote van die geloof. Wees almal saam in u dienste getrou, bewaar die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete. So sal u vir uself 'n eervolle plek verkry en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus, en hiernamaals in die vreugde van u Here ingaan"* (Agenda, 1970:203).

Die konklusie waarby die eksegetiese oorsig kom (Acta, 1964:401, art.154), is dat daar geen grond voor is om die diakenamp as armversorging te kwalifiseer nie. Die diakenamp hou wel verband met die barmhartigheid van God. Hierdie barmhartigheid moet die optrede van die hele herbore mens in die diens van God kenmerk, want dit hou verband met die liefde wat die vervulling van God se wet is. Barmhartigheid is eie aan alle ampte. Om die ampswerk van die diakens te betitel as *"die diens van barmhartigheid"* is 'n verskraling van die begrip barmhartigheid met die filantropiese gedagte dat die kerk net barmhartigheid openbaar in die stoflike versorging. Die tradisionele siening het die diakenamp geïndividualiseer en daar is toegespits op die armes – in plaas van die eenheid van die hele gemeente. Alhoewel die diakens dus ook met stoflike goedere werk, is die doel altyd geestelik. In Christus se kerk maak die gemeente dus as gemeente en vrywilliglik voorsien vir die behoeftige geloofsgenote. En nie deur aalmoese nie, nie vanuit die motief van barmhartigheid, neerbuigende ontferming teenoor ellendiges nie, maar om die geestelike gemeenskap konkreet uit te leef in die gemeenskap van stoflike goedere (Acta, 1970:343. art. 137).

Deur hierdie siening van *koinonia* en *diakonia* word die raakvlakke met die maatskaplike en sosiale wetenskappe getoon. Die kerk moet dus die sosiale en maatskaplike konteks en herkoms van die lidmate in ag neem wanneer daar besin word oor die ampswerk van die diaken.

### 3.4.2 Samevatting oor die ontwikkeling van die verhouding gemeenskap van gelowiges en die dienswerk van die diakens in die GKSA van 1927-1979

Sedert die vroegste dae van die GKSA, maar veral sedert die Algemene Sinode van 1927, word *koinonia* en die lewe van die gemeente wat deel het aan die Gees van Christus, met mekaar verbind. *Koinonia* het 'n geestelike karakter en die praktiese uitvoering van die dade van konkrete gemeenskapsbeoefening roep om leiding. Tog blyk dit dat die sinodebesluite sedert 1927 die Joodse aalmoesgedagte ondersteun en die verband tussen die begrippe "*koinonia*" en "ampswerk van die diakens" van mekaar skei. Die "eintlike werk van die diaken" is as armversorging gedefinieer en so is die instandhouding van die erediens daarvan losgemaak. Hierdie standpunte is sedert 1927 as die tradisionele beskouing gehandhaaf en die dienswerk van die diaken is as "diens van barmhartigheid" geformuleer.

In 'n rapport wat dien by die Algemene Sinode in 1964, word nuwe perspektiewe geopenbaar. Hier word klem gelê op die term *diakonia*, en dat dit die plig van elke gelowige en elke gemeente is, en dat dit 'n diens van die volk aan die volk tot eer van God is, en dat *diakonia* nie net hoort by enkelinge nie, maar by die hele gemeente.

Die Algemene Sinode van 1964 hoor ook dat *diakonos* slegs twee keer in die Nuwe Testament na 'n ampsdraer verwys. In die begrip dien of diensbaarheid (*diakonia*) moet daar dus eerder gesoek word na 'n besondere soort diens wat die dienswerk van die diaken uitmaak. Hulle hoor ook dat die oorheersende kenmerk van die Nuwe-Testamentiese gemeente die *koinonia* (gemeenskap) was en dat daar spontaan deelgeneem is aan die onderlinge versorging. Gemeenskaplike tafels was 'n uitdrukking van saam lewe.

Saam met Handelinge 6 word daar in verskeie rapporte en studiestukke 'n vraagteken geplaas agter die teksverwysings en die interpretasie daarvan wat gebruik word in die bevestigingsformulier van diakens.

Tot en met 1964 is daar geen Skriftuurlike grond gevind om die diakenamp as armversorging te kwalifiseer nie. Om die ampswerk van die diaken te tipeer as "die diens van barmhartigheid" is dus 'n verskraling eksegetiese konklusies.

'n Positiewe siening in hierdie tydperk is dat alhoewel die diakens ook met stoflike goedere werk, die doel altyd geestelik is. Tot en met 1979 het hierdie siening 'n goeie motief gebly, maar die definiëring van die geestelike doel daarvan het agterweë gebly.

## 3.5 PERSPEKTIEWE OP DIE HEDENDAAGSE TOEPASSING VAN DIE TERME.

Tydens die veertigste sitting van die Algemene Sinode (1979) word daar opnuut beswaar gemaak teen die limitatiewe bepalings van die kerkorde en formulier vir die bevestiging van diakens deur die diens van die diakens te beperk tot armversorging deur middel van stoflike gawes en trooswoorde uit die Heilige Skrif (Acta, 1979:593, art.172). Hierdie beswaarskrif van die beswaardes verwys terug na die deputate-studierapport van 1970. Die sinodes van 1973 en 1976 het telkens die besware hanteer deur daarna te verwys as 'n rapport met "moeilik eksegetiese vraagstukke" waaroor daar "deeglike besinning" nodig is. Tydens die Algemene Sinode van 1979 word die beswaar oor die formulerings van die bevestigingsformulier gehandhaaf en word besluit dat die formulier eksplisiete uitbreiding nodig het.

Hierdie uitbreiding het eerder gelei tot 'n verkorting van die bevestigingsformulier in 1982 (Acta, 1982:447, art.116). Die nuwe bewoording van die opdrag in die verkorte formulier het soos volg gelui:

> *Wees dan, diaken(s), vlytig met die insameling van die gawes, versigtig en blymoedig by die uitdeling daarvan; kom die wat in armoede en nood verkeer, tot hulp. Doen goed aan almal, maar veral aan die huisgenote van die geloof.*

*Wees getrou in u diens en wees ('n) goeie voorganger vir die hele gemeente. So sal u vir uself 'n eervolle plek verwerf in die gemeente en groot vrymoedigheid in die geloof in Christus en na hierdie lewe in die vreugde van die Here ingaan (1 Tim. 3:13; Matt. 25:21,23).*

In die studierapport wat op dieselfde Algemene Sinode (1982) dien, word daar klem gelê op die feit dat "die amp van die diaken is om die hele gemeente tot dankbaarheidsbetoon aan te vuur en die hele gemeente te leer om die nodige middele met 'n blye hart te offer". Dit is hieruit duidelik dat daar 'n denkskuif begin plaasvind. Hoe die praktyk egter daar uitsien, blyk nog 'n duistere saak. In die lig van Artikel 129 (Acta, 1982:500, art.129) blyk dit dat daar reeds in 1982 vrae ontstaan het oor die veld van diakonale diens. Hiermee saam kom die studie rondom die plek van die vrou in die kerk ook ter sprake (Acta, 1982:501, art.130, 131).

Die verkorte formuliere vir die instelling van die diakenamp is in die lig van die sinode-uitspraak oor die beswaarskrif van J.C. Coetzee terugverwys na benoemde deputate wat hieraan gewerk het (Acta, 1982:439 art.116). Na 'n uitgerekte beredenering tydens die Algemene Sinode van 1985 word besluit dat daar slegs een verkorte formulier sal wees wanneer diakens alleen (nie gesamentlik met ouderlinge nie) bevestig word en dit staan tans bekend as die *Formulier vir die Bevestiging van Diakens* (Psalmboek, 2001:149).

Uiteindelik is daar 'n reuse skuif gemaak in die formuliere (sedert 1927) om die begrippe gemeenskap van die heiliges (*koinonia*) en dienswerk van die diaken by mekaar uit te bring. Hoe dit egter in die praktyk na vore kom moet deur middel van 'n empiriese ondersoek vasgestel word.

### 3.5.1 Samevatting oor die hedendaagse toepassing van die terme

Sedert 1970 is die debat oor die limitatiewe bepalings ("armversorging deur middel van stoflike gawes en trooswoorde uit die Skrif") van die kerkorde en die bevestigingsformulier vir diakens deur beswaarskrifte heropen. Wysigings van die bevestigingsformulier het

plaasgevind en in 1982 is 'n nuwe, verkorte formulier voorgestel. Op dieselfde Algemene Sinode van 1982 word die denkskuif sigbaar deurdat die amp van die diaken geformuleer word as "'n amp om die hele gemeente tot dankbaarheid aan te spoor en die hele gemeente te leer om die nodige middele met 'n blye hart te offer".

Alhoewel daar intussen baie studie oor die ampswerk van die diaken gedoen is, het dit meer betrekking op die rol van die vrou in die kerk. Van belang vir hierdie studie is die feit dat daar met die huidige formulier 'n reuse skuif gemaak is in die rigting om die gemeenskap van die gelowiges (*koinonia*) en die dienswerk van die diaken by mekaar uit te bring. Die huidige toepassing van die Bevestigingsformulier in die praktyk is egter onder verdenking.

## 3.6 FINALE SAMEVATTING OOR DIE LITERATUURSTUDIE

Dit is baie duidelik dat daar raakvlakke tussen die begrippe *koinonia* (gemeenskap van die gelowiges) en die Sosiale Wetenskappe bestaan. Die dinamiese deelname van elke lid van 'n groep (of gemeenskap) bepaal uiteindelik die eenheidsgevoel in die groep. Mense wil graag voel hulle behoort êrens. Geloof as 'n saambindende faktor speel dus 'n groot rol in die funksionaliteit van die groep (m.a.w. dat die een optree tot voordeel van die ander in die groep en andere buite die groep).

Dit is ook duidelik dat daar beslis raakvlakke tussen die dienswerk van die diakens en maatskaplike werk is. Die hoofdoel van maatskaplike dienste is om mense te help om effektief binne hul sosiale groep te kan funksioneer. Alhoewel die diens van die diaken gesien word as armversorging, behoort dit eintlik ook ten doel te hê om mense effektief te laat deel wees van die geloofsgemeenskap. Dit behels dus meer as armversorging. Die dienswerk van die diakens is dus 'n bondgenoot van die maatskaplike dienste en die Christelike waardes en norme is 'n fondament waarop die maatskaplike dienste gebou word.

'n Literatuurstudie oor die ontwikkeling van die verhouding gemeenskap van die gelowiges en die dienswerk van die diakens het aangetoon dat 'n verskraling van die dienswerk van die diaken plaasgevind het toe dit beperk is tot armsorg en bekend gestaan het as "die diens van barmhartigheid". Sinodebesluite hieroor was byna altyd omhul met wat hulle genoem het "moeilik eksegetiese vraagstukke". Duidelikheid oor die "werk van die diaken" ontbreek steeds. Daar is wel sedert 1979 ver gevorder in die rigting dat die ampswerk van die diaken en die *koinonia* baie nou aan mekaar verbind is. Dit is sigbaar in die wysigings (reeds 'n paar keer) van die Bevestigingsformulier. Of hierdie wysigings realiseer in die praktyk, sal slegs deur 'n empiriese studie van die huidige praktyk bevestig kan word.

## 3.7 EMPIRIESE STUDIE OOR DIE VERBAND WAT DAAR BESTAAN TUSSEN DIE GEMEENSKAP VAN GELOWIGES (*KOINONIA*) EN DIE DIAKONIE MET 'N TOESPITSING OP DIE DIENSWERK VAN DIE DIAKENS

### 3.7.1 Inleiding

Elke gemeente is uniek in sekere opsigte, hoewel daar ook groot ooreenkomste met ander gemeentes voorkom. Die verskillende omgewings en agtergronde het sekerlik ook 'n invloed op persepsies. Om 'n analise van die werklikheid te maak, is dit nodig geag om die waarneming van die werklikheid van verskeie mense uit verskillende gemeentes te bepaal.

Hierdie hoofstuk is dus saamgestel met die volgende as raamwerk:

a. 'n Teorie vir empiriese navorsing
b. 'n Verduideliking van die metodiek van die empiriese navorsing
c. Die terugvoer wat verkry uit die empiriese navorsing
d. 'n Samevattende gevolgtrekking na aanleiding van die inligting

### 3.7.2 Teorie vir empiriese navorsing

Praktiese teologie het te make met die kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie (Pieterse, 1993:5). Hierdie kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie geskied in die werklikheid van die leefwêreld van gelowiges. Die samelewingsopset en die konteks waarin hierdie mense lewe, speel 'n groot rol ten opsigte van talle faktore wat hierdie handelinge kan beïnvloed (Pieterse, 1993:169). Die empiriese werklikheid is die konteks waarin mense teologiseer (Heyns en Pieterse, 1990:73) en daarom beïnvloed die empiriese werklikheid as konteks altyd die mens se teologiese teorieë (Heystek, 2000:168). Kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie druk dus altyd die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit (Pieterse, 1993:7).

Die woord *empiries* is afgelei van die Griekse woord *empeira* – wat *ervaring* beteken. Die doel van die empiriese ondersoek is daarom om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n huidige, onbevredigende (werklike) situasie, in 'n meer aanvaarbare situasie te verander (Heitink, 1999:221-225). Volgens Klostermann, Zerfass en Van der Ven, kan analises en beskrywings van die kontemporêre kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie slegs empiries gedoen word (Pieterse, 1993:170).

Deur middel van empiriese navorsing word bepaal hoe die basisteorie in praktyk werk. Daar bestaan verskeie metodes van empiriese navorsing wat Heitink (1999:229-231) soos volg beskryf:

- *Beskrywende navorsing* – die fokus is op 'n sistematiese beskrywing van die tema op grond van empiriese data.
- *Verkennende navorsing* – die fokus is op verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en waaroor geen teorie ontwikkel is nie.
- *Hipotesetoetsend* – die geldigheid van bepaalde hipoteses word getoets deur te bepaal of daar verbande tussen die werklikheid en die teorie bestaan.

In hierdie studie word 'n hipotese aan die werklikheid getoets, alhoewel min gegewens oor die werklikheid beskikbaar is.

### 3.7.3 Metodiek

'n Kwalitatiewe empiriese navorsingsmetode is in hierdie studie gebruik, waarin daar induktief te werk gegaan is en na onderhoude met betrokke mense (induktief) tot sekere bevindinge gekom is (Heyns & Pieterse, 1990:81, vgl. Leuschner, 2001:49). Halfgestruktureerde onderhoude is met 14 van die voorafgekose individue gevoer. Sewe respondente uit die stadsgemeente het verkies om – ter wille van tyd en koste – die vraelys per e-pos te voltooi. 'n Raamwerk van vrae is gebruik. Soms is die vrae meer verduidelikend gevra totdat die presiese bedoeling van die respondent bepaal is.

Die respondente vir hierdie studie is soos volg saamgestel: drie gemeentes binne die GKSA is gekies (een stadsgemeente, een semi-stadsgemeente en een plattelandse gemeente). Uit elk van die gemeentes is die volgende persone gekies:

- Die predikant as herder, leraar en toeruster;
- Een ouderling as "een wat die kudde moet regeer en versorg, toesien dat alles ordelik verloop en toesien dat die diakens hulle Goddelike opdragte getrou uitvoer" (Formulier vir die bevestiging van ouderlinge – Psalmboek, 2003:147);
- Een volwasse vrouelidmaat wat as individu deel is van die gemeenskap van gelowiges;
- Vier diakens – waarvan een of meer vroulike diakens is (wat maar bietjie meer as 'n jaar al toegelaat word om diakens te wees). Die diakens moes vanuit hulle verstaan van hulle dienswerk die vrae beantwoord.

Die finale verhouding was 15 manlike en 6 vroulike respondente (3 vroulike diakens).

Die basiese vraeraamwerk waaruit die gesprek gevoer is, is die volgende:

3.7.3.1 *Vrae oor: Gemeenskap van gelowiges*

1 Wat verstaan u onder die term "gemeenskap van gelowiges"?

1.1 Ervaar u as lidmaat van hierdie gemeente dat u deel van 'n gemeenskap van gelowiges is? Motiveer u antwoord.

2 Dink u dit is 'n belangrike eienskap van 'n gemeente om as 'n gemeenskap van gelowiges saam te leef, en waarom dink u so?

3 Hou die volgende beeld in gedagte: *Die huisgesin van God.*

3.1 Wat is, volgens u, die belangrikste band wat 'n gewone huisgesin saambind?

3.2 Wat is, volgens u, die belangrikste band wat die gemeente (as huisgesin van God) saambind?

3.3 Watter voorregte geniet die lede van 'n gewone huisgesin?

3.4 Watter verantwoordelikhede rus op die lede van 'n huisgesin?

4 Hou die volgende beeld in gedagte: *Die liggaam van Christus.*

4.1 Wat is die belangrikste gemeenskaplike verbintenis wat liggaamsdele onderling het?

4.1.1 In 'n gewone liggaam

4.1.2 In die Liggaam van Christus

4.2 Wat word met 'n siek liggaamsdeel gedoen?

4.3 Wat is nodig vir 'n liggaam om gesond te leef en te groei?

5 Wat is, volgens u, die een of twee enkele tekortkominge wat u graag sou wou hê aangespreek moet word in u gemeente as gemeenskap van gelowiges?

5.1 As hierdie tekortkominge aangespreek word: sou u dit self wou aanspreek, betrokke wees daarby, of eerder toelaat dat iemand anders dit doen?

5.2 Wat is u voorstelle?

6 Watter beeld pas die beste by u gemeente?

6.1 'n Passasiersboot met baie passasiers en enkele funksionarisse?

6.2 'n Oorlogskip waarop elkeen aan boord 'n sekere funksionaris is?

3.7.3.2 *Vrae oor: Die dienswerk van die diakens*

1 As u aan die diakens in u gemeente dink: wat doen hulle?

1.1 Is u van mening dat net enkele diakens aktief is, of is almal betrokke?

2 Doen die diakens ook huisbesoek?

2.1 Hoe gereeld?

2.2 Waaroor praat hulle tydens huisbesoek?

3 Is die diakens ook by ander projekte of dienste in die gemeente betrokke? Noem dit kortliks.

4 Watter funksies in die gemeente wat deur die diakens verrig word, kan net so goed deur iemand anders in die gemeente verrig word?

5 Is dit, volgens u, beter dat gemeentelede net deur enkele lidmate bedien word, of dink u elke gelowige behoort op sy of haar manier betrokke te raak by die ander gelowiges in die gemeente? Motiveer.

3.7.3.3 *Vrae aan: Die diakens*

1 Wat beteken die woord diaken volgens u?

2 In wie se diens staan u?

3 Wat is, volgens u, u taak as diaken?

3.1 Waarvan hou u die minste in u dienswerk as diaken?

3.2 Watter deel van u dienswerk as diaken kan ook deur iemand anders gedoen word?

3.3 Waarvan hou u die meeste in u dienswerk as diaken?

3.4 Wat motiveer u in u dienswerk as diaken?

4 Dink u die diakonie waarvan u deel is, is effektief en doeltreffend?

5 Watter voorstelle het u vir die diakonie?

### 3.7.4 Terugvoer

Die terugvoer uit die onderhoude word vervolgens bespreek. Die bespreking volg die basiese vraeraamwerk wat tydens die onderhoude gebruik is. Die verskillende respondente word aangedui deur die volgende kodes te gebruik:

| A Stadsgemeente | B Semi-stadsgemeente | C Plattelandse gemeente |
|---|---|---|
| a1 - Predikant | b1 - Predikant | c1 - Predikant |
| a2 - Ouderling | b2 - Ouderling | c2 - Ouderling |
| a3 – Volwasse vrouelidmaat | b3 – Volwasse vrouelidmaat | c3 – Volwasse vrouelidmaat |
| a4 – Diaken 1 – man | b4 – Diaken 1 – vrou | c4 – Diaken 1 – man |
| a5 – Diaken 2 – man | b5 – Diaken 2 – vrou | c5 – Diaken 2 – man |
| a6 – Diaken 3 | b6 – Diaken 3 – man | c6 – Diaken 3 – man |
| a7 – Diaken 4 | b7 – Diaken 4 – man | c7 – Diaken 4 – man |

#### 3.7.4.1 Verwerking van terugvoer

3.7.4.1.1 *Die gemeente as gemeenskap van gelowiges*

Op die vrae:

***1. Wat word verstaan onder die begrip "gemeenskap van gelowiges"?***

Die antwoorde op hierdie vraag is uiteenlopend. Die meeste van die respondente het gesê dat die gemeenskap van gelowiges bestaan uit gelowiges wat op meer as net Sondae saamleef (a3, a4, b2, b6, c1, c4, c6). Die eredienste op Sondae is deur ander getipeer as die geleentheid waar Christene saam vergader (as geredde kinders van God) (a2, a5, c3, c4, c5, c7), om God saam te dien, o.a. deur Psalms te sing – alles tot eer van die Here (a3, b4, b5, b6, b7, c5). Die gemeenskap van gelowiges is 'n groep waarvan die eenheid in Christus geleë is (c2).

Die gemeenskap van die gelowiges word ook funksioneel beskou as 'n medium om die Evangelie te bevorder (a1), om mekaar te ondersteun (a1, a5, b3), bv. om mekaar se twyfelvrae op te los (b3, c1), om onderling met mekaar mee te leef (b1, c1, a5), om ook tot diens van mense buite die kerk te wees (a4, b5, b7, c6). Dit hou in dat gelowiges in 'n span iets aanpak (a1), want "gemeenskap is 'n aksie, nie 'n versamelnaam nie" (a5).

Waarneming: Dit wil voorkom asof daar 'n goeie bewustheid is van wat die gemeenskap van gelowiges is. Die meeste respondente het gesê dat die gemeenskap van gelowiges 'n kollektiewe aard het, met 'n sekere groepsdinamika wat onderling na mekaar uitreik en buite die groepsverband ook 'n rol speel. 'n Interessante opmerking is dat *gemeenskap* 'n aksie is, en nie 'n *versamelnaam* nie.

***2. Redes waarom die gemeente waarvan hy/sy deel is, ervaar word as 'n gemeenskap van gelowiges.***

Die meeste van die respondente ervaar sy/haar gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges (a1, a2, a3, a4, a5, b1, b2, b3, b4, b5, b6, b7, c2, c3, c5, c6, c7).

Die redes hiervoor is omdat die gemeente na mekaar uitreik (a4,b2,b4,b6). Die positiewe respondente voel tuis tussen die groep mense wat gesamentlik 'n Christen-identiteit het (a5, c5, c7). Ander se belewenis van die eredienste versterk die belewing van die gemeenskap van gelowiges (a3, a4, c2), terwyl die aanvulling van mekaar se gawes en die geleentheid om dit uit te leef (b2) ook die belewenis van die gemeenskap versterk het (b2, b7, c3). Die volgende is ook as redes vir die belewing van die gemeenskap van gelowiges aangevoer: die bewustelike betrokkenheid en kennis van sake deur die predikant (b3, b4), aktiewe diensgroepe (b3, b7), selgroepe (a1), gebedsgroepe (a1), en die lidmate wat "jonk van gees" is (b7).

Alhoewel bogenoemde respondente 'n positiewe mening oor die belewing van die gemeenskap van gelowiges gehad het, is dit tog kommerwekkend dat die hele gemeente nie altyd betrokke is nie (b5), dat sommige meer deel wil voel en betrek wil

word (a3) en net soms die intieme gemeenskap beleef (a2) en selfs dat nie alles wat gedoen en gesê word in terme van die belewenis van die gemeenskap van gelowiges tot eer van die Here is nie (a2).

Sommige respondente het erken dat hulle nie deel van die gemeenskap van gelowiges voel nie (c1, c4) – ten spyte van die feit dat hulle leiersposisies in die gemeente beklee. Hulle redes was dat min lidmate aan huis kom (informeel om te kuier) (c1), daar is baie klieke wat mense polariseer (c1) en die algemene gevoel is dat lidmate nie op mekaar "ingestel" is nie (c4).

Waarneming: Daar kan nie met sekerheid gesê word of hierdie vraag altyd eerlik beantwoord is nie. Soms was die antwoorde dalk positief omdat die respondent nie negatief teenoor die gemeente wil staan nie. Die feit dat die meeste mense aflei dat 'n groot komponent van hul gemeentes nie betrokke is nie, laat die twyfel ontstaan. Die respons sou in elk geval van persoon tot persoon gewissel het. Tog was daar enkele dapper respondente (selfs predikante) wat gesê het dat hulle nie werklik deel voel van 'n gemeenskap van gelowiges nie.

**3. *Die redes waarom die respondente dink dat dit 'n belangrike eienskap van 'n gemeente is om as 'n gemeenskap van gelowiges saam te leef.***

Die response op hierdie vraag was net so uiteenlopend. Dit dui in 'n groot mate aan waarom mense graag deel wil wees van 'n gemeenskap van gelowiges. Die meeste het gesê dit is belangrik om as gemeenskap saam te leef vir die verligting van persoonlike nood (a1, a3, a4, a5, c1, c4, c6). Dit is God wat hierdie onderlinge verhoudinge skep (a1, a3, a5) en die uitleef daarvan moet as 'n opdrag gesien word (c2, c3, c5, c7). Deur in noue kontak met ander gelowiges te leef, leer ons mekaar beter ken (c4) en dit stimuleer en verbeter ook geestelike kommunikasie (c4). Elke gelowige het gawes wat hom/haar in die gemeenskap laat "inpas" (a4,b2). Die kerk moet in die gejaagde lewe kan saamstaan (b7) en daarom reken 'n groot aantal respondente dat die kerk as gemeenskap van gelowiges 'n sterk getuieniskarakter het deurdat hulle as gemeenskap

die liefde vir Christus onderling uitleef (b5, b6, c1, c5, c6). Sonder hierdie voortdurende interaksie (c1, c4), sonder saamleef, gaan die kerk dood (a5, b4). Deur in gemeenskap saam te leef, doen ons wat ons sê (bely) (a2).

Waarneming: Om as gelowiges saam te leef, hou sekere – veral fisiese – voordele in wanneer dit gaan oor die verligting van persoonlike nood. Baie sien die saamleef as opdrag van God. Dit is positief omdat dit inderdaad God is wat ons in hierdie verhouding met mekaar plaas en saambind. Dit is egter teleurstellend dat so min van die respondente ook die geestelike voordeel van die gemeenskap van gelowiges erken.

***4. Hou die volgende beeld in gedagte: Die huisgesin van God***

***4.1 Wat is, volgens u, die belangrikste band wat 'n gewone huisgesin saambind?***

Die heel belangrikste saambindende faktor in enige huisgesin is die liefde (a1, a2, a3, a4, a5, b1, b2, b5, c6, c7). Hierdie liefde word sigbaar deurdat die huisgesin sekere dinge saam doen (huisgodsdiens, kerkbesoek, katkisasie, belydenis, gebed, gemeentelike aktiwiteite, etenstye) (a1, b4, b6, c1, c2, c4, c6). Spontane deelname word gestimuleer deur goeie wedersydse kommunikasie (c1, c2, c4) en die gevoel dat mens daar hoort (a3, b1, c5). Ander belangrike saambindende faktore wat genoem is, is wedersydse respek (a3, a4), lojaliteit (a2), trou (a2), gedeelde belangstelling (b3,c1) en gesamentlike doelwitte (c6). Dit is interessant dat die Bybel (c3,c5), geloof (b7, c3), herkoms en geskiedenis (a5, c5), kultuur (a5) en bloedverwantskap nie noodwendig die belangrikste elemente vir die onderlinge band is nie.

Waarneming: Die onderlinge liefde tussen die lede van 'n huisgesin is die belangrikste saambindende faktor. Hierdie liefde moet natuurlik gedefinieer word (agape, eros, filia). Die ander faktore, hoewel minder genoem, speel net so 'n groot rol in die belewing van harmonie in die huisgesin, maar die liefde vir mekaar staan uit.

***5. Wat is, volgens u, die belangrikste band wat die gemeente (as huisgesin van God) saambind?***

Die belangrikste element in die onderlinge band van die gemeente is die persoon Jesus Christus (a1, a2, a5, b1, b6, c6). Byna net so sterk is die mening dat die liefde vir mekaar (a1, a3, a5, b2, b3) en die liefde vir God (a3, b5) die belangrikste element onder gemeenskap van die gelowiges is. Geloof (b3, c1, c3, c6), en die geloofshandelinge (b3, b7), soos kerkbesoek (b4, c2, c6), die Woordverkondiging (c7), bydraes (b4) dankbaarheidslewe (b4), aanvaarding (a4), goeie kommunikasie (c1), goeie Bybelkennis (c1, c5), vertroue op die Gees (c1, c3) en toerusting (c1) skep ook 'n samehorigheidsgevoel (c5) in die gemeente. Sommige respondente meen die belynde verbondenheid aan God se groot opdrag (a1) is die belangrikste band wat 'n gemeente onderling saambind. Ander weer sê dat die rustige atmosfeer in die erediens (b7, c4) by sommige 'n verwagting skep om as 'n "huisgesin" na God se Woord te luister.

Waarneming: Jesus Christus en die liefde vir Christus en mekaar is die belangrikste saambindende faktor in die gemeente. Gesamentlike uitlewing van die geloof speel ook 'n groot rol. Gelowiges wil nie die pad alleen stap nie.

***6. Watter voorregte geniet die lede van 'n gewone huisgesin?***

Sekuriteit en geborgenheid (a1, a2, a3, a4, b2, b3, b5, b6, c3, c5, c6, c7) is volgens die respondente die grootste voorreg wat die lede van 'n huisgesin geniet, met ander woorde die gevoel *om te behoort aan ...* (b1, b3, c4, c5). Ook hoog op die lys is onvoorwaardelike liefde (a3, a2, a4, a5, b2, b7, c6). Die ander voorregte is uiteenlopend beskryf as aanmoediging (b2, b6, c5), ondersteuning (a3, b1, b7), aanvaarding (a3, a4,a5) en stoflike versorging (a1, a2, c7) deurdat gebied word toegang tot gesinsmiddele (a5, c1, c4, c7). Daar is openlike kommunikasie (b5, c3, c4) en geleentheid vir opvoeding en kennisvermeerdering (a1, b2, c7). 'n Normale huisgesin bied stabiliteit (b7, c5) en orde (b7, c7). Ander weer het hoë waardering vir die voorbeeld van verbondsouers (b4, c1) wat gefokus is op die Woord en Christelike

waardesisteem (c1, c2). Nog voorregte is beskryf as: onderlinge hulpbetoning (a1, b1), getrouheid en vertroue (b2), leiding wat in liefde en geduld gegee word (a4), aanvulling van mekaar se gebreke (b2), intimiteit deur spesiale oomblikke (b2), verdraagsaamheid (b2), belewing van die vrugte van die Gees (b2 ), vryheid binne perke (c4).

Waarneming: Die beskutte omgewing van 'n huisgesin wat gebou word deur die liefde en die gevoel *om aan iemand te behoort*, word beskou as die belangrikste voorregte wat die lede van 'n huisgesin geniet. Die huisgesin word met ander woorde gesien as'n veilige hawe waar beskutting gevind kan word teen die storms van die lewe.

***7. Watter verantwoordelikhede rus op die lede van 'n huisgesin?***

Die meeste respondente reken die verantwoordelikheid vir huistake (a1, a5, b7, c1, c2, c4, c5) is die grootste verantwoordelikheid wat op die lede geplaas word. Hiermee kan gehoorsaamheid (a1, a2, a5, b4, b7) direk in verband gebring word, asook respek vir die hoof van die huis en sy reëls (a5, c3, c6), byvoorbeeld om helper vir ouers te wees (b6).

Indirekte verantwoordelikhede word gesien as lojaliteit (a2), m.a.w. om eg en trou aan mekaar te wees (a2, b2, c3, c5), mekaar in aanmerking te neem (b3, c4), en dus in liefde saam te leef (b1), wat gekenmerk word deur vriendelikheid (c2), dankbaarheid (b3), mededeelsaamheid (c2), die roetine te volg (c3), deel te neem aan die verbondshandelinge soos huisgodsdiens (b1, b2), om versorgend te wees teenoor mekaar (b3, b4), mekaar te geniet (b3), versoenend te leef (b5), opvoeding uit te leef (a1, b5) en 'n goeie voorbeeld na buite te stel (c7).

Waarneming: *Om iets te doen*, m.a.w. betrokkenheid en deelname aan die aktiwiteite van die huisgesin blyk die belangrikste verantwoordelikhede in 'n huisgesin te wees. Hierdie aktiwiteite is nie bloot vrywillig nie, maar berus op gehoorsaamheid aan die huisreëls en die hoof van die huis.

## *8. Hou die volgende beeld in gedagte: Die liggaam van Christus*

### *8.1 Wat is die belangrikste gemeenskaplike verbintenis wat liggaamsdele onderling het?*

#### *8.1.1 'n Gewone liggaam*

Die hoof of kop (a2, c1, c2, c4, c6) en die sentrale senuweestelsel (b1, b2, b3, c1, c4), word deur die meeste respondente beskou as die belangrikste gemeenskaplike element in die liggaam. Ander het weer gevoel dat daar geen lewe sonder 'n kloppende hart (b5,c1, c3) en 'n goeie balans in die liggaam (b7, c5, c7) moontlik is nie. Sommige respondente sien die belangrikste element as gewrigte (b1), murg (b1), bloed (b3), spiere (b3), weefsel (b3), vel (b5), siel (b6), terwyl ander eerder fokus op die funksionele soos gesonde aktiwiteite (b7), samewerking tussen alle dele (a3), interafhanklikheid/afhanklikheid (a4) – wat alles tekens van lewe (a5) is.

Waarneming: Die sentrale senuweestelsel word beskou as die belangrikste gemeenskaplike verbintenis wat die dele van 'n liggaam het: dit begin by die kop en strek tot by die kleinste seleenheid.

#### *8.1.2 In die Liggaam van Christus*

Die belangrikste gemeenskaplike element in die Liggaam van Christus is die gemeenskap met, en verbondenheid aan, Jesus Christus (a1, a2, a4, b1, b3, b4, b5, c1, c2) en die persoonlike verhouding met God drie-enig (a5, c3, c4). Hierdie verbintenis word geskep deur die Woord van God (b2, b3, b7, c1, c6). Ander gemeenskaplikhede is beskryf as die voorkoms van verskillende en gelykwaardige gawes (a3, b3) tussen die lidmate (c5). Ook die gevoel om te behoort aan die ware kerk (b2), onderlinge liefde (b3), die omgee vir mekaar (b3), onderlinge kommunikasie (b5), gesamentlike gebede (b7), die saamstaan sonder dwarstrekkery (min vrot appels) (c7)

is alles dinge wat 'n gevoel van samehorigheid (c7) skep en wat gesien word as belangrike elemente om die verbintenis uit te druk.

Waarneming: Die verbondenheid en gemeenskap aan die Hoof, Jesus Christus, geskep deur die Woord, word beskou as die belangrikste gemeenskaplike verbintenis tussen gemeentelede onderling.

***9. Wat word met 'n siek liggaamsdeel gedoen?***

'n Siek liggaamsdeel word behandel en versorg sodat daar genesing kan plaasvind (a1, a2, a3, a5, b1, b3, b6, c2, c3, c4, c5, c6, c7) – deur spesiale aandag (b1, b2, b3) en deur dit te monitor (b6) en te "medikeer" (a4, b3, b7). In hierdie proses gee die senuwees herstelboodskappe (b2, c1) aan die res van die liggaam. Die liggaam self vorm teenliggaampies (b2). Die liggaam moet deurentyd gevoed word (b3). As die siek deel nie herstel nie, moet dit geamputeer word (b1, b5), anders word die hele liggaam later begrawe (a1).

Waarneming: 'n Siekte in die liggaam moet versorg en behandel word totdat daar genesing kom. Dit voorveronderstel natuurlik dat die siekte korrek gediagnoseer word (deur 'n dokter) en dat die behandeling korrek en effektief is.

***10. Wat is nodig vir 'n liggaam om gesond te leef en te groei?***

Die belangrikste element vir die liggaam om gesond te leef en te groei wat hier uitgewys is, is voeding (a2, a3, a4, a5, b1, b2, b3, b6, c1, c2, c4, c6). Byna net so belangrik is 'n gesonde leefwyse (b1) deur gereelde oefening (a3, a5, b1, b6, c1, c4, c5, c6). Beskutting teen die omgewing in die vorm van klere vir beskerming en warmte (a2, a3, a4, b2, c7). Ander fisies elemente is vitamines (a3), medisyne (c7), en die werking van en al die ander organe wat nie gesien kan word nie (c3), soos die hart en siel (b4) en die longe (b4). Elemente soos dat die liggaam aan die kop verbind moet bly (a1), voorsorg teen siektes (b2, b5), opvoeding en stimulasie (a5, c4), interaksie en sosiale

kontak (a5) en liefde (a1, a5, b5) speel ook 'n belangrike rol in die gesonde bestaan van enige liggaam.

Waarneming: Voedsel en 'n gesonde leefwyse – waarvan oefening 'n belangrike deel uitmaak – word beskou as die belangrikste faktore vir 'n liggaam om gesond te kan leef.

***11. Wat is, volgens u, die een of twee enkele tekortkominge wat u graag sou wou hê aangespreek moet word in u gemeente as gemeenskap van gelowiges?***

Byna al die respondente sou 'n verbetering in die betrokkenheid van lidmate in hulle gemeentes wou sien (a2, c5, c6, c7) deurdat hulle meelewing (a5, b5, c2) en samehorigheidsgevoel (c5) verbeter. 'n (Klein)Toets hiervoor is telefoonoproepe met verjaarsdae (c1).

Die redes vir die tekort aan deelname was legio. Die lys is soos volg: almal in die gemeente besef nie hulle verantwoordelikheid teenoor die res nie (b1), sommige mense verwar nog *koinonia* met kliek (b7), mense ken mekaar nie regtig nie (c4), die eie-ek moet gekruisig word (c3), mense word nie toegelaat om van mening te verskil nie (c3), mense het te veel geld (c5) en besef nie hulle afhanklikheid van mekaar nie.

Waarneming: Onderlinge meelewing, algemene deelname en groter betrokkenheid is – volgens die respondente – die grootste probleem.

Die volgende voorstelle vir die verbetering hiervan is gegee: daar moet bewuste spanbou-aksies plaasvind (a1), meer bedieninge moet geïnisieer en uitgevoer word, bv. omgeegroepe (a1, c4), mense moet spontaan kan en wil uitreik na vreemdes (a1), toegespitste bediening van sekere groepe, bv. enkellopendes (a3), nuwe paradigmas moet geskep word en daar moet wegbeweeg word van vormgodsdienstigheid (kerk nie gebou nie, nuwe liturgiese inrigting – passiewe hoorders moet aktiewe meedoeners word deur sang en offergawes) (b2), die jeug en kleuters moet in hulle idioom aangespreek word (b3) die diensgroepe moet streef na kwaliteit en kwantiteit deelname

(b7), engheid moet verdwyn (a3) en daar moet 'n hersiening van "kerkdinge" plaasvind (a5).

Waarneming: Daar is verskeie voorstelle om die probleem aan te spreek. Die toets gaan wees of dit prakties uitvoerbaar gemaak kan word.

***12. As hierdie tekortkominge aangespreek word: sou u dit self wou aanspreek, betrokke wees daarby, of eerder toelaat dat iemand anders dit doen?***

Die meeste respondente was dit eens dat predikante, ouderlinge en diakens dit moet aanspreek (a1, b1,b7, c1). Omdat die meeste respondente uit hierdie groep bestaan het, wil hulle betrokke wees omdat hulle meen dat die lidmate met verskillende gawes mekaar aanvul (a1, b2, b7, c3) en dat die aanspreek van enige tekortkoming elke lid se plig is (a2, c5, c6, c7). Sommige wil beslis die leiding neem soos uit die amp van predikant (a1), ouderlinge (c2) en diaken wat hierin wil leiding gee (c4). Ander meen weer dat hulle onder leiding sal meewerk (b3, b5), terwyl sommige voel dat diegene in die gemeente wat bevoeg is die tekortkominge moet aanspreek (b4). Inligting en praktiese voorstelle moet oorgedra word aan diakens (b1), opskerping van algemene Christelike lewe – vermaning (b2, c2) spreek die mense aan – per generasie (b3), opskerping van die dankbaarheidslewe (b4), adverteer projekte en wek meer belangstelling, wees eers self betrokke (b7), skep eers *koinonia* binne diakonie (b7).

Waarneming: Almal besef dat iets gedoen moet word. Die positiewe gesindheid om 'n bydrae te maak was verblydend. Wat gedoen moet word, behoort in hoofstuk 4 aandag te kry.

***13. Watter beeld pas die beste by u gemeente?***

Die meerderheid respondente sien hulle gemeente as 'n passasiersboot met baie passasiers en enkele funksionarisse (a2, b1, b2, b4, b5, b7, c1, c4, c5, c7). Ander reken daar is 'n kombinasie van die twee beelde, naamlik 60% passasiers teenoor 40%

seemanne (a5, b3, c2, c6). 'n Enkele respondent meen daar is meer seemanne as passasiers (a1), 'n ander sien die verdeling as 50% passasiers teenoor 50% seemanne (a3), terwyl slegs twee hulle gemeente sien as 'n oorlogskip waarop elkeen aan boord 'n sekere funksionaris is (a4, b6). 'n Interessante opmerking van een respondent was dat die mense nie besef dat ons in 'n oorlog betrokke is nie.

Waarneming: Die meeste respondente sien hulle gemeente as 'n passasierskip met enkele funksionarisse. Dit reflekteer die siening dat daar baie gedoen moet word aan deelname, betrokkenheid en meelewing.

3.7.4.1.2 *Die dienswerk van die diakens*

***1. Wat is, volgens u waarneming, die hooftaak van die diakens in u gemeente? (Wanneer is hulle die sigbaarste besig met hulle dienswerk?)***

Die waarneming van die meeste respondente is dat die hooftaak van die diakens die kollekte tydens die erediens is (a1, a3, c2, c4, c5, c7). Ander sien die taak van die diakens as versorgend van aard: armes (a1, a4, a5, b1, b5), weduwees en wese (b2, b4, b5, b7), algemene barmhartigheidsdiens (a2, c1, c3), bejaardes (a1, b1) en gestremde (b1, b5). Die taak word dus primêr gesien as 'n liefdesdiens (b7). Ander take wat ook as hooftake gesien word, is verteenwoordiging in diensgroepe en deelname aan projekte (a1, b1, b2), handhawing van stabiliteit (b7), reël van funksies (a1), fondswerwing (a1), Nagmaalbediening (a3) en om die gemeenskap tussen gelowiges te stimuleer (b1).

Waarneming: Die meeste sien die diakens as kollektante tydens die erediens. Ander weer sien die taak van die diakens as versorgend van aard. Die meeste respondente het hierdie vraag nieoortuigend beantwoord omdat hulle nie heeltemal seker was wat die diakens se eintlike taak is nie.

### *2. Doen die diakens huisbesoek?*

In twee van die gemeentes word daar huisbesoek gedoen (b1, b2, b3, b4, b6, b7, c1, c3, c4). Sommige van die respondente was nie heeltemal seker nie (b5, c2). Oor die effektiwiteit en getrouheid van die huisbesoeke was daar ook twyfel. In een gemeente het 'n respondent gesê 40% van die diakens doen huisbesoek (c6), terwyl 'n ander gesê het 50% (die helfte) doen huisbesoek (c5). In een gemeente word glad nie huisbesoek gedoen nie (a1, a2, a3, a4, a5, c7).

Waarneming: Huisbesoek word gedoen, of behoort gedoen te word, volgens die meeste respondente. Die kontrole hieroor word egter bemoeilik en niemand is heeltemal seker oor die effektiwiteit van die huisbesoek nie. Een gemeente se diakens doen glad nie huisbesoek nie.

### *2.1 Indien die diakens wel huisbesoek doen, hoe gereeld doen hulle dit?*

Op hierdie vraag was daar baie onsekerheid. Die meeste het gesê dat die diakens 1 keer per jaar (b1, b2, b3, c2, c7) huisbesoek doen. Ander doen saam met die ouderlinge voor Nagmaal huisbesoek (b5), maar nie almal is hierin getrou nie (b6). Sommige doen 2 keer per jaar (c1, c3), ander (50% doen) 4 x per jaar (c4, c5, c6). Die raakste antwoord was miskien die respondente wat eerlik genoeg was om te sê dat die diakens soms met baie gesukkel huisbesoek doen (b7, c7).

Waarneming: Huisbesoek deur diakens is baie ongereeld en die frekwensie is oor die algemeen baie laag.

### *2.2 Hoeveel keer die afgelope twee jaar was 'n diaken by u aan huis?*

Die reaksie op hierdie vraag was baie wisselend: 2 keer (b1, c1), 1 keer (b2, b3, c2), nooit (b4), 6 keer (c3), 3 keer (c5), 10 keer (c6).

Waarneming: Waar die diaken en die lidmaat ook 'n ander verbintenis of verhouding het, word die huisbesoek spontaan en baie gereeld gedoen. As die diaken bloot 'n lidmaat in die wyk besoek, is dit baie ongereeld.

### *2.3 Waaroor het die gesprek tydens die huisbesoek gehandel?*

In die meeste gevalle is die gesprek gelei deur ouderling (b2, b3, c7) of dit was bloot 'n algemene gesprek oor "koeitjies en kalfies" (b5, c2, c5). In enkele gevalle is daar uitgevra na omstandighede – fisies en geestelik (b7, c5) of het die gesprek gegaan oor die werk van die diakonie (b1, c3). Een diaken het aangedui dat hulle gesprek oor die behoeftiges gegaan het en dat hy 'n teksgedeelte gelees en gebid het tydens die huisbesoek (c6). In een gemeente is 'n inligtingstuk oor die werksaamhede van die Deputate vir diakonale sake met die lidmate behandel.

Waarneming: Diakens weet nie waaroor die gesprek tydens huisbesoek moet gaan nie. In enkele gevalle was die gesprek tussen die diaken en die lidmaat geestelik van aard, maar in die meeste gevalle was die enigste geestelike kontak die Skriflesing en 'n kort gebed.

### *3. By watter ander aksies of aktiwiteite is die diakens nog betrokke?*

Die meeste ander aksies waarby die diakens volgens die respondente betrokke is, is projekte vir fondsinsameling (a4, b3, b5, b6, b7, c6, c7). Ander sien die diakens betrokke by gemeente-aksies soos gemeente-etes (b1, b5, c3, c4) gemeentekampe (b1, c3), gemeentelike uitreik-aksies na buite (a2, a4, c3, c5) en wyksfunksies (b1, c1). Sommige diakens is ook betrokke by diensgroepe (a5), webwerfbestuur (a4) en sangbediening (a4) in die gemeente terwyl ander bloot gesê het hulle weet nie by watter aktiwiteite die diakens nog betrokke is nie.

Waarneming: Die diakens tree as helpers op by groot gemeentefunksies soos verkopings en ander fondsinsamelingsprojekte.

***4. As u aan die diakens se aksies en aktiwiteite dink: dink u dit is 'n noodwendigheid dat diakens hierdie dinge moet doen of kan iemand anders in die gemeente dit net so goed doen?***

Die oorgrote meerderheid het gesê dat dit volgens hulle nie nodig is dat die diakens die take waaraan hulle verbind word, doen nie (a1, b1, b2, b3, b4, b5, b6, c2, c4, c5, c6, c7). Hierdeur gee hulle te kenne dat hulle van mening is dat iemand anders in die gemeente dit ook kan doen. Twee respondente het dit egter beklemtoon dat hierdie aksies wel deur iemand gekoördineer moet word (a2, c1).

Waarneming: As enigiemand kan doen wat die diakens tans doen, hoekom is hulle dan nodig? (Of doen hulle dalk nie regtig wat hulle veronderstel is om te doen nie?)

***4.1 Waarom dink u so?***

Die redes wat aangevoer word is dat ander mense met hulle gawes dit (die diakenamp) moontlik beter kan doen (a1, b2, b3, b5, c4, c5, c6, c7), ander mense het dalk meer tyd (c5) en alle lidmate behoort na mekaar om te sien (a1, a2, a3, b4, c6). Twee respondente het gemeen dat die diakens toegerus is en dat hulle dienswerk spontaan behoort te wees (b1, c1). Ander het gesê diakens is nie kollektante nie (c2), maar hulle besef nie hulle verantwoordelikheid nie en moet daarom beter toegerus word (c3).

Waarneming: Dit blyk dat die meeste respondente meen dat die diakens op ander gronde gekies word as dat hulle die nodige gawes vir hulle dienswerk het. Ander lidmate het dalk meer toepaslike gawes.

***5. Is daar dalk aksies in die gemeente wat deur lidmate gedoen word wat na u mening eerder by die diakens tuishoort? Soos wat?***

In hierdie gemeente is die diakens verdeel om lede van die diensgroepe te wees en vanweë die verskeidenheid diensgroepe is die diakens dus by alles betrokke (b-gemeente).
In hierdie gemeente is die lidmate meestal onaktief (c1, c4, c5) en doen die diakens meer as die gemeente, behalwe dat die diakens eerder die gemeente-ete moet reël en nie die susters nie (c2). Die gevoel in hierdie gemeente is ook dat die siekebesoek eerder deur die diakens gedoen moet word (c7).

Waarneming: Hierdie vraag is swak beantwoord aangesien die gemeente se betrokkenheid oor die algemeen laag is.

*3.7.4.1.3 Die diakens*

***1. Wat beteken die woord diaken volgens u?***

Nie een van die diakens het presies geweet wat die woord diaken beteken nie. Almal het die term probeer omskryf deur na die dienswerk van die diakens te verwys. Die meeste diakens sien hulle dienswerk as: barmhartigheidsdiens of armsorg (a4, a5), 'n liefdes- of naastediens (a4, b4) dus 'n diens aan die gemeente en aan God (b5 b6, c6). Een sien die diakens as bereidwillige "spioene van God" (b7) wat die grondwerk vir die ouderlinge doen (b7). Een erken dat hy nie presies weet wat dit beteken nie (c4). Ander sien die diaken as iemand om die gemeente te motiveer (c5); iemand wat bekend is in die gemeente en op formele en informele vlak kontak maak (c7).

Waarneming: Diakens is oor die algemeen oningelig oor hierdie aspek.

***2. In wie se diens staan u as diaken?***

Op hierdie vraag was die antwoorde eenstemmig: God/Jesus Christus/die Here (a4, a5, b4, b5, b6, b7, c4, c5, c6, c7).

Waarneming: Hieroor was almal dit eens.

***3. Wat is, volgens u, u hooftaak as diaken?***

Die antwoorde op hierdie vraag was min of meer in dieselfde rigting, alhoewel daar tog verskeie opinies is. Die meeste sien hul taak as versorging van behoeftiges (a4, a5, c6). Ander meen hul taak is om uit te reik (binne en buite die gemeente) (b4, a5), om ondersteuning te bied aan die ouderling (b6, b7) en om meelewing en gemeenskap tussen gelowiges te skep (c4, c5) deur liefde met medegelowiges te deel (b5), om nood te kommunikeer (c6) en om die diakonie se finansies te bestuur (b7). Een diaken beskryf sy hooftaak as dat hy moet weet waarom mense nie in die kerk is nie (is dit a.g.v. broodsgebrek, kwaad, moeilikheid, siekte, ens.) (c7) en beslis nie om geld in te samel nie (c7).

Waarneming: Daar is geen ooreenstemming oor wat die taak van die diaken is nie. Daar heers, om die waarheid te sê, groot verwarring hieroor.

***4. Waarvan hou u die minste in u dienswerk as diaken?***

Die meeste diakens hou die minste daarvan om geld te vra (c5, c7) of te kollekteer (b4). Lang vergaderings is ook hoog op die lys (b7, c6). Emosionele druk van situasies (a4), beperkinge om te help vanweë beperkte fondse (a5), en om voor ander mense te bid (c4), is ook dinge waarvan sommige nie hou nie.

Waarneming: Diakens hou die minste van sake wat hulle in elk geval nie veronderstel is om te doen nie.

***5. Watter van u take as diaken kan, na u mening, ook deur ander lidmate in die gemeente verrig word, en wie het u in gedagte?***

Al die take van die diaken, behalwe die persoonlike en vertroulike sake (b4, b5, b6, b7), kan ook deur ander lidmate verrig word – veral as hulle meer tyd tot hul beskikking het (c5, c6). Om by iemand huisbesoek te doen (c4) of bloot by iemand in te loer (c6) of die opneem van kollekte (c7) kan deur enigiemand gedoen word. Een respondent meen dat geen taak van die diaken deur iemand anders verrig kan word nie, omdat die diakens hulle hou by hul kerndoel en niks doen wat nie by hul taakomskrywing hoort nie (a5).

Waarneming: Die dienswerk van die diakens is so ongedefinieer dat byna enige lidmaat dit kan doen. (Wat maak hulle dienswerk dan uniek?)

***6. Wat motiveer u die meeste in u dienswerk as diaken?***

Om persoonlik iets vir die Here te doen (a4, b5, c4, c5, c6) motiveer die meeste diakens. Ander sien hul motivering in God se roeping (a5, c6), en antwoord ook daarin in dankbaarheid (b4, c5). Die feit dat dit lekker is om deel te wees van die Liggaam van Christus (b6) en deel te hê aan suksesvolle funksies (b6, c5) motiveer sekere diakens. Om op te tree namens die res van die gemeente (c6), om kontak te maak met mense (b7) en om verandering te bewerkstellig (c7) is ook alles faktore wat diakens in hul dienswerk motiveer.

Waarneming: Die grootste motivering vir die diakens is *om iets te doen.* Om self betrokke te wees. Om self in diens van Christus te wees.

### 3.7.5 Samevattende gevolgtrekking na aanleiding van die empiriese studie

Oor die algemeen wil dit voorkom of die lidmate weet wat die begrip gemeenskap van gelowiges behels. Vir die meeste is dit egter 'n versameling mense wat interaksie met

mekaar het. Die respondente het uiteenlopende menings oor wat hierdie interaksie behels. Die aktiwiteite rondom die eredienste blyk die belangrikste uitdrukking van die gemeenskap van die gelowiges te wees. Die gemeente word as gemeenskap van gelowiges ervaar omdat mense na mekaar uitreik. Tog is dit nie in alle gevalle positief ervaar nie. Die uitreik na mekaar word dikwels verbind met die fisiese (in nood) uitreik. Uitreik op geestelike vlak is byna nie genoem nie. Om as gemeente as gelowiges saam te leef, word beskou as 'n opdrag van God.

Die liefde speel in die gewone huisgesin én in die huisgesin van God 'n groot rol. Die liefde vir Jesus Christus staan sentraal in die gemeente as band wat gelowiges saambind.

Sekuriteit en geborgenheid is die belangrikste voorregte wat 'n kind in 'n huisgesin kan geniet en laat hulle met die gevoel dat hulle aan iemand *behoort*. Die grootste verantwoordelikheid wat lede van 'n huisgesin het, is om huislike take te verrig en om gehoorsaam te wees.

Die kop/hoof word beskou as die belangrikste verbintenis wat liggaamsdele onderling het. In die gemeente word die belangrikste gemeenskaplike element beskou as die gemeenskap en verbondenheid met Jesus Christus – die Hoof. Al die ander elemente is hieraan sekondêr. 'n Siek liggaamsdeel word versorg en behandel totdat daar genesing plaasgevind het. Goeie voeding en gereelde oefening word beskou as die belangrikste faktore vir 'n liggaam om gesonde te leef en groei.

'n Tekort aan deelname en meelewing is die grootste algemene probleem wat deur die empiriese studie uitgewys is en die meeste respondente beskou hulle gemeentes as 'n passasiersboot met baie passasiers en net enkele funksionarisse. Die erns van die saak word tot 'n mate besef en die meerderheid respondente sou wou meewerk om verandering teweeg te bring. Hoe daar te werk gegaan moet word, is egter onseker.

Die ampswerk van die diakens word direk in verband gebring met kollektes. Hoe, hoe gereeld en met watter sukses huisbesoeke gedoen word, kan moeilik gepeil word. Dit blyk eerder dat die diakens hierin ondergemiddeld – en selfs swak – presteer. Waar diakens ook op 'n ander vlak kontak met die wykslede het (bv. Bybelstudiegroep, vriende, familie, of in dieselfde omstandighede woon) word daar meer gereeld huisbesoek gedoen.

Die meerderheid respondente het gevoel dat dit wat die diakens doen, deur enigiemand anders ook gedoen kan word. Sommige het meer toepaslike gawes, ander het meer tyd of voel meer geroepe daartoe. Wat hiervan uitgesluit is, is die sensitiewe, persoonlike sake.

Diakens is oor die algemeen oningelig oor wie of wat hulle is. Dit lei tot groot verwarring oor hul eintlike taak. Die meeste diakens word egter gemotiveer deur die wete dat hulle iets vir die Here doen.

## 3.8 SAMEVATTENDE METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

- Daar is 'n duidelike band tussen die sosiologie en praktiese teologie. Die term *koinonia* kan vergelyk word met die begrip *sosialisering* in die sosiologie . In 'n sosiale groep word die dinamika en sukses van die groepsaktiwiteit bepaal deur die dinamiese deelname van elke lid van die groep. Net so word die dinamika en sukses van die geloofsgemeenskap bepaal deur die mate van godsdienstige sosialisering en deelname aan die geloofshandelinge.
- Beide wetenskappe bevestig dat die mens 'n behoefte het *om te behoort aan* – en daarom neem hulle deel aan groepsaktiwiteite.
- Hierdie sosiale behoefte van die mens is bevestig deur die empiriese studie, omdat dit duidelik aan die lig gekom het dat mense graag interaksie met mekaar wil hê en die behoefte het om na mekaar uit te reik.
- Die teologiese term *koinonia* is 'n vae begrip wat deur die meeste mense beskou word as 'n versamelnaam vir die groep mense binne die kerk en iets soortgelyk aan 'n

sosiale groep waarin daar van tyd tot tyd gemeenskaplike aktiwiteite voorkom en waarvan die voordeel meestal fisies (stoflik) van aard is.

- Die erediens is beskryf as die aktiwiteit waar die gemeenskap van gelowiges die beste tot uitrukking of belewing kom. Die hoofrede is dat daar gesamentlike (as groep) aktiwiteite tot eer van God plaasvind. Voorts is daar die gevoel dat dit 'n aktiwiteit is waar mense na mekaar uitreik.
- Twee eredienste per week is as onvoldoende aktiwiteite beskou om die gemeenskap van gelowiges te ervaar. Hieruit blyk dit dat die liefde vir Christus en die liefde vir mekaar, wat as belangrike gemeenskaplikhede vir 'n gemeente geïdentifiseer is, nie genoegsame elemente is vir die belewing van die gemeenskap van gelowiges nie. Ewe belangrike elemente vir die belewing van gemeenskap van gelowiges is sekuriteit, geborgenheid en die gevoel om *te behoort aan.*
- *Diakonia* is daarin geleë om deel te neem aan die erediens en om na mekaar uit te reik – meestal in die vorm van fisiese hulpbetoon. Gelowiges voel meer deel van die groep (gemeente) as hulle *iets vir die Here kan doen.* Waar mense *niks doen nie,* nie betrokke is nie, laat dit hulle voel asof hulle passasiers op 'n boot is eerder as soldate op 'n oorlogskip.
- Daar is ook 'n baie duidelike band tussen maatskaplike werk en die ampswerk van die diakens. Die raakvlakke bestaan daarin dat maatskaplike werk ten doel het om mense só te help dat hulle effektief binne hul sosiale groep kan funksioneer. Die werk van die diakens het ook 'n dienskarakter om mense in staat te stel om te midde van negatiewe omstandighede normaal te kan funksioneer. Ongelukkig is die ampswerk van die diakens verskraal tot armsorg, wat later "die diens van barmhartigheid" genoem is. Dit het diakens (en die diakens alleen) laat fokus op diegene met stoflike (fisiese) nood. Hierdie verskraling het gelei tot 'n algehele verwarring oor die "eintlike" dienswerk van die diakens. Wie die diakens is en wat hulle veronderstel is om te doen, is steeds ongedefinieerde en onbegrensde terme in die GKSA.
- Die dienswerk van die diakens word deur die lidmate gesien as die versorging van die armes. Hulle moet vir middele kollekteer en dit ook uitdeel. Hulle huisbesoeke word dikwels gesien as doelloos en eintlik kan enigiemand anders enige van die take van die diakens oorneem (uitgesluit sensitiewe, persoonlike sake).

- Diakens word ook – soos "gewone" lidmate – gemotiveer deurdat hulle *iets vir die Here doen*.

# HOOFSTUK 4
# PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE

## 4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om, na aanleiding van die model van Zerfass (1974:164-177), praktykteoretiese riglyne te gee ten opsigte van die dienswerk van die diakens – gesien in die lig van die verband wat daar tussen *koinonia* en *diakonia* bestaan. Dat die diakens 'n belangrike rol speel in die handhawing van ware *koinonia,* het duidelik geblyk uit die basisteoretiese riglyne wat in hoofstuk 2 geformuleer is.

Die metateoretiese perspektiewe en die raakvlakke met ander wetenskappe soos die sosiologie en maatskaplike werk (vgl. hoofstuk 3) het die beginsels ondersteun dat alle mense op een af ander manier deel is van 'n sosiale groep en dat die individu graag – deur deel te neem aan die aktiwiteite en 'n bydrae te maak – 'n gevoel wil ontwikkel van *om te behoort aan.* Voorts is ondersoek ingestel na die werking van die basisteoretiese beginsels in die praktyk (d.m.v. 'n kwalitatiewe, empiriese ondersoek). Hieruit het dit duidelik geblyk dat die gelowiges se verwagtinge en die praktyk baie van mekaar verskil.

Om uiteindelik praktykteoretiese riglyne te formuleer, word die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese beginsels in ag geneem en in 'n hermeneutiese wisselwerking met die situasie-werklikheid geplaas (vgl. Heystek, 2000:201; Dreyer, 2003).

In hierdie hoofstuk sal die basisteoretiese beginsels vooraf gestel word, waarna die metateoretiese perspektiewe, wat lig werp op die huidige situasie ten opsigte van die spesifieke beginsel, gestel sal word. Die doel hiermee is die artikulasie van praktykteoretiese riglyne ten einde verstellings aan die praktyk te maak, met die doel om dit nader aan die basisteorie te kry (vgl. Dreyer, 2003:129; Leuschner, 2001:68).

## 4.2 RIGLYNE OM DIE VERBAND TUSSEN DIE TERME *KOINONIA* EN *DIAKONIA* IN DIE DIENSWERK VAN DIE DIAKEN TE KONKRETISEER.

### 4.2.1 'n Beter verstaan van die begrip *koinonia*

4.2.1.1 Basisteoretiese vertrekpunt

Die term *koinonia* dui op die interaksie tussen mense waar hulle onderling stoflike en geestelik gawes uitruil tot voordeel van mekaar. Hierdie interaksie kan spontaan wees, m.a.w. vrywillige deelname, of gereguleerd, m.a.w. op grond van die verhouding waarin die betrokkenes tot mekaar staan.

In die Ou Testament is die samekoms van die gemeente geestelik van aard, alhoewel daar soms melding gemaak word van die fisiese of stoflike deelname. Die volk se absolute eenheid was geleë in hulle aanbiddingsgeleenthede rondom die offerdiens. Die primêre doelwit was die gemeenskap tussen God en volk (*koinonia*).

Die Nuwe-Testamentiese gebruik van die term *koinonia* is primêr geestelik van aard. Eerstens geestelike gemeenskap met Jesus Christus en tweedens geestelike gemeenskap met medegelowiges. In enkele gevalle word die term gebruik om na stoflike gemeenskap te verwys, maar altyd in samehang met *koinonia* (geestelike gemeenskap).

In die Middeleeue word die monargistiese episkopaat gesien as die openbaring van die eenheid van die kerk. Van *koinonia* op geestelike vlak is daar geen sprake tussen die adelstand en die leke nie

Uit bogenoemde gegewens is die volgende basisteoretiese beginsel geformuleer (vgl. 2.6.A)

- *Koinonia is 'n term wat die geestelike gemeenskap met God uitdruk asook die term wat die assosiasie of interaksie tussen mense beskryf wanneer God hulle in verhouding met mekaar plaas. Koinonia word dus sigbaar wanneer gelowiges as 'n*

*unieke gemeenskap geestelike en stoflike interaksie met mekaar het. Gemeenskap met God lei tot 'n spontane gemeenskap tussen gelowiges. Verbreking van die spontane gemeenskap tussen gelowiges (soos in die Middeleeue) lei tot 'n verwarring in die verstaan van die terme.*

4.2.1.2 Metateoretiese perspektiewe

Die metateoretiese perspektiewe dui daarop dat daar 'n duidelike band tussen die sosiologie en Praktiese teologie bestaan. Die term *koinonia* in teologie kan vergelyk word met die term *sosialisering* in die sosiologie. In 'n sosiale groep word die dinamika en sukses van die groepsaktiwiteit bepaal deur die dinamiese deelname van elke lid van die groep. Net so word die dinamika en sukses van die geloofsgemeenskap bepaal deur die mate van godsdienstige sosialisering en deelname aan die geloofshandelinge of kerklike aktiwiteite.

Beide wetenskappe bevestig dat die mens 'n behoefte daaraan het *om te behoort aan* – en daarom neem hulle deel aan groepsaktiwiteite. Hierdie sosiale behoefte van die mens is bevestig deur die empiriese studie, omdat dit duidelik aan die lig gekom het dat mense graag interaksie met mekaar wil hê en die behoefte het om na mekaar uit te reik.

Die metateoretiese perspektiewe dui daarop dat die teologiese term *koinonia* 'n vae begrip is wat deur die meeste mense beskou word as 'n versamelnaam vir die groep mense binne die kerk en iets soortgelyk aan 'n sosiale groep waarin daar van tyd tot tyd gemeenskaplike aktiwiteite voorkom en waarvan die voordeel meestal fisies (stoflik) van aard is.

Die empiriese studie het aangetoon dat die erediens die aktiwiteit is waar die gemeenskap van gelowiges die beste tot uitrukking kom. Die hoofrede is omdat daar gesamentlik (as groep) aktiwiteite tot eer van God plaasvind. Voorts is daar die gevoel dat die erediens 'n geleentheid is waar mense na mekaar uitreik. Twee eredienste per week is as onvoldoende aktiwiteite beskou om die gemeenskap van gelowiges te ervaar. Hieruit blyk dit dat die liefde vir Christus en die liefde vir mekaar, wat as belangrike

gemeenskaplikhede vir 'n gemeente geïdentifiseer is, nie genoegsame elemente is in die belewing van die gemeenskap van gelowiges nie. Ewe belangrike elemente vir die belewing van die gemeenskap van gelowiges is sekuriteit, geborgenheid en die gevoel om *te behoort aan.*

4.2.1.3 Praktykteoretiese riglyne om die verstaan van die term *koinonia* te konkretiseer

Die metateoretiese perspektiewe dui daarop dat weinig min gelowiges weet wat die term *koinonia* beteken. Aangesien *koinonia* deel van die wesenskenmerk van 'n ware geloofsgemeenskap is, word 'n doelbewuste bewusmakingsbediening nodig geag. Die term *koinonia* moet gedefinieer en omskryf word sodat elke gelowige lidmaat van die gemeente bewus is van die betekenis van die term. Hierdie intensionele bediening moet ten doel hê om alle onsekerheid en twyfel oor die term *koinonia* uit die weg te ruim. Die volgende kan as algemene riglyne dien om hierdie toegespitste bediening te fokus:

4.2.1.3.1 Algemene riglyne

- *Koinonia* is geestelik van aard.

    - *Koinonia* is gemeenskap met God.
      God kom soek die sondige mens op en tree in verhouding met hom. God inisieer die interaksie met die mens. Hierdeur word die gelowiges o.a. genoem die "uitverkore volk van God" en 'n "koninklike priesterdom". Hy skep die mens met 'n inherente behoefte om *êrens te behoort.*
    - *Koinonia* is gemeenskap met medegelowiges.
      God plaas sy kinders deur hulle geloofsverbintenis met Christus ook in verhouding met mekaar. Hierdie geloofsverbintenis met Christus is van so 'n aard dat dit moeilik effektief volgehou kan word en kan groei buite 'n (geestelik) sorgende verhouding met ander lede van die geloofsgemeenskap (Burger, 1991:99). Verbintenis met 'n geloofsgemeenskap is 'n dinamiese beginsel in die hantering van die term *koinonia.*
    - *Koinonia* is 'n geestelike voorreg.

Net soos kinders in 'n huisgesin sekere voorregte geniet, bloot omdat hulle lede van die huisgesin is, is die *deel wees van* 'n ware geloofsgemeenskap 'n onverdiende voorreg. Geloof *per se* is 'n genadegawe van God. Lidmate wat weet wie hulle is (in Christus en teenoor mekaar), kan gekonfronteer word met dit wat van hulle verwag word. Lidmate moet daarom weet dat hulle deel van 'n unieke gemeenskap is.

- *Koinonia* is 'n geestelike verantwoordelikheid.

  Net soos wat die voorregte wat 'n kind in 'n huisgesin geniet nie van die verantwoordelikhede geskei kan word nie, kan die voorregte om deel te wees van 'n ware geloofsgemeenskap ook nie van die verantwoordelikhede daarvan losgemaak word nie. Gehoorsaamheid aan die Hoof en die reëls van die huis is die primêre verantwoordelikheid.

- *Koinonia* is stoflik van aard.

  - *Koinonia* is gemeenskap in die fisiese/stoflike.

    Venter (1996:83) sê die uitspraak in Deuteronomium 15 (geen armes in Israel), is in die Nuwe Testament die *Leitmotiv* vir die beoefening van *koinonia* omdat die gelowiges alles gemeenskaplik besit het en daar praktiese maatreëls getref is om die beginsel uit die Ou Testament konkreet toe te pas. Dit blyk dus God se wil te wees dat armoede bestry moet word deur hierdie kommunikatiewe handelinge in die kerk. In die lig van die term *koinonia* as geestelike en stoflike interaksie, blyk hierdie dus 'n aksie of uitvoering van 'n opdrag deur die hele gemeente te wees. Handelinge 2:44 is duidelik hieroor: *"Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel".* Die gelowiges self was dus *almal* handelende. Hierdie *almal*-gedagte weerklink in die mens se behoefte om te behoort aan – 'n gevoel van sekuriteit en geborgenheid.

  - *Koinonia* is 'n stoflike voorreg.

    Net soos wat 'n kind in 'n huisgesin deel in al die stoflike (aardse) voorregte (bv. huisvesting, voeding, klerasie, ontspanning, erflating, ens.), deel gelowiges ook in die kollektiewe besit van die geloofsgemeenskap. Hierdie is geen gegewe of verpligting nie, maar 'n stoflike voorreg wat die gelowige toeval. Gelowiges kan

mekaar op stoflike gebied versorg, omdat almal gesamentlik deel in God se eiendom.

- *Koinonia* is stoflike verantwoordelikheid.

  Weereens kan die voorregte en verantwoordelikhede nie van mekaar geskei word nie. Elke ware gelowige (nie net diakens nie – vgl. Venter, 1996:85) word as rentmeester aangestel oor God se eiendom. Stoflike verantwoordelikheid beteken dat die gelowiges mekaar laat deel (gee en neem) in die gesindheid van ware rentmeesters. Geloofsverbintenis eis "*commitment*". Dit gaan dus hier nie net oor die *uitdeel* nie, maar ook oor die verantwoordelike *ontvang* wanneer gelowiges mekaar ondersteun. Mense wat nie ook stoflik deelneem nie, kan heel moontlik *onwelkom*, *onseker* en *onnodig* (geen geborgenheid nie) voel. Sommige neem moontlik meer geestelik deel en ander neem moontlik meer stoflik deel aan die interaksie binne die geloofsgemeenskap. Elke mens se verantwoordelikheid t.o.v. sy rentmeesterskap oor sy werk en aardse besittings moet beklemtoon word. Dit behoort in perspektief geplaas te word met Psalm 24:1: *"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here".*

4.2.1.3.2 Besondere riglyne

- *Koinonia* as term moet in die taalgebruik van die gemeente opgeneem word. So moet daar nie meer gepraat word van: *Ons gaan Sondag kerk toe nie*, maar eerder: *Ons gaan Sondag saam met die gemeenskap van die gelowiges vergader om God te aanbid.*
- Die term *koinonia* moet as doelwit deel uitmaak van die VISIE van die gemeente.
- *Koinonia* in die VISIE moet lewenskrag, rigting en betekenis aan al die gemeentelike aktiwiteite gee.
- *Koinonia* as intiemer gemeenskap met God en met medegelowiges moet in al die aktiwiteite van die gemeente nagestreef word.
  - Dit beteken dat elke byeenkoms 'n sterk geestelike én 'n sterk stoflike karakter moet hê. So byvoorbeeld moet 'n gewone vergadering van die administratiewe kommissie (of die susters, of wie ook al) se uitgangspunt wees om die lede in die eerste plek

nader aan God te bring, maar ook nader aan mekaar. As dit die fokus is, sal die doelwitte van die kommissie ook makliker bereik word. *Alles tot eer van God* is tog waaroor kerkwees gaan.

- Eredienste op Sondae moet nie beskou word as die een en alles wat die uitlewing van *koinonia* behels nie. Die geestelike eenheid wat Sondae tydens die erediens ervaar word, moet gehandhaaf word in alle fasette van kerkwees en menswees. Saam met die erediens (ingesluit in die bespreking), is die volgende elemente belangrike vertrekpunte by die belewing van *koinonia* met God en medegelowiges:
  - Die erediens
    - Interaksie met God d.m.v. 'n dinamiese (dialogale) liturgie,
    - Sakramente in die erediens moet as intieme gemeenskap met God gesien word. *Koinonia* ontspring en kulmineer in 'n sekere sin in die Nagmaal (Venter, 1996: 75).
    - Interaksie tussen medegelowiges behoort gestimuleer en bevorder te word (deur lewering van getuienisse, deur mekaar te groet, deur mekaar seënbedes toe te sing, ens.).
  - Kategese
    - Kategese behoort nie slegs 'n kognitiewe handeling te wees nie, maar moet ook gesien word as 'n ontmoeting met God (*koinonia*-geleentheid met God).
    - Kategese moet ook gesien word as 'n geleentheid waar 'n unieke komponent (kinders van dieselfde ouderdom) van die gemeente met mekaar *koinonia* kan ervaar. Sake van gemeenskaplike belang behoort hier met mekaar gedeel te word.
  - Alle kerklike vergaderings
    - Ook in vergaderings, soos op elke ander terrein van kerkwees, moet *koinonia* nagestreef word.
    - Inleidende Bybelstudie en toerusting uit die Woord behoort elke vergadering en byeenkoms se vertrekpunt te wees.
  - Bybelstudie
    - Elke keer wanneer die Woord van God op formele wyse geopen word, vind daar *koinonia* met God plaas.

- Die vrymoedigheid van medegelowiges moet hier aangewakker word om spontaan deel te neem aan die gesprek.
- Huisbesoek en huisgodsdiens
  - Hierdie is nie maar kuiergeleenthede nie, maar juis geleenthede waartydens *koinonia* met God op 'n baie intieme en persoonlike vlak plaasvind.
  - Hier moet alle lede van die huisgesin betrek word – oud en jonk. Sodoende kan daar ook in die kleinste sel van die gemeente (die huisgesin) spontane *koinonia* onderling ontstaan, wat meer vrymoedigheid in die groter kring bewerk.
  - Skep 'n program vir huisgodsdiens.
- Persoonlike godsdiens/stiltetyd
  - God staan in 'n een-tot-een-verhouding met sy kinders en daarom moet hierdie *koinonia*-geleentheid met God aktief bevorder word. Lees en oordenking van die Woord, en om in gebed tot God te nader, moet aangemoedig word.
  - Vanuit 'n persoonlike verhouding met God, word daar maklik gemene grond gevind om ook in groepsverband te kan deelneem.
  - Skep 'n program vir persoonlike godsdiens.

- Die ingeskape behoefte aan sekuriteit, geborgenheid en die gevoel van elke mens *om te behoort aan* moet gebruik word om mense honger te maak vir gemeenskap met ander gelowiges en hulle moet self aktiewe deelnemers word. Daar moet meer geleenthede vir interaksie geskep word. Voorbeelde is:
  - Kleingroepbediening, wat reeds met groot vrug gebruik word, moet aktief bevorder en gekontroleer word,
  - Spontane sangbediening kan 'n groot rol speel om betrokkenheid te bevorder,
  - Kuier-by-mekaar projekte moet aangemoedig word sodat die gemeente mekaar beter kan leer ken,
  - Uitstappies, en
  - Uitreik-aksies moet as middele gesien word om mense in spanverband betrokke te kry en sodoende vriendskapsbande te bou en *koinonia* te bewerk,

- Die doodgewone alledaagse maaltye van die gelowiges was 'n konkretisering van die liefdesband met God en mekaar (Venter, 1996:51). Hierdie konkretisering moet gesoek word in doodgewone alledaagse sake tussen alle lidmate. Die wil sê: *om positief deel te wees van iemand anders se lewe* moet die uitgangspunt wees.
- Die gemeente moet toegerus word om spontaan teenoor *mekaar koinonia* na te streef (Kyk al die "mekaar"-tekste, vgl. Van Heyningen, 1996:9).
- Elke lidmaat moet weet hoe *koinonia* tot uitdrukking kom. (Hoe is dit sigbaar?). Bybelse metafore wat hier seker die mees toepaslike is, is die *Liggaam van Christus*-model en die *Huisgesin van God*-model. Aktiewe en bewuste gebruik van hierdie metafore kan die gees van individualisme en privaatheid wat daar by die mens van 2004 bestaan, teëwerk, sodat hy spontaan en vrywillig aan geloofsverhoudinge en kerklike aktiwiteite sal wil deelneem.

### 4.2.2 'n Beter verstaan van die term *diakonia*

#### 4.2.2.1 Basisteoretiese vertrekpunt

*Diakonia* het in wese 'n hulp- of dienskarakter. *Diakonia* verg inspanning en opoffering. *Diakonia* het ten doel om geloofshandelinge te stimuleer. Indien hierdie geloofshandeling vanuit 'n positiewe gesindheid plaasvind, word daar na die persoon wat *diakonia* beoefen, verwys as 'n *diakonos*.

In die Ou Testament was die hoëpriester en ander priesters verantwoordelik om die gemeenskap (*koinonia*) tussen God en sy volk te herstel deur hulle dienswerk (*diakonia*).

In die Nuwe Testament vloei die term *diakonia* voort uit die term *koinonia*. Daar waar gelowiges *koinonia* (geestelike gemeenskap) beleef het, het *diakonia* spontaan plaasgevind. Die omgekeerde is ook waar: waar *diakonia* plaasvind, word *koinonia* beleef. Die twee terme is in wese onskeibaar.

Luther meen die vryheid van die mens is beperk tot die onderlinge band tussen gelowiges en dat gelowiges almal saam knegte en dienaars is. Hierdie onderlinge diensbaarheid gee sin aan die lewe.

Uit bogenoemde gegewens is die volgende basisteoretiese beginsel geformuleer (vgl. 2.6.B)

- *Diakonia is 'n doelbewuste deelname en bewerking van die geloofsaktiwiteite met die doel om by te dra of hulp te verleen om koinonia (gemeenskap) te bewerk. Diakonia verg inspanning. Diakonia kan spontaan of gereguleerd wees.*

4.2.2.2 Metateoretiese perspektiewe

Die perspektiewe vanuit die metateorie dui daarop dat *diakonia* daarin geleë is om deel te neem aan die erediens en om na mekaar uit te reik. Hierdie uitreiking na mekaar word meestal in die vorm van fisiese hulpbetoon gesien. Dit het ook duidelik aan die lig gekom dat gelowiges *wat iets vir die Here kan doen*, meer deel voel van die groep (gemeente). Wat hierdie *iets* is, is egter ongedefineerd.

Die empiriese ondersoek het aan die lig gebring dat die gevoel van die meeste lidmate is dat hulle deel van 'n passasiersboot is – met enkele funksionarisse (kerkraad en diakens) en baie passasiers. Lidmate wat soos passasiers op 'n passasiersboot voel, meen hulle *doen niks nie.*
Hierdie gevoel van lidmate dui dus op 'n toestand van onbetrokkenheid, lae deelname en swak meelewing.

Die empiriese ondersoek het ook bevestig dat hierdie nie 'n aanvaarbare toestand is nie. Die onbetrokkenheid word beskou as 'n negatiewe situasie wat dringend aandag verg. Die meeste van die respondente het aangedui dat hulle graag sal wil meewerk aan 'n oplossing. Oor wát die oplossing is, was daar egter nie sekerheid nie.

### 4.2.2.3 Praktykteoretiese riglyne om die verstaan van die term diakonia te konkretiseer

Die kerk is nie 'n doel op sigself nie en die kerk bestaan nie vir homself nie. Die kerk as geloofsgemeenskap moet in navolging van die Hoof van die kerk ook 'n diensgemeenskap wees.

#### 4.2.2.3.1 *Algemene riglyne*

- Die term *diakonia* moet *gedefinieer* word.
  - *Diakonia* moet nie in die eng sin van die woord verstaan word as die diens van die diaken nie.
  - *Diakonia* verwys na diens aan die Hoof van die kerk.
  - *Diakonia* verwys na diens aan die medegelowiges in die kerk.
  - *Diakonia* verwys na diens in die wêreld, buite die kerk.
- Die term *diakonia* moet *omskryf* word.
  - *Diakonia* is 'n inspanning en opoffering om gelowiges *koinonia* te laat ervaar.
  - Erkenning moet gegee word aan die noue verband tussen *diakonia* en *koinonia.*
- Die term *diakonia* moet *aanvaar* word.
  - Gelowiges moet besef dat elkeen in diens van God staan tot voordeel van die naaste.
  - Elke lidmaat is profeet, priester en koning in eie reg.
  - Elke lidmaat het dus 'n rol te speel en 'n funksie om te verrig.
  - Elke lidmaat moet besef dat *diakonia* selfverloënend is (soos Jesus in sy dienswerk).
  - Elke lidmaat moet besef dat dade en diens nie die gevolg van geloof is nie – dit is self deel van geloof.
  - *Diakonia* moet as 'n omvattende term gebruik word. *Diakonia* sou dus dade soos "getuienis, liefdesdade, geloofsdade, sending en werke" kon insluit.
  - *Diakonia* en die *amp van die gelowige* moet baie nouer verbind word. Burger (1991:129) vat dit saam deur sy stelling dat *die waarheid van die Christelike geloof nie in die eerste instansie 'n leer-waarheid is nie, maar 'n leef-waarheid.*

4.2.2.3.2 *Besondere riglyne*

- *Diakonia* moet gekonkretiseer word deurdat alle lidmate vanuit hulle gemeenskaplike eenheid in Christus in liefde na mekaar uitreik.
  - Dit kan in die vorm van selfgekose, "amptelike" diensgroepe wees (ontdek-jou-gawes-model),
  - Dit kan in die vorm van spontane, "nie-amptelike" diensgroepe wees,
  - Dit kan in die vorm van kleingroepe wees,
  - Dit kan in wyksverband plaasvind.
- Onderlinge versorging tussen lidmate (gedryf deur hul liefde vir en eenheid in Christus) moet gestimuleer word, sonder dat die diakonie noodwendig betrokke is.
- Die individue met sy of haar unieke gawes moet – binne die regte diensgroep – tot voordeel van die gemeenskap van die gelowiges aangewend word.
  - Die uitdaging in die huidige konteks is om die individu se regte en vryhede nie as teenstrydighede te sien nie, maar dit juis so te in te kleur dat die individu met sy unieke gawes besef dat hy 'n rol te speel en 'n diens te verrig het in die gemeenskap van gelowiges. Binne die geloofsgemeenskap moet hierdie individualiteit nie na *binne* gerig wees nie, maar die ontplooiing en diensgerigtheid moet na *buite* wees. Hierdie gesindheid moet geskep word sonder dat die pogings om die individu by die aktiwiteite van die gemeente betrokke te kry, lyk na wettisisme.
- Saam met Burger (1991:130) moet gestel word dat een van die dringendste oogmerke van die kerk moet wees dat daar eksplisiet geformuleer moet word dat daar van alle lede van die geloofsgemeenskap verwag moet word om betrokke te wees by die een of ander vorm van dienswerk – selfs as strukture en prosesse gewysig moet word om hierdie doelwit te bereik. "Commitment" moet dus geëis word.
- *Diakonia* is intrinsiek deel van die geloof en die effektiewe funksionering van die geloofsgemeenskap en alle lede van die geloofsgemeenskap behoort op een of ander manier daaraan deel te neem. Geen mens kan reg glo as hy nie ook reg dien of doen nie. Aktiewe deelname behoort nie as 'n opsie gesien te word nie.

### 4.2.3 'n Beter verstaan van die term *diakonos*

#### 4.2.3.1 Basisteoretiese vertrekpunt

Die priester in die Ou Testament was in hulle dienswerk tydens die offerdiens knegte (helpers, diakonoi) van God. Jesus Christus (as Enigste Hoëpriester), Kneg van die Here, sou homself later *Diakonos* (Dienskneg van God) noem. Die term *diakonos* word in die Nuwe Testament baie wyd gebruik. Dit wissel van enkelinge as kelners by 'n maaltyd tot heidense regerings wat in diens van God is.

In die Roomse Kerk was die diakens helpers van die priesters en biskoppe tydens die kultus (Eucharistie, liefdesmaaltye en armsorg). Hulle was ook verantwoordelik vir die insameling van liefdegawes wat deur die priesters versprei is. Diakens was tafelbediendes en bediendes van die weduwees. Offergawes het dikwels in die sakke van die biskoppe beland en groot somme geld is gespandeer aan kerkgoedere. Tydens die kruistogte het geestelike ridderordes ontstaan en later maatskaplike dienste wat die rol van die kerk oorgeneem het. Die gevolg was dat die onderlinge meelewing in die gemeentes heeltemal uitgesterf het.

Luther se siening dat die owerheid ook kneg van God is, is later gesekulariseer en die samewerking tussen staat en kerk het ontaard in 'n sosiale hulpverlening.

Die tydperk van die Verligting en die gepaardgaande humanisme het ook nie werklik die beeld van die diaken, as amptenaar *voor wie die armes moes kruip,* afgeskud nie. Tog het die kerk en staat se aksies om armoede te bekamp uiteengeloop. Die staat het tot 'n nuwe besef van die verantwoordelikheid teenoor die armes gekom. Die grootskaalse samewerking tussen diakonieë en diakonale inrigtings in hierdie tyd lei tot die oprigting van tehuise en kinderhuise.

Sedert sy totstandkoming het die GKSA die diaken as helper of dienskneg van die ander ampte gesien. Alhoewel die diakenamp sedert 1927 onafhanklik ontwikkel het, was die

ontwikkeling nie altyd positief nie (twyfel oor die *eintlike werk* van die diaken bestaan vandag nog).

Uit bogenoemde gegewens is die volgende basisteoretiese beginsel geformuleer (vgl. 2.6.C)

- *Diakonos is 'n beskrywing van 'n gelowige wat in gemeenskap met God, in diens van God tot diens en hulp van medegelowiges optree. 'n Diakonos kan amptelik of nieamptelik optree tot geestelike en stoflike voordeel van ander gelowiges (en niegelowiges).*

4.2.3.2 Metateoretiese perspektiewe

Die metateoretiese perspektiewe dui op die baie duidelike band tussen maatskaplike werk en die ampswerk van die diaken. Die raakvlakke bestaan daarin dat maatskaplike werk ten doel het om mense só te help dat hulle effektief binne hul sosiale groep kan funksioneer. Die werk van die diakens het ook 'n dienskarakter om mense in staat te stel om te midde van negatiewe omstandighede normaal te kan funksioneer. Ongelukkig is die ampswerk van die diakens verskraal tot armsorg wat later "die diens van barmhartigheid" genoem is. Dit het diakens (en die diakens alleen) laat fokus op diegene met stoflike (fisiese) nood. Hierdie verskraling het gelei tot 'n algehele verwarring oor die *eintlike dienswerk* van die diakens.

Die empiriese ondersoek het bevestig dat daar verwarring by lidmate bestaan oor die *eintlike dienswerk* van die diakens. Die dienswerk van die diakens (in praktyk: wat staan 'n diaken te doen?) is tans ongedefinieerde en onbegrensde terme in die GKSA. Die lidmate sien die dienswerk van die diakens as die versorging van die armes. Hulle moet vir middele kollekteer en dit ook uitdeel. Lidmate beskou die huisbesoeke van die diakens dikwels as doelloos (hulle het eintlik niks om te sê nie). Die lidmate meen ook dat enigiemand anders enige van die take van die diakens kan oorneem (uitgesluit sensitiewe, persoonlike sake).

Die empiriese ondersoek het aangetoon dat die verwarring oor die *eintlike werk* van die diaken ook onder diakens bestaan. Daar was weinig ooreenstemming oor die vraag wat die hooftaak van die diakens is. Sommige het selfs gemeen dat enige ander lidmaat die taak kan oorneem. Die motivering vir die diakens om hulle dienswerk te verrig, stem ooreen met die motivering van gewone lidmate tot geloofshandelinge: elkeen wil graag *iets vir die Here doen.*

4.2.3.3 Praktykteoretiese riglyne om die verstaan van die term *diakonos* te konkretiseer

4.2.3.3.1 *Algemene riglyne*

- Die dienswerk van die diakens moet op die *hele gemeente* gerig wees en nie net op die armes nie (want as daar geen armes is nie, impliseer dit dat die diakens niks het om te doen nie).
- Die diakens se fokus moenie barmhartigheid wees nie, maar *deelname* en *betrokkenheid.*
- Diakens moet onderling (as unieke groep binne die geloofsgemeenskap) *koinonia* ervaar, anders sal hulle dit nooit kan aanmoedig nie.
- Diakens moet *spontane deelname* by alle gemeentelike aksies (klein en groot) bevorder.
- Wanneer diakens deelname (interaksie) van lidmate verhoog, behoort dit 'n positiewe invloed op die gemeenskap (*koinonia*) te hê.

4.2.3.3.2 *Besondere riglyne*

- Verhoging in deelname moet gerig wees op *geestelike deelname.*
  - o Verhoogde deelname beteken beter bywoning van eredienste, kategese, Bybelstudies, en hou van huisgodsdiens, ens. (vgl. 4.2.1.3.2).
  - o Hoe groter die betrokkenheid van lidmate by die gemeentelike aktiwiteite, hoe beter en meer sal almal kan deel in die gawes (geestelik en stoflik/fisies).

- 'n Oproep tot gemeentelike betrokkenheid en deelname hoort dus by die diakens. Die gevolge en redes hiervoor behoort deur die diakens aan die gemeente gekommunikeer te word. (Hierdie sou moontlik 'n nuwe dimensie aan die *antwoorddiens* van die gemeente in die liturgie van die erediens kon gee).

• Verhoging in deelname moet gerig wees op *stoflike/fisiese deelname.*
  - Die diakens behoort *in die erediens* (sien vorige punt), maar veral ook *ander* geleenthede te skep, waaraan die gemeente kan deelneem.
    - Wanneer 'n lidmaat byvoorbeeld nie die erediens kan bywoon nie (nie geestelike *koinonia* beoefen nie), behoort die diakens toe te sien dat die probleem opgelos word.
    - Prakties kan dit byvoorbeeld beteken dat die persoon vervoer moet word of 'n kasset van die preek moet ontvang. Die geheim vir betrokkenheid is egter dat die vervoer of die aflewering van die kasset nie deur die diaken self nie, maar deur iemand wat oënskynlik onbetrokke is, behartig sal word. So word die probleem positief na twee kante toe aangespreek. Nou is die diaken nie noodwendig die "kelner" nie, maar die gewone lidmaat word ingespan. Sodoende voel die gewone lidmaat dat hy "iets vir die Here" doen – hy voel sy deelname is nodig. Hy voel dat hy "behoort". Hierdie positiewe gesindheid lei op sigself weer tot 'n gevoel van sekuriteit en geborgenheid.
    - Wanneer daar ooglopend onbetrokke lidmate is, kan hulle betrek word by administratiewe take. So 'n lidmaat kan gevra word om aan iemand of 'n groep ander mense 'n boodskap of inligting deur te gee by wyse van 'n telefoonoproep. So raak sy gevoel van *behoort aan* sinvol en voel hy *nodig.*

• Verhoging in die *mekaar-bediening* vra 'n model waar *diakonia* aktief terugplaas word in die hande van die lidmate.
  - Hierdie model vereis goeie kommunikasie en administrasie.
  - In hierdie model is daar nie 'n diaken per wyk nodig nie. (Soos in die Jerusalem-gemeente in Handelinge 2 kan dit gebeur dat 'n gemeente van 3000+ deur sewe manne tot onderlinge meelewing aangespoor word).

- o In hierdie model word daar nie noodwendig vier besoeke per kwartaal van die diaken vereis nie (wat in elk geval nie getrou gedoen word nie). Hierdie model vereis eerder effektiewe kommunikasie en toerusting, ook op ander maniere as deur middel van 'n huisbesoek.
- o Hierdie model vra dus 'n kernspan met goeie kommunikasievaardighede (die "Sewe" in Handelinge 6 was almal Grieksprekendes). Die belang van hierdie feit in terme van kommunikasie en die vermoë om mense te betrek en toe te rus om mekaar te bedien, mag nie betwyfel word nie.
- o Hierdie model maak nie onderskeid tussen manlike en vroulike diakens nie, want die fokus is eerder op die dienswerk van al die gelowiges (mans sowel as vroue).
- o Hierdie model konsentreer nie op jong manne (wat die perde moet oppas terwyl die ouderling huisbesoek doen – soos vroeëre die geval was in die GKSA) nie, maar betrek ook ouer mense wat meer tyd tot hulle beskikking het, dikwels oor goeie kommunikasievaardighede beskik en gesagvol met ander mense kan omgaan.
- o Hierdie model vra vir 'n besondere mens wat "*goeie karakter het, nie uit twee monde praat en nie op winsbejag uit is nie, in opregtheid aan die geopenbaarde waarheid van die geloof vashou. Net so moet die vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en betroubaar in alles*" (1 Tim. 3:8-11).

### 4.2.4 'n Beter verstaan van Handelinge 6 en die instelling van die diakenamp

#### 4.2.4.1 Basisteoretiese vertrekpunt

In Handelinge 6 word die terme *koinonia* en *diakonia* afwisselend gebruik. Die gemeenskap van die gelowiges (*koinonia*) in die gemeente was onder druk as gevolg van die *diakonia* wat agterweë gebly het. (Hier is geen sprake van armes nie, wel Griekse weduwees.) Om hierdie probleem met die *diakonia* (en dus *koinonia* - Venter, 1996:73) aan te spreek, word sewe Griekse manne. Herstelde *diakonia* sou hopelik ook tot die herstel van die *koinonia* lei. Griekse manne moes met die Griekse weduwees kommunikeer. Uit die feit dat hierdie manne ook evangeliste en apostels was, kan afgelei word dat die *diakonia* veral 'n geestelike kommunikatiewe komponent gehad het. Die

redenasie was; omdat ons aan Christus behoort, behoort ons ook aan mekaar (Venter, 1996:73). Grieke wat mekaar bedien, sou uiteraard ook mekaar se kultuur en agtergrond ken.

Sewe manne moes 'n gemeente van 3000 of 5000 lidmate bedien. Sou die getal sewe eerder in simboliese terme verklaar word, kan afgelei word dat die *diakonia* wat hulle verrig het voldoende of volledig was. Dit sou ook daarop kon dui dat diegene wat verantwoordelik is om die *diakonia* in stand te hou altyd voldoende of volledig moet wees.

Calvyn neem sy siening van Bucer oor, met 'n sterk klem op die geestelike bediening. Hy maak dus onderskeid tussen geestelike en administratiewe diakens. Ook Voetius onderskei 'n paar diakonaatampte, waarvan die diakonie een is.

Uit bogenoemde gegewens is die volgende basisteoretiese beginsel geformuleer: (vgl. 2.6.D)

- *Handelinge 6 kan nie sonder twyfel beskou word as die locus classicus vir die instelling van die diakenamp nie. Hier is wel 'n prototipe amp wat daarop gerig is om deur diakonia die koinonia te herstel. Die "sewe" in Handelinge 6 kan moontlik ook 'n simboliese waarde hê. Sewe Grieke dui moontlik daarop dat die rede vir hulle aanstelling baie spesifiek was.*

4.2.4.2 Praktykteoretiese riglyne om die rol van Handelinge 6 en die instelling van die diakenamp te konkretiseer

- Daar moet ernstig en diepsinnig na Handelinge 6 gekyk word – veral in die lig van die toepassing daarvan op die amp van die diaken.
- Die limitatiewe gevolgtrekkings wat uit Handelinge 6 gemaak word, werk nie positief in op die amp van die diakens nie.
- Die fokus moet verskuif word vanaf tafelbediening as *armsorg* en *barmhartigheid* na tafelbediening as 'n handeling om *koinonia* te bewerk.

- Hierdie *tafelbediening* moet gesien word as geleenthede waar die gelowiges met God en met mekaar gemeenskap het.
- Hierdie *tafelbediening* moet die diakens kreatief en opnuut laat dink oor geleenthede wat geskep kan word sodat gelowiges met God en met mekaar gemeenskap kan hê.
- Die diakens moet "*die taal van die gemeente*" praat. Tradisionele metodes van gemeenskap beoefen, spreek nie noodwendig die postmoderne mens aan nie. Die tendense van die tyd moet daarom in gedagte gehou word.

- As die uitkoms (groter deelname en betrokkenheid) nie (volledig en meetbaar) bereik word nie, gaan die hoeveelheid diakens van geen belang wees nie.
  - Al het elke twee gelowiges een diaken en daar is nie gemeenskap – interaksie – tussen die gelowiges nie, slaag die diakens nie in hulle taak nie.
  - Die omgekeerde is ook waar: as een diaken dit regkry om interaksie tussen 100 mense te bewerkstellig, dan slaag hy of sy by uitstek.
- Die betrokkenheid van elke individuele lidmaat moet aangespreek word (indien nodig deur die ouderling).
- Die rol van die ouderlinge moet in die lig van Handelinge 6 ook herdefinieer word.
  - Die ouderlingamp is nie dieselfde amp as die van apostel nie. Die ouderlinge is nie voltyds besig met verkondiging van die Woord en gebede nie; hulle behoort toe te sien (regerend) dat daar geestelike *koinonia* plaasvind tussen God en mens en mens en mens. As dit nie plaasvind nie, moet die diakonie en die lidmate daaroor aangespreek word.

In die lig van bogenoemde word gepleit vir enkele wysigings in die bevestigingsformulier, wat die klem en fokus van die dienswerk van die diaken sal rig op aansporing tot deelname en betrokkenheid van die hele gemeente.

| <u>Huidige formulier</u> | <u>Voorgestelde wysiging</u> |
|---|---|
| "Saam met u medediakens moet u | "Saam met u medediakens moet u ***almal besoek en aanspoor om:*** |
| - almal besoek en aanspoor om daadwerklike liefde teenoor die | - daadwerklike liefde teenoor die medegelowiges en alle mense te bewys; |

| | |
|---|---|
| medegelowiges en alle mense te bewys; | • (die eintlike taak van die diaken is dus om die gemeente aan te spoor tot *diakonia* en *koinonia*). |
| - deur elkeen te besoek, sorg dra dat nie een deur armoede, eensaamheid of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie; | - ***mekaar onderling*** te besoek ***en*** sorg ***te*** dra dat nie een deur armoede, eensaamheid of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie; • (die eintlike taak van elke gelowige) |
| - die middele wat gegee word tot diens van die wat in nood verkeer sorgvuldig beheer, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitdeel." | - die middele ***wat God aan elkeen (elke gelowige) gee*** tot diens van die wat in nood verkeer sorgvuldig beheer, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitdeel." • (die verantwoordelike opdrag aan elke gelowige, as rentmeester ) |

Indien die gelowiges op so manier aangevuur om by mekaar betrokke te raak en mekaar tot diens (*diakonia*) te wees, kan die gemeente as ware geloofsgemeenskap *uitkringende liefdesbetoon* toepas (Venter, 1996. Titel van die boek). Dan kan die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap (Burger, 1991. Titel van die boek) tot sy reg kom.

## 4.3 SAMEVATTENDE RIGLYNE

- Die geestelike karakter van *koinonia* moet een van die wesenskenmerke van elke gemeente wees. Geestelike gemeenskap met God en geestelike gemeenskap met medegelowiges moet doelgerig nagestreef word. Hierdie geestelike gemeenskap kan op verskeie maniere aangemoedig, gevestig en versterk word. Die belangrikste bydraende faktore is die deelname aan die erediens, Woordverkondiging, kategese,

Bybelstudies, huisgodsdiens, persoonlike godsdiens en die sentraliteit van die Woord in alle byeenkomste (bv. vergaderings).

- Die stoflike karakter van *koinonia* moet as 'n voortvloeisel van geestelike *koinonia* gesien word. Daar waar mense geestelik een is, sal die natuurlike behoefte van 'n mens *om van hulp* te wees of *iets vir die Here te doen*, spontane uitdeel en ontvang van stoflike dinge tot gevolg hê. Hierdie gesindheid moet binne 'n gemeente geskep word as deel van die voorreg en deel van die verantwoordelikheid van elke kind van God. Lidmate moet daarom aangemoedig word om by gemeente-aksies en mekaar betrokke te raak.

- Lidmate moet gelei word om te verstaan dat elke gelowige in diens van Christus staan en dat die term *diakonia* nie net 'n verwysing na die ampswerk van die diakens is nie, maar in wese elke gelowige se dienswerk beskryf. Die Christelike geloof gaan nie alleen op in dogma nie, maar ook in dade. Die individu, met sy unieke gawes, moet deur middel van 'n "commitment" in die aktiwiteite van die gemeente ingeskakel word sonder dat dit lyk na 'n nakoming van wette.

- In die inisiëring en vestiging van betrokkenheid en deelname staan die diakens sentraal. Die fokus in die dienswerk van die diakens moet verskuif word vanaf armsorg en barmhartigheidsdiens na die aanmoediging tot spontane deelname en verhoging in betrokkenheid van die lidmate. In die eerste plek moet die diakens verseker dat almal in die gemeente aktiewe, geestelike *koinonia* ervaar. Hulle moet veral poog om – waar die geleentheid homself voordoen – die "onbetrokke" lidmate in te span om deur middel van *diakonia* na ander in die gemeente uit te reik. Die mekaar-bediening moet dus teruggeplaas word in die hande van die lidmate sodat daar ook in die stoflike minder diakonale "inmenging" plaasvind. Die lidmate moet spontaan na mekaar kan uitreik. Om hierdie wysigings te bewerkstellig, vra 'n herdefiniëring van die "eintlike werk" van die diakens. Dit vra ook na 'n nuwe model waarvolgens die ampswerk van die diakens ingerig kan word.

- Die rol van Handelinge 6 en die direkte lyne wat daarvandaan na die ampswerk van die diaken getrek word, vra herbesinning. Op die oomblik het die gevolgtrekkings wat uit Handelinge 6 gemaak is 'n negatiewe invloed op die amp van die diaken. Tot op hede is die "eintlike werk" van die diakens 'n vae, ongedefinieerde begrip. Daar word gepleit vir herbesinning van die bevestigingsformulier vir diakens. Die wysigings wat voorgestel word, skuif die fokus van die diakens (as kelners of tafelbediendes) na 'n diakonale gemeente – 'n geloofsgemeenskap wat dinamies die liefde van God na mekaar, maar ook na die wêreld, laat uitkring.

# HOOFSTUK 5
# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

## 5.1 INLEIDING

Met hierdie studie is gepoog om die verband tussen die terme *koinonia*, *diakonia* en *die ampswerk van die diaken* aan te toon.

Hoofstuk 1 het hoofsaaklik ten doel om die relevansie van die studie aan te toon. Die krimpende lidmaatgetalle binne die GKSA is aanduiding dat alles nie in orde is nie. Krimpende lidmaatgetalle dui in wese op 'n kwynende geloofsgemeenskap. Alhoewel verskillende faktore hiertoe kan aanleiding gee, moet dit tog gemeet word in die lig van die feit dat die Christelike geloof *per se* nie dieselfde tendens toon nie.

Die sentrale probleemstelling van die studie is:
Wat is die verhouding tussen die gemeenskap van die gelowiges en die dienswerk van die diakens gesien vanuit die perspektief van praktiese teologie?

Die individuele probleme wat in die oplossing hiervan ondersoek is:

- Wat leer die Skrif (gefokus vanuit Handelinge 6) oor die verhouding gemeenskap van die gelowiges en die dienswerk van die diakens?
- Hoe lyk die huidige praktyk in die gereformeerde kerke (gefokus op die GKSA): die verhouding gemeenskap van gelowiges en die dienswerk van die diakens?
- Watter riglyne kan vanuit die Skrif gebied word om die huidige praktyk te verstel en te reformeer?

Hierdie studie in die praktiese teologie is onderneem volgens die model van navorsing wat deur Zerfass (1974:164-177) ontwerp is. Hiervolgens is basisteoretiese beginsels uit die Skrif en die kerkgeskiedenis vasgestel (hoofstuk 2). Daarna is die metateoretiese perspektiewe geformuleer vanuit literatuur van die sosiologie en maatskaplike werk asook 'n empiriese studie om die praktyk te ondersoek (hoofstuk 3). Uiteindelik is, deur middel

van 'n hermeneutiese wisselwerking (tussen basisteorie en metateorie), 'n nuwe of verstelde teorie daargestel om sodoende 'n nuwe praktykteorie te ontwerp (hoofstuk 4).

Die basisteoretiese ondersoek is in hoofstuk 2 gedoen, en wel soos volg:

- 'n Woordstudie van die terme *koinonia*, *diakonia* en *diakonos* (vgl. 2.2.1).
- Die gebruik van die terme in die Ou Testament is nagegaan (vgl. 2.2.2.1.4).
- Die gebruik van die terme in die Nuwe Testament is nagegaan (vgl. 2.2.2.2.5).
- Die toepassing van Handelinge 6 en die instelling van die diakenamp is nagegaan (vgl. 2.3.3).
- Die keuse van Sewe Griekse manne is nagegaan (vgl. 2.3.1).
- Die gebruik van die terme in die kerkgeskiedenis en kerklike tradisie is nagegaan (vgl. 2.4). In hierdie verband is gekyk na die Middeleeuse verval en die diakonaat in Rome; die diakonaat in Klein-Asië en Noord-Afrika; die diakonaat in die Middeleeue; die Reformasie met die sienings van Luther, Calvyn en andere; en die ontwikkeling in die tydperk na Calvyn tot vandag.

Die volgende basisteoretiese beginsels is hieruit vasgestel (vgl. 2.6):

- *Koinonia* is 'n term wat die assosiasie tussen mense beskryf wanneer God hulle in verhouding met mekaar plaas. *Koinonia* word sigbaar wanneer gelowiges as 'n unieke gemeenskap geestelik en stoflik mededeelsaam is. Gemeenskap met God lei tot 'n spontane gemeenskap tussen gelowiges. Verbreking van die spontane gemeenskap tussen gelowiges (soos in die Middeleeue) lei tot 'n verwarring in die verstaan van die terme.
- *Diakonia* is 'n doelbewuste deelname en bewerking aan die geloofsaktiwiteite met die doel om by te dra of hulp te verleen om *koinonia* (gemeenskap) te bewerk. *Diakonia* verg inspanning. *Diakonia* kan spontaan of gereguleerd wees.
- *Diakonos* is 'n beskrywing van 'n gelowige wat in gemeenskap met God, in diens van God tot diens en hulp van medegelowiges optree. 'n *Diakonos* kan amptelik of nieamptelik optree tot geestelike en stoflike voordeel van ander gelowiges (en niegelowiges).

- Handelinge 6 kan nie sonder twyfel beskou word as die *locus classicus* vir die instelling van die diakenamp nie. Hier is wel 'n *prototipe* amp wat daarop gerig is om deur *diakonia* die *koinonia* te herstel. Die "sewe" in Handelinge 6 kan moontlik ook 'n simboliese waarde hê. Sewe Grieke dui moontlik daarop dat die rede vir hulle aanstelling baie spesifiek was.

Die metateoretiese ondersoek is in hoofstuk 3 gedoen, en wel soos volg:

- Sosiologie en maatskaplike werk is (d.m.v. 'n literatuurondersoek) as hulpwetenskappe nagegaan om aan te toon dat die gemeenskap van gelowiges in 'n sekere mate as 'n sosialiseringsaksie gesien kan word (vgl. 3.2.3). Die verband tussen maatskaplike werk en die dienswerk van die diaken is ook aangedui, alhoewel daar ook duidelike verskille aangetoon is (vgl. 3.3.1).

- 'n Literatuurstudie is gedoen oor die ontwikkeling van die verhouding gemeenskap van gelowiges en die dienswerk van die diakens in die GKSA van 1927-1979 (vgl. 3.4.2).

- Perspektiewe op die hedendaagse toepassing van die terme is nagegaan (vgl. 3.5.1).

- Die toepassing en verstaan van die terme binne die GKSA is deur middel van 'n empiriese studie nagevors (vgl. 3.7.5). Daar is van 'n kwalitatiewe metode gebruik gemaak waar daar persoonlike onderhoude met vooraf gestruktureerde vraelys met lidmate van 'n semi-stadsgemeente en 'n plattelandse gemeente gevoer is. Dieselfde vraelys is elektronies deur lidmate van 'n stadsgemeente ingevul (vanweë die demografiese verspreiding en beperkte tyd beskikbaar deur stadslidmate). In totaal is daar met 21 lidmate uit drie gemeentes onderhoude gevoer.

Die volgende perspektiewe het uit die metateoretiese ondersoek aan die lig gekom:

- Daar is 'n duidelike band tussen die sosiologie en praktiese teologie. Die term *koinonia* kan vergelyk word met die begrip *sosialisering* in die sosiologie . In 'n

sosiale groep word die dinamika en sukses van die groepsaktiwiteit bepaal deur die dinamiese deelname van elke lid van die groep. Net so word die dinamika en sukses van die geloofsgemeenskap bepaal deur die mate van godsdienstige sosialisering en deelname aan die geloofshandelinge (vgl. 3.2.3; 3.3.1).

- Beide wetenskappe bevestig dat die mens 'n behoefte het *om te behoort aan* – en daarom neem hulle deel aan groepsaktiwiteite.
- Hierdie sosiale behoefte van die mens is bevestig deur die empiriese studie, omdat dit duidelik aan die lig gekom het dat mense graag interaksie met mekaar wil hê en die behoefte het om na mekaar uit te reik (vgl. 3.7.5).
- Die teologiese term *koinonia* is 'n vae begrip wat deur die meeste mense beskou word as 'n versamelnaam vir die groep mense binne die kerk en iets soortgelyk aan 'n sosiale groep waarin daar van tyd tot tyd gemeenskaplike aktiwiteite voorkom en waarvan die voordeel meestal fisies (stoflik) van aard is (vgl. 3.7.5).
- Die erediens is beskryf as die aktiwiteit waar die gemeenskap van gelowiges die beste tot uitrukking of belewing kom. Die hoofrede is dat daar gesamentlik (as groep) aktiwiteite tot eer van God plaasvind. Voorts is daar die gevoel dat dit 'n aktiwiteit is waar mense na mekaar uitreik (vgl. 3.7.5).
- Twee eredienste per week is as onvoldoende aktiwiteite beskou om die gemeenskap van gelowiges te ervaar. Hieruit blyk dit dat die liefde vir Christus en die liefde vir mekaar, wat as belangrike gemeenskaplikhede vir 'n gemeente geïdentifiseer is, nie genoegsame elemente is in die belewing van die gemeenskap van gelowiges nie. Ewe belangrike elemente vir die belewing van gemeenskap van gelowiges is sekuriteit, geborgenheid en die gevoel om *te behoort aan* (vgl. 3.7.5).
- *Diakonia* is daarin geleë om deel te neem aan die erediens en om na mekaar uit te reik – meestal in die vorm van fisiese hulpbetoon. Gelowiges voel meer deel van die groep (gemeente) as hulle *iets vir die Here kan doen*. Waar mense *niks doen nie,* nie betrokke is nie, laat dit hulle voel asof hulle passasiers op 'n boot is eerder as soldate op 'n oorlogskip (vgl. 3.7.5).
- Daar is ook 'n baie duidelike band tussen maatskaplike werk en die ampswerk van die diaken. Die raakvlakke bestaan daarin dat maatskaplike werk ten doel het om mense so te help dat hulle effektief binne hul sosiale groep kan funksioneer. Die

werk van die diakens het ook 'n dienskarakter om mense in staat te stel om te midde van negatiewe omstandighede normaal te kan funksioneer. Ongelukkig is die ampswerk van die diakens verskraal tot armsorg, wat later "die diens van barmhartigheid" genoem is. Dit het diakens (en die diakens alleen) laat fokus op diegene met stoflike (fisiese) nood. Hierdie verskraling het gelei tot 'n algehele verwarring oor die "eintlike" dienswerk van die diakens. Wie die diakens is en wat hulle veronderstel is om te doen, is steeds ongedefinieerde en onbegrensde terme in die GKSA (vgl. 3.7.5).

- Die dienswerk van die diakens word deur die lidmate gesien as die versorgers van die armes. Hulle moet vir middele kollekteer en dit ook uitdeel. Hulle huisbesoeke word dikwels gesien as doelloos en eintlik kan enigiemand anders enige van die take van die diakens oorneem (uitgesluit sensitiewe, persoonlike sake) (vgl. 3.7.5).
- Diakens word ook – soos "gewone" lidmate – gemotiveer deurdat hulle *iets vir die Here doen* (vgl. 3.7.5).

Die gevolgtrekking wat uit hoofstuk 2 en 3 gemaak is, is dat daar leemtes in die praktyk (hoofstuk 3) bestaan wat veroorsaak dat die praktyk nie met die teorie (hoofstuk 2) ooreenstem nie.

Hoofstuk 4 poog om sekere praktykteoretiese riglyne daar te stel met die doel om die praktyk (hoofstuk 3) nader aan die teorie (hoofstuk 2) te bring. Die oorkoepelende praktykteoretiese riglyne, na aanleiding van elkeen van die basisteoretiese beginsels, is soos volg saamgevat.

- Die geestelike karakter van *koinonia* moet een van die wesenskenmerke van elke gemeente wees. Geestelike gemeenskap met God en met medegelowiges moet doelgerig nagestreef word. Hierdie geestelike gemeenskap kan op verskeie maniere aangemoedig, gevestig en versterk word. Die belangrikste bydraende faktore is die deelname aan die erediens, Woordverkondiging, kategese, Bybelstudies, huisgodsdiens, persoonlike godsdiens en die sentraliteit van die Woord in alle byeenkomste (bv. vergaderings) (vgl. 4.2.1.3.2).

- Die stoflike karakter van *koinonia* moet as 'n uitvloeisel van geestelike *koinonia* gesien word. Daar waar mense geestelik een is, sal die natuurlike behoefte van 'n mens *om van hulp* te wees of *iets vir die Here te doen*, spontane uitdeel en ontvang van stoflike dinge tot gevolg hê. Hierdie gesindheid moet binne 'n gemeente geskep word as deel van die voorreg en verantwoordelikheid van elke kind van God. Lidmate moet daarom aangemoedig word om by mekaar en alle gemeente-aksies betrokke te raak (vgl. 4.2.2.3.2).

- Lidmate moet gelei word om te verstaan dat elke gelowige in diens van Christus staan en dat die term *diakonia* nie net 'n verwysing na die ampswerk van die diakens is nie, maar in wese elke gelowige se dienswerk beskryf. Die Christelike geloof gaan nie alleen op in dogma nie, maar ook in dade. Die individu, met sy unieke gawes, moet deur middel van 'n "commitment" in die aktiwiteite van die gemeente ingeskakel word sonder dat dit lyk na 'n nakoming van wette (vgl. 4.2.2.3.2).

- In die inisiëring en vestiging van betrokkenheid en deelname staan die diakens sentraal. Die fokus in die dienswerk van die diakens moet verskuif word van armsorg en barmhartigheidsdiens na die aanmoediging tot spontane deelname en verhoging in betrokkenheid van die lidmate. In die eerste plek moet die diakens verseker dat almal in die gemeente aktiewe, geestelike *koinonia* ervaar. Hulle moet veral poog om – waar die geleentheid hom voordoen – die "onbetrokke" lidmate in te span om deur middel van *diakonia* na ander in die gemeente uit te reik. Die mekaar-bediening moet dus teruggeplaas word in die hande van die lidmate, sodat daar ook in die stoflike minder diakonale "inmenging" plaasvind. Die lidmate moet spontaan na mekaar kan uitreik. Tweedens vra hierdie wysigings 'n herdefiniëring van die "eintlike werk" van die diakens. Dit vra ook na 'n nuwe model waarvolgens die ampswerk van die diakens ingerig kan word (vgl. 4.2.3.3.1).

- Die rol van Handelinge 6 en die direkte lyne wat daarvandaan na die ampswerk van die diaken getrek word, vra herbesinning. Op die oomblik het die gevolgtrekkings wat uit Handelinge 6 gemaak is negatiewe invloed op die amp van die diaken. Tot op hede is

die "eintlike werk" van die diakens 'n vae ongedefinieerde begrip. Daar word gepleit vir herbesinning van die bevestigingsformulier vir diakens. Die wysigings wat voorgestel word, skuif die fokus van die diakens (as kelners of tafelbediendes) na 'n diakonale gemeente – 'n geloofsgemeenskap wat dinamies die liefde van God na mekaar, maar ook na die wêreld, laat uitkring (vgl. 4.2.4.2).

## 5.2 FINALE GEVOLGTREKKING

Die studie toon duidelik aan dat daar 'n baie noue verband tussen *koinonia* (die gemeenskap van die gelowiges) en *diakonia* (waaronder die dienswerk van die diakens) bestaan.

*Koinonia* is in die eerste plek geestelike gemeenskap met God, maar in die tweede plek ook geestelike gemeenskap met medegelowiges. Gemeenskap met medegelowiges dus hou veel meer in as bloot stoflike gemeenskap (armsorg en barmhartigheid).

*Koinonia* is 'n wesenskenmerke van die kerk. *Koinonia* is die uitdrukking van die unieke verhouding wat tussen God en gelowige en gelowiges onderling bestaan. Die hoofdoel van die predikant en ouderlinge is: om elke gelowige te lei na 'n intieme persoonlike geloofsverhouding met God. Die hoofdoel van die diakens is: om elke gelowige te lei na 'n intieme en persoonlike geloofsverhouding met ander gelowiges.

*Diakonia* is ook 'n wesenskenmerk van die kerk. Die diakens moet die lidmate tot *diakonia* oproep en aanwakker. Hulle moet geleenthede skep waarin gelowiges by mekaar betrokke gemaak kan word. Die diakens moet die gelowiges hierin voorgegaan en toerus. Die *eintlike werk* van die diakens kan dus gesien word as die inisiëring en instandhouding van *koinonia*- geleenthede deur die gelowiges aan te moedig tot *diakonia*. *Diakonia* is daarom 'n term wat nie limitatief tot die dienswerk van die diakens gebruik moet word nie.


Omdat die terme *koinonia* en *diakonia* onlosmaaklik aan mekaar verbind is, moet die diakens in hulle dienswerk voortdurend daarna streef om die dienskarakter van die

gemeente op te bou en uit te brei sodat die geloofsverhouding met God en met mekaar tot voordeel van mekaar en tot eer van God kan strek.

Hierdie *driehoek bedieningsmodel* kan as volg grafies voorgestel word:

**Die dinamiese gebruik van elke geleentheid deur die diakens om die gelowiges te lei:**

## NADER AAN GOD
## en
## *NADER AAN MEKAAR*




**Diakens** moet in hul dienswerk fokus op die individu, maar gerig wees op die totale gemeenskap van gelowiges.

- Die individu (A) moet vanuit sy geloofsverbintenis met Christus, gelei word om ook doelbewus in 'n verhouding (in liefde) met medegelowiges (B) te leef.
  - Hoe nader gelowiges aan God gebring word deur die bediening van die predikant en die ouderlinge, hoe nader sal (behoort) hulle ook aan mekaar te leef (X-Y). Geestelike koinonia bevorder onderlinge meelewing en diakonia (en andersom).
  - Die liefde vir Christus (eenheid in die geloof) moet elke lidmaat spontaan na 'n ander laat uitreik (ook al is daar sosiale, finansiële en intellektuele verskille).
- Die diakens moet die geleenthede vir hierdie onderlinge meelewing (koinonia) skep en mense se ywer om iets *vir die Here* te doen (diakonia), gebruik om hul betrokke te maak in die lewens van medegelowiges. Sodoende word alle gelowiges toegerus vir hulle dienswerk.

So 'n model vra: **Diakens wat naby God leef.**

- Nie uit twee monde praat nie,
- Nie aan drank verslaaf nie,
- Nie op oneerlike winsbejag uit is nie,
- Nie skinder nie,
- Wat nugter en betroubaar is,
- Wat self hul eie gesinne goed kan beheer,
- Wat opreg aan die geopenbaarde waarheid van die geloof (Jesus Christus- 1 Tim. 3:16) vashou.

## 5.3 TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK

- Die sentraliteit van die kommunikatiewe handelinge van die diakens in die gemeente: hoe dit binne en buite die erediens funksioneer.
- Die toerusting van diakens (in die eerste plek) en lidmate in die diakonaat.
- Die kenmerke van 'n ware diakonale gemeente.
- Die rol van die predikant en ouderling in die skepping van koinonia.
- Die eksegetiese perspektiewe uit Handelinge 6 met betrekking tot die instelling van die dienswerk van die diakens soos dit vervat is in die Bevestigingsformulier vir diakens.

# UITTREKSEL

**Die verhouding tussen die *gemeenskap van die gelowiges* en die *dienswerk van die diakens* is in hierdie Prakties Teologiese studie ondersoek met spesifieke verwysing na die *"Sewe"* (Handelinge 6).**

Die probleemstelling vir hierdie studie is geleë in die verhouding tussen die gemeenskap van gelowigs en die dienswerk van die diakens. Die doel was om die noue verhouding tussen die terme *koinonia* en *diakonia* aan te toon. In hierdie Prakties Teologiese studie is van die metode van Zerfass gebruik gemaak. By wyse van 'n literatuurondersoek is daar basisteoretiese beginsels bepaal, wat deur 'n hermeneutiese wisselwerking met die metateoretiese perspektiewe gelei het tot die daarstelling van praktykteoretiese riglyne.

In Hoofstuk 2 is basisteoretiese beginsels vanuit die Skrif en literatuur geformuleer. Die betekenis van die terme *koinonia, diakonia* en *diakonos* is in die literatuur nagegaan asook die Ou en Nuwe Testamentiese gebruik van die terme. Daar is op hierdie punt ook gefokus op Handelinge 6 as *locus classicus* vir die instelling van die diakenamp met spesifieke verwysing na die "Sewe". Die gebruik van die terme in die kerkgeskiedenis en die kerklike tradisie is deur middel van 'n literatuurstudie nagevors waarna die toepassing en gebruik van die terme in die GKSA aan die orde gestel.

In Hoofstuk 3 is metateoretiese perspektiewe saamgestel deur van die hulpwetenskappe *Sosiologie* en *Maatskaplike Werk* te gebruik. Die ooreenkomste is aangetoon. 'n Empiriese studie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het aangetoon dat die terme *koinonia, diakonia* en die ampswerk van die diakens onbekende en onbegrensde terme is.

In Hoofstuk 4 is praktykteoretiese riglyne gegee na aanleiding van die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese perspektiewe.

Die finale gevolgtrekking in Hoofstuk 5 het beklemtoon dat daar 'n baie nou verband tussen die gemeenskap van die gelowiges en die dienswerk van die diakens bestaan. Die verhouding tussen gelowiges, spruit voort uit hul verhouding met God en mense wat graag *vir die Here* iets wil doen, moet deur die diakens toegerus en betrek word dat hulle in hul ywer, mekaar bedien. Hierdie *diakonia* moet dus tot, en deur, stigting van die *koinonia* plaasvind. In die praktyk hiervan is die "eintlike werk" van die diakens opgesluit.

# ABSTRACT

**The relation between the community of believers and the service of the deacons is studied in this Practical Theological study with specific reference to the "Seven" (Acts 6)**

The problem statement for this study is found in the relation between the community of believers and the service of the deacons. The aim of the study was to show the close relation between the terms koinonia and diakonia. In this Practical Theological study the method of Zerfass was used. By means of a literature search basis-theoretical principles were formulated. Through a hermeneutical interaction between the basis-theoretical principles and the meta-theoretical perspectives new practical-theoretical guidelines were established.

In Chapter 2 basis-theoretical principles were formulated from Scripture and other literature. The meaning of the terms *koinonia, diakonia* and *diakonos* were traced as well as the use of the terms in the Old and New Testaments. With regard to this matter the focus was on Acts 6 as *locus classicus* for the institution of the office of deacon with special reference to the "Seven". The use of the terms in the church history and the church tradition is studied by way of literature studies, after which the use and application of the terms in the Reformed Churches of South Africa are discussed.

In Chapter 3 the metatheoretical perspectives were compiled through study of the sociology and social welfare as ancillary subjects. The similarities were indicated. An empirical study in the Reformed Churches of South Africa showed that the terms *koinonia, diakonia* and the service of the deacons were undefined.

In Chapter 4 some practical-theoretical guidelines were given with reference to the hermeneutical interaction between the basis-theoretical principles and the metatheoretical perspectives.

The final conclusion in Chapter 5 stressed the close connection and relation between the community of believers and the service of the deacons. The relationship between believers, stems from their relationship with God. Therefore people who would earnestly like to do something for God, should be guided, equipped and involved by the deacons to serve each other. This *diakonia* must, in turn, serve to initiate and stimulate *koinonia*. In the practical implementation of this, the office of the deacon finds its niche.

# SLEUTELTERME / KEY WORDS

| SLEUTELTERME | KEY WORDS |
|---|---|
| Koinonia | Koinonia |
| Gemeenskap van gelowiges | Community of believers |
| Liefdesgemeenskap | Loving community |
| Diakonia | Diakonia |
| Diakonos | Diakonos |
| Amp van die diaken | Office of the deacon |

# BIBLIOGRAFIE


ANON. 1998. Vernuwende denke oor die werk van die diaken. *Die Hervormer*, 91:8, p.5.

BUCHANAN, D. & HENDRIKS, J. 1995. Meeting the future. Christian leadership in South Africa. Randburg : Knowledge Resources.

BURGER, C, 1991. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Nuut gedink oor gemeentes. Kaapstad : Lux Verbi.

BURGER, C. 1995. Gemeentes in transito. Lux Verbi : Kaapstad.

CALVYN, J., SIMPSON, H., vertaal deur, & BRINK, C.M.M., v. d. (1998, c1991). *Institusie van die Christelike godsdiens*. Potchefstroom: Calvyn-Jubileum boekefonds.

COETZEE, J.C. 1967. Enkele Skrifgegewens oor die Diakenamp. *In die Skriflig*, 1(4):44-63, Aug./Sep.

COETZEE, J.C. 1969. Stoflike versorging in die Nuwe-Testamentiese kerk: waarheen lei dit ons in ons ondersoek na die diakenamp? *In die Skriflig*. 3 (9) : p.27 - 37, Feb./Mrt.

CURRAN, J. 1977. Introductory Sociology. A basic self-instructional guide. New York : McGraw-Hill.

DE KLERK, J.J. 1986. Die *koinonia*le aard van die gemeente. Die diakonaat en die gemeenskap van die heiliges. In *Diakonia* en *Koinonia*. Pretoria : AKDB.

DREYER, T.F. 2003. Die rol van die gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges in begeleiding tot belydenisaflegging. Potchefstroom : PU vir CHO (Skripsie – M.Th.).

DU BOIS, B & MILEY, K.K. 2002. Social Work: an empowering profession. Boston, Mass. : Allyn and Bacon.

ELS, J.M. 2001. Grieks-Afrikaanse woordeboek met Strong se numering. Johannesburg : Logos Information Systems.

FEDERICO, R.C. 1990. Social Welfare in today's world. New York : McGraw-Hill Publishing Company.

FLOOR, L. 1976. Memorandum op die beswaarskrif oor die diakenamp. *In die Skriflig*, 37:34 - 40, Mrt.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1964. Agenda van die vyf en dertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1964. Handelinge van die vyf en dertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1970. Agenda van die sewe en dertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1970. Handelinge van die sewe en dertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1973. Handelinge van die agt en dertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1982. Handelinge van die een en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2004. Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : D.Com.

HARRIS, R. L. 1999. *Theological wordbook of the Old Testament*. Chicago, Ill. : Moody Press.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology: history, theory, action domains. Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids, MI : Eerdmans.

HELBERG, J.L. 1976. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Vol. 1. Potchefstroom : Pro Rege.

HENDRIKS, H.J. en LUDICK, C.B. 1993. Koinonia in die stad: verhoudinge in die groter stadsgemeentes van die gereformeerde kerke. *Hervormde Teologiese Studies*, 49(4):810-822, November.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste tree in die Praktiese Teologie. Pretoria : Gnosis.

HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek van die "mekaar"-opdragte in die *corpus paulinium* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.).

KITTEL, G. 1995, c1985. *Theological dictionary of the New Testament*. Translation of: Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament. (Pages 249-251). Grand Rapids, Mich : Eerdmans.

LEUSCHNER, F.W. 2001. Die erediens as instrument in gemeentebou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – Th.M.).

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol.1. New York : United Bible Societies.

MORRIS, R. 1986. Rethinking social welfare: why care for the stranger? White Planes, New York : Longman.

O'DONNEL, G. 2002. Mastering Sociology. Hampshire : Palgrave.

OOSTHUIZEN, A. 1995. Gemeentediakonaat as plaasvervanger vir staatsondersteunde sinodale barmhartigheidsdiens in die Ned. Geref. Kerk. Acta Theologica, 15:2, p.50-65.

ORR, J., M.A., D.D. 1999. The International standard Bible encyclopedia: 1915 edition (J. Orr, Ed.). Albany, OR : Ages Software.

PANNENBERG, W. 1989. Christianity in a secularised world. London : S.C.M. Press.

PIETERSE, H. 1993. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria : RGN Uitgewers.

PSALMBOEK, 2001. Die Berymde en omdigde Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington : NG Kerk-Uitgewers.

RICHARDS, L.O. 1981. The new face for the church. Grand Rapids : Zondervan.

S.A. BYBELVERENIGING. 1936. Die Drie Formuliere van Enigheid en die Liturgie. Kaapstad : Naspers.

SCHWARZ, C.A. 1996. Natural Church Developement. ChurchWise : Randhart (SA).

SMIT, J. 2002. Die diakens dinamies op koers. *Die Hervormer*, 95:8, p.1, Jul 15.

SPOELSTRA, B. 1969. Geskiedenis van die diakenamp tot voor die Reformasie. *In die Skriflig*. 3 (9):1-16, Feb./Mrt.

SPOELSTRA, B. 1977. Die diens van die diaken vandag. *In die Skriflig.* 44:38-49, Mrt.

SPOELSTRA ,B. 1987. Die gestalte van die diaken na 125 jaar. *In die Skriflig.* 84:48-54, Des.

STARREVELD, J.C.L. 1991. *De diakonie in de negentiende eeuw.* (*In* Koole, D en Velema, W.H., reds. Zichbare liefde van Christus. Kampen : Kok. p.95-114).

STRONG, J. 1996. The exhaustive concordance of the Bible: Showing every word of the text of the common English version of the canonical books, and every occurrence of each word in regular order. (electronic ed.). Ontario : Woodside Bible Fellowship.

SWANEPOEL, A.C. 1996. Eietydse ampsbediening en bedieningstrukture vir ouderlinge en diakens in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 37:1, p.104-114.

SWANSON, J. 1997. Dictionary of Biblical Languages with Semantic Domains : Greek (New Testament) (electronic ed.). Oak Harbor : Logos Research Systems.

THOMPSON, N. 2000. Understanding social work. Hampshire : Palgrave.

THOMPSON, N. 2002. People Skills. 2nd ed. Hampshire : Palgrave.

VAN DER WALT, B.J. 1999. Godsdiens en Samelewing. Christelike betrokkenheid op die markplein. Potchefstroom : IRS.

VAN HEYNINGEN, C.J. 1996. Kleingroepe. As ruimte vir die funksionering van die amp van die gelowige. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – Th.B.).

VAN NIEUWENHUIZEN, P. 2002. Vakleerling of diaken? *Die Kerkblad* (GKSA), 105 (3136) : p.13-14, Julie 2002.

VAN SCHAIK, L. 2004. Wat sê die kerkstatistiek en wat sê ons? *Die Kerkblad* (GKSA), 106 (3158) : p.18-19, Januarie 2004.

VAN' T SPIJKER, W. 1991. *Historisch overzight. Vroege Kerk, Middeleeuwen en Reformatie.* (*In* Koole, D en Velema, W.H., reds. Zichbare liefde van Christus. Kampen : Kok. p.72-94).

VAN WYK, J.H. 1982. Diakonia en koinonia. *In die Skriflig.* 64 : 46 - 54, Des.

VELEMA, W.H. 1991. *Tussenbalans.* (*In* Koole, D en Velema, W.H.., reds. Zichbare liefde van Christus. Kampen : Kok. p.144-151).

VENTER, C.J.H. 1992. Diakoniologie en rasionaliteit: 'n verkenning. *In die Skriflig,* 26(1):29-51.

VENTER, C.J.H. 1996. 'n Teorie vir diakoniek: 'n Poging tot nuwe denke met besondere verwysing na die diakonaat en geregtigheid. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 11:1, 48-57.

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria : RGN.

VERWYSINGSBYBEL, 1983-vertaling. 2000. Band 1 en 2 in een volume. Bybelgenootskap van Suid-Afrika : Kaapstad.

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk nog funksioneel? Gedagtes oor Gereformeerde kerkvernuwing in 'n postmoderne konteks. Potchefstroom : PTP.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. *(In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Theologie heute. München : Kaiser. p.164-177.).